


'n MAATSKAPLIKEWERK-PROFIEL VAN PERSOONSONTBERING IN  
DIE SWARTLAND MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE GROTER  
CHATSWORTH-GEBIED



UNIVERSITY *of the*  
JURINE HENRY BLANKENBERG

'n MAATSKAPLIKEWERK-PROFIEL VAN PERSOONSONTBERING IN  
DIE SWARTLAND MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE GROTER  
CHATSWORTH-GEBIED



JURINE HENRY BLANKENBERG

Voorgelê ter gedeeltelike voltooiing van die vereistes vir  
die Magister Artium (Maatskaplike Werk) in die Departement  
Maatskaplike Werk Universiteit van Wes-Kaapland


UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

Studieleiers: Professor Adam Small  
Dr. Frans Kotze

UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

BELLVILLE

1997



VERKLARING:

Ek, Jurine Henry Blankenberg, verklaar hiermee dat die tesis getiteld: " 'n Maatskaplikewerk-Profiel van Persoonsontbering in die Swartland met spesifieke verwysing na die Groter Chatsworth-gebied", my eie werk is, dat dit nog nooit voorheen vir enige graad of eksamen by enige Universiteit voorgelê is nie, en dat die bronne wat gebruik of aangehaal is, aangedui of erken word deur volledige verwysings.

---

J.H. BLANKENBERG

---

DATUM

OPSOMMING

Hierdie skripsie wil die mens en sy ervarings, of dit wat hy binne 'n bepaalde gebied beleef, blootlê. Daarmee saam kom 'n duidelike teoretiese beskouing na vore om die persoon in sy gedepriveerde gemeenskap uit te beeld.

Die karakter van die gebied weerspieël die volgende kenmerke: Dit is landelik van aard, 'n beduidende afstand vanaf stedelike ontwikkeling geleë, en dit word as 'n "slaapdorp" ervaar. Histories word die gebied bykans 'n honderd jaar deur die inwoners en hul voorgeslagte bewoon, maar as gevolg van politieke rompslomp het ontwikkeling nooit werklik plaasgevind nie. Die probleme wat in die gebied tydens navorsing aanwesig was, is die volgende: Onvoldoende infrastruktuur, watervoorsiening is gebrekkig, riolering kom nie voor nie, gesondheidsdienste word periodiek gelewer, en werkseleenthede moet buite die gebied bekom word. Die hagleike woonomstandighede het die inwoners se lewensverwagting geaffekteer en ongelukkigheid meegebring.

Die doel van die navorsing is om 'n geheelbeeld te verkry van die gebied se probleme en behoeftes, hoe die inwoners daarvoor voel en wat die mense dink gedoen kan word om, ten spyte van die heersende probleme, hul lewensomstandighede te verbeter. Dit wil sê die ondersoek poog om te bepaal wat die werklike

lewensomstandighede van die mense in die Groter Chatsworth-gebied (Chatsworth en Riverlands gekombineerd) is.

'n Vraelys is gebruik en onderhoude is in groepsverband, asook met individuele persone gevoer. Die ondersoek was gedoen in die omgewing wat vir die respondente bekend is en waar hulle veilig voel. Die aspekte wat behandel was, was die mense se beskrywing van die effek van apartheid op hul persoon en lewensomstandighede, die effek van die afwesigheid van noodsaaklike dienste, die standaard en beskikbaarheid van gesondheidsdienste, die beskikbaarheid van onderwys, die effek van vervoer en ontspanningsgeriewe, die standaard van huisvesting, die beperkte finansiële bronne in die gebied, die ontwikkeling van die gebied, en die inwoners se gevoelens teenoor die Heropbou en Ontwikkelingsprogram. Die bespreking van genoemde aspekte was om vas te stel watter lewensomstandighede, onder andere, die mens se geluk en funksionering beïnvloed.

Hierdie wegbeweeg vanaf die tradisionele navorsingsmetode, oftewel Positivisme, na 'n meer Humanistiese siening, die Nuwe Paradigma navorsingsmetode, het geblyk 'n relevante navorsingsmetodiek te wees om die inwoners se gevoelens te bepaal. Die waarde van die wyse waarop die navorsing gedoen was, het nie net die mense se gevoelens na vore gebring nie, maar het ook tot selfontdekking by die navorser gelei. Hierdie

gedemokratiseerde navorsingsmetode het gevolglik daardie aspekte na vore gebring wat die gemeenskap werklik ervaar. Hieruit was vervolgens ook aanbevelings gemaak om die probleme aan te spreek. Indien die aanbevelings deur die gemeenskap geïmplimenteer word, behoort ontwikkeling op alle vlakke van die samelewing plaas te vind.



ABSTRACT

In this thesis the human being and his experiences, together with whatever he witnessed in a specific area is researched. Therewith comes an evident theoretical viewing to picture the person in his deprived community.

The character of this area features the following: It is rurally situated, within distance, from urban development and is experienced as a dormitory town; Historically the occupants and their ancestors have been living here for nearly a century; Due to political fuss, there has never really been any development.


The present problems in the area, during research, are as follows: Inadequate infrastructure; Water supply is insufficient; Sewerage system lacks; Health services are done periodically and job opportunities are offered outside the area; The precarious housing circumstances affected the community's living conditions and this caused much unhappiness.

The aim of the research was: to obtain a complete view of the area's problems and needs; ascertain how the community feel about it and what they thought could be implemented to improve their living conditions. This meant that the survey had to



determine the living conditions of the Greater Chatsworth (Chatsworth and Riverland combined) in reality.

Research was done by means of a questionnaire. People were interviewed individually as well as in groups. The research had been done in an area well-known to the respondents and also where they felt secure. The aspects dealt with were: the people's description of what the Apartheid Laws had on them personally and in their living conditions; the standard and availability of health services as well as formal education; the effect of transport and recreation facilities; the standard of accommodation; the limited financial source in the area; the development in the area in general and their feeling about the RDP.



The discussion of the mentioned aspects was to determine what had influenced the community's functioning and happiness.

This diverge from the traditional method of research, also known as Positivism, to a more Humanistical view, namely the New Paradigm Method of Research, appear to be a relevant research methodology to determine the feelings of the residents.

The quality of the method of research has not only discovered the emotions of the human being, but has led to self-discovery

by the researcher. Consequently, this democratic research pattern stressed the aspects which the community truly sensed. The community can therefore make recommendations to address their problems. If these recommendations are to be implemented by the community, development will take place on all levels of society, and it will still keep its historical character.



BEDANKINGS

Tydens die bestudering van die onderwerp, het ek diepe insig ontwikkel van die mens wie in armoede leef. Daarom wil ek vir die bereiking van hierdie stadium in my lewe God, die Almagtige, bedank vir die wysheid, kennis en voorreg aan my verleen om hierdie skripsie suksesvol te voltooi.

Gedurende die studietermyn het verskeie persone en instansies aan my die nodige ondersteuning gebied. In besonder wil ek my dank aan die volgende betuig:

Ek wil my vrou, Delilah, bedank vir die hulp, bystand en bemoediging wat sy gedurende die jare van studie aan my verleen het. Vir die geloof wat sy en my dogter, Marianne, in my gehad het om die studie suksesvol te voltooi.

Die dank kom ook my ouers en skoonmoeder toe vir die stille belangstelling en bemoediging tydens my jare van studie.

Verder wil ek my studieleiers, Professor Adam Small en Doktor Frans G. Kotze bedank. Die leiding van Professor Adam Small met my studies beskou ek as onmisbaar. Met sy hulp kon ek 'n werkstuk voortbring wat vir die Groter Chatsworth-gemeenskap tot voordeel kan wees. Die hulp van Doktor Frans Kotze met die finale afronding van die tesis sal my altyd bybly.

'n Spesiale dank gaan aan die Groter Chatsworth-gemeenskap vir

hul samewerking en ondersteuning tydens die tydperk van opname. Hiermee sonder ek mnr. Johannes Bruintjies, prinsipaal van Riverlands Primêre skool en mnr. Robert Solomon, raadslid van die gebied van navorsing uit. Die volgende instansies kan ek nie nalaat nie, naamlik: die kerkraad van die Verenigende Gereformeerde Kerk, skoolkomitee van die Riverlands primêre skool, die Bejaardesorg groep en die bestuur van die plaaslike kleuterskool.

Ek durf nie nalaat om my kollegas wat my tydens die jare van studie bygetaan het, te bedank.

Verder wil ek my waardering teenoor mnr. B.P.D. Gabriëls en mnr. B. Du Plessis uitspreek vir die taalkundige versorging van die tesis.

Laastens gaan my dank aan my werkgewer, die Provinsiale Administrasie Wes-Kaap, vir die finansiële hulp aan my verleen. Hiermee kan ek nog 'n mylpaal in my lewe bereik wat my verder instaat stel om 'n beter diens aan die kliëntesistiem te lewer.

## INHOUDSOPGAWE

(a) Verklaring	(i)
(b) Opsomming	(ii)
(c) Abstract	(v)
(d) Bedankings	(viii)

### HOOFSTUK EEN: PROBLEEMSTELLING EN METODOLOGIESE UITEENSETTING

1.1. Inleiding	1
1.2. Definisies	2
1.3. Probleemstelling	3
1.4. Navorsingsdoelstelling	4
1.5. Beskrywing van Navorsingsmetodologie	5
1.5.1. Positivisme en die Alternatief	6
1.5.2. Die "Nuwe Paradigma"-Benadering	11
1.6. Metodologiese Uiteensetting	14
1.7. Beperkinge van die Studie	16
1.8. Hoofstuk-Indeling	16

### HOOFSTUK TWEE: BEGRIPSOMSKRYWING

2.1. Inleiding	19
2.2. Die Konsep "Persoon"	20
2.3. Die Konsep "Ontbering"	45
2.3.1. Ontoeganklikheid van Bronne	47
2.3.2. Materiële Bronne	49
2.3.3. Geestelike Bronne	50

2.3.4. Apartheid as onderdeel tot Ontbering	51
2.4. Sameskouing van die begrip Persoon en Ontbering	53
2.5. Konklusie	55
HOOFSTUK DRIE: ARMOEDE EN GEMEENSAP BINNE 'N LANDELIKE KONTEKS	
3.1. Inleiding	58
3.2. Armoede	59
3.2.1. Definisie van Armoede	59
3.2.2. Meting van Armoede	68
3.2.3. Perspektiewe van Armoede	75
3.2.3.1. Kulturele Perspektief	76
3.2.3.2. Struktureel-Funksionele Perspektief	80
3.3. Historiese aspekte rondom Armoede by Kleurlinge	82
3.4. Definisie van Gemeenskap	91
3.5. Die Konsep "Gemeenskapswerk", "Gemeenskapsorganisasie" en "Gemeenskapsontwikkeling"	96
3.5.1. Die Konsep "Gemeenskapswerk"	96
3.5.2. Die Konsep "Gemeenskapsorganisasie"	98
3.5.3. Die Konsep "Gemeenskapsontwikkeling"	99
3.6. Geregtigheid in verband met 'n ordelike Samelewing	101
3.7. Landelikheid vs. Half-Landelikheid	107
3.7.1. Landelike Armoede	107

3.7.2. Half-Landelike Armoede	112
3.8. Konklusie	113
HOOFSTUK VIER: GEMEENSKAPSTUDIE VAN DIE GROTER	
CHATSWORTH-GEBIED	115
4.1. Inleiding	115
4.2. Ligging van die Gebied onder Bespreking	116
4.3. Historiese Perspektief	117
4.4. Bevolkingstendense	119
4.5. Die Uitoefening van Maatskaplike Geregtigheid	122
4.6. Ontwikkelingspotensiaal	123
4.7. Ingenieursdienste	125
4.8. Vervoerinfrastruktuur	127
4.9. Telekommunikasie	127
4.10. Behuising	128
4.11. Grondgebruike	128
4.12. Demografiese Inligting	129
4.13. Landbou	132
4.13.1. Klimaat	132
4.13.2. Grondkenmerke	132
4.13.3. Plantegroei	133
4.13.4. Landbouverwante Fasiliteite	133
4.13.5. Watervoorsiening	134
4.13.6. Omgewing	134
4.11. Konklusie	135

HOOFSTUK VYF: ONTLEDING VAN DATA VERKRY UIT ONDERSOEK	137
5.1. Inleiding	137
5.2. Verkryging van die Steekproef	137
5.3. Verloop van die Onderzoek	138
5.4. Ontleding van die Data	142
5.4.1. Die Effek van Apartheid	142
5.4.2. Noodsaaklike Dienste	150
5.4.3. Standaard en Beskikbaarheid van Gesondheidsdienste	154
5.4.4. Onderwys, Vervoer en Ontspanningsgeriewe	157
5.4.5. Standaard van Huisvesting	160
5.4.6. Finansiële Bronne	163
5.4.7. Negatiewe Aspekte Rondom Ontwikkeling	165
5.4.8. Maatskaplike Opheffing	167
5.4.9. Die Heropbou en Ontwikkelingsprogram	169
5.5. Samevatting	172
 HOOFSTUK SES: GEMEENSKAPSWERK AS NASTREWING VAN GERECHTIGHEID	 175
6.1. Inleiding	175
6.2. Keuses van Bemagtiging binne Gemeenskapswerk	175
6.3. Werking van Maatskaplike Werk Professie	177
6.4. Gemeenskapswerk as Integrale Deel van Gerechtigheid	179



6.5. Maatskaplike Werk in terme van Maatskaplike Geregtigheid	181
6.6. Geregtigheid as Morele Waarde in Maatskaplike Werk	184
6.7. Bemagtiging as Werktuig tot Geregtigheid	189
6.8. Sosiale Deelname as Instrument tot Volwasse-Opvoeding	191
6.9. Die Konsep "Bemagtiging"	198
6.9.1. Biografie	201
6.9.2. Mag	202
6.9.3. Politiek	203
6.10. Bemagtiging in terme van Geregtigheid	205
6.11. Ekonomiese Rasionalisme in Verhouding met Maatskaplike Dienste	205
6.12. Verskeie Tradisies van Maatskaplike Geregtigheid	207
6.13. Die Heropbou en Ontwikkelingsprogram as werktuig tot Bemagtiging	212
6.13.1. Ontstaan van H.O.P.	212
6.13.2. Beskrywing van Heropbou en Ontwikkelingsprogram	215
6.13.3. Die H.O.P. in die Wes-Kaapprovinsie	224
6.13.4. Die H.O.P. in Korrelasie met die Gebied van Navorsing	227
6.14. Konklusie	229

HOOFSTUK SEWE: SAMEVATTING (TEORETIESE BEGRONDING) EN AANBEVELING	231
BIBLIOGRAFIE	246
BYLAAG	258



HOOFSTUK EENPROBLEEMSTELLING EN METODOLOGIESE UITEENSETTING1.1. INLEIDING

Ontbering en armoede is 'n verskynsel wat wydverspreid in die Suid-Afrikaanse samelewing manifesteer. Maatskaplike werkers word daagliks daarmee gekonfronteer. In hierdie studie waar die persoon se blootselling aan soortgelyke omstandighede ondersoek word, berus dit nie net op objektiewe waarneming nie, maar word die navorser se jarelange ervaring van omstandighede wat die mens se persoonlikheid nadelig affekteer, ook inaggeneem.

Soos hierbo vermeld is die soort armoede waarmee die navorser in voeling is, beduidende ontbering wat die mense deurmaak omdat 'n gebrek aan noodsaaklike lewensmiddele voorkom. Hierdie gebrek aan lewensmiddele wissel van finansiële gebrek as gevolg van werkloosheid of lae besoldiging, swak behuisingstoestande, gebrekkige voorsiening van noodsaaklike middele soos water, riolering en gesondheidsdienste tot die voorsiening van veilige toestande en sekuriteit. Die belewenis van gebrek wat die inwoners in die gemeenskap ervaar, het noodgedwonge 'n effek op hul sielkundige ontwikkeling. Hierdie "produk" van "gemeenskapsbelewenis" word dan beskou as 'n gedepriveerde persoon omdat sy psigiese,

fisiiese, emosionele en maatskaplike behoeftes onbevredig bly.

Wat die empiriese werklikheid van die gebied van navorsing, naamlik die Groter Chatsworth betref, word daar gevind dat die mense oor die jare heen ontberings moes deurmaak wat hulle as persoon benadeel het. Die gebied kan hoofsaaklik as 'n slaapdorp beskou word. Aangesien dit nie duidelik sigbaar van die hoofroete, naamlik die N7, is nie kan dit net soos in die verlede maklik vergeet word. Ten spyte van die feit dat die inwoners en hul voorouers al vir bykans 'n eeu daar woon, het baie van hulle nog nie besitreg nie. Derhalwe was die inwoners deur die owerhede as plakkers beskou. Dit is ironies dat die kenmerk van 'n plakker gemeenskap teenwoordig was omdat geen infrastruktuur oor die grootste oppervlak voorkom nie. Die voorsiening van water, riolering en gesondheidsdienste is gebrekkig en sodoende die negatiewe omstandighede waaronder die inwoners leef konstateer. Dit is hierdie gedepriveerde lewensomstandighede wat die navorser tot nadere ondersoek aangespoor het.

## 1.2. DEFINISIES

By 'n studie van 'n Maatskaplikewerk-profiel van persoonsontbering binne 'n geïdentifiseerde gemeenskap moet verskeie sleutel konsepte bespreek word. Kern konsepte in die studie is onder meer "persoon", "ontbering", "armoede", "gemeenskap", "landelikheid", "gemeenskapswerk",

"gemeenskapsorganisasie" en "gemeenskapsontwikkeling". Hierdie konsepte word volledig in Hoofstukke Twee en Drie bespreek.

### 1.3. PROBLEEMSTELLING

Die oorwegende werklikhede wat die gebied kenmerk, is die gebrekkige infrastruktuur, die onsekerheid met betrekking tot grondbesit, die feit dat beperkte werksgeleenthede in die gebied voorkom, afwesigheid van ontspanningsgeriewe en gebrekkige voorsiening van water en gesondheidsdienste, sowel as die afwesigheid van riolering.

Die onsekerheid oor grondbesit het tot gevolg dat die inwoners tydelike strukture moes oprig of "risiko-bou" moes toepas, weens die gebrekkige infrastruktuur wat in die gebied voorkom. Hierdie omstandighede het magteloosheid ontketen en menige inwoner het gevolglik die gebied verlaat. Die voorkoms van werksgeleenthede net in Atlantis, Kaapstad en Malmesbury kenmerk die gebied as slaapdorp. Die afstande om by die werk te kom, het groot uitgawes tot gevolg wat verdere druk op die gesinsinkomste plaas. Die afwesigheid van ontspanningsgeriewe het 'n demoraliserende effek op die inwoners. Hul karakter word daardeur geskend en hulle ervaar dit as vernederend vir besoekers. Gebrekkige watervoorsiening, gesondheidsdienste en riolering ervaar die inwoners as skending van hul persoonlikheid. Dit is die

(4)

ontoeganklikheid van hierdie gemeenskapsbronne wat stremmend inwerk op die inwoners se gemoedstoestand en voortbestaan.

Vir die doeleindes van die studie sal tussen Chatsworth en Riverlands onderskei word. Die Riverlands woonbuurt word as gevolg van die gebrekkige infrastruktuur as 'n "informele nedersetting" bestempel. Hierdie toestand is histories van aard en het regstreeks en ook onregstreeks 'n invloed op die ontwikkeling van die gebied gehad. Die faktore wat in hierdie verband uitstaan, is Spoornet se vorige beleid asook die vorige regering se gesindheid teenoor die gemeenskap.

(Genoemde kenmerke word later meer volledig bespreek.) Die onsekerheid van die inwoners met betrekking tot hul vestiging en voortbestaan, het gevolglik hul waarde-oriëntasie en ook die ekonomiese vooruitgang wat die gebied kan bied, beïnvloed. In teenstelling daarmee vertoon Chatsworth woonbuurt se infrastruktuur beter maar sommige dienste word ewewigtig ervaar.

Dit is die kontak met hierdie tipe landelike armoede wat die navorser aangegryp het. Dit sal gevolglik in hierdie geval bepalend wees dat die gemeenskap op alle vlakke behoort te ontwikkel.

#### 1.4. NAVORSINGSDOELSTELLING

Die navorser het met hierdie studie die volgende ten doel:

(5)

- (a) Om 'n spesiale studie te maak van armoede en persoonsontbering;
- (b) Om op 'n spesifieke gemeenskap (Groter Chatsworth) te konsentreer as 'n gevallestudie;
- (c) Om 'n geheelbeeld van die gebied se probleme en behoeftes te verkry;
- (d) Die menings van inwoners te verkry oor hul omstandighede en wat die mense dink gedoen kan word om hul lewensomstandighede te verbeter;
- (e) Om die effek wat die heersende probleme op die mense het en die hantering van hul gevoelens met inagneming van hul tekortkominge, te bepaal.

Ter bereiking van die doelstellings word die onderwerp op twee maniere benader, naamlik 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek.

#### 1.5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die konsep "persoon" dui op "volle menslikheid", sodat die metode een moet wees wat menswees in so'n volle sin van die woord kan ondersoek. Dus wend navorser hom tot 'n "humanistiese" benadering soos deur "nuwe paradigma" navorsingsmetodologie aan die hand gedoen word. Alvorens genoemde navorsingsmetodologie beskryf word, is dit nodig dat

eers na die positivisme en humanisme gekyk word.

#### 1.5.1. POSITIVISME EN DIE ALTERNATIEF

In navorsingsliteratuur word die belangrikheid van die positivistiese uitgangspunt beklemtoon en as 'n aanvaarde wyse van ondersoek beskou. Deur dit so aan te neem, is dit nie minder as reg aangesien dit as basis tot navorsing in die natuurwetenskappe erken word. Die vraag is, is die positivistiese manier van navorsing altyd relevant vir 'n ondersoek binne die sosiale wetenskappe of moet aanpassings gemaak word. In hierdie verband probeer die navorser 'n alternatief tot die tradisionele manier van navorsing ondersoek.

In die beskrywing van die positivisme volgens die doktrine van Comte, vorm "the Law of three stages" die basis. Die drie stadiums van ewolusie wat deur hom onderskei word, is die volgende: die teologiese stadium, die metafisiese stadium en die positiewe stadium (Comte, 1974:26). Met hierdie beskouing vermeld Comte dat alle samelewings deur drie stadiums van sosiale en politieke ontwikkeling gaan. Die eerste stadium, ook die teologiese stadium genoem, word deur die teoloë en militêre, met die familie as die basiese sosiale eenheid en die klassieke oudheid gedomineer. Die tweede stadium, oftewel die metafisiese stadium, word deur die juriste en die kerk gedomineer en is gelykstaande tot die middeleeue en



Renaissance met die staat as die basiese eenheid van menslike samelewing. Laastens, is dit die positiewe stadium wat Comte en Saint-Simon help vestig het. Hierdie stadium was veronderstel om deur voorste wetenskaplikes en navorsers, met 'n menslike inslag, bestuur te word (Comte, 1974:v-vi).

Hierdie ontwikkeling van "the Law of three stages" het deurgaans te make gehad met die sosiale en politieke verandering tydens Comte se leeftyd, te wete die begin van die Franse revolusie in 1789. Dit was duidelik dat die milieu 'n invloed op sy denke gehad het. Comte het in daardie tyd van onsekerheid 'n nuwe sosiale orde en ook die vooruitgang van samelewings wat deur die Franse revolusie benadeel was, beklemtoon. Daarom het hy 'n nuwe teoretiese wetenskap geskep wat met die positivistiese wysbegeerte geïdentifiseer kon word (Timashef en Theodoreson, 1976:17).

In wese is die posivistiese filosofie gegrond op die fenomenologiese doktrines. Dit is duidelik begaan oor die wette van die natuur en sinspeel op die sensoriese gewaarwordinge (Reason en Rowan, 1981:3). In beginsel is die logiese struktuur en empiriese inhoud van die navorsingsproses belangrik, maar dit is duidelik dat binne die konteks van die positivistiese navorsingsproses belangrike inhoud geïgnoreer word. Die "menslike-faktor" word 'n groot mate buite rekening gelaat omdat 'objektiwiteit' en die 'ontslae raak' van

vooroordele die metodologie kenmerk. Ten spyte daarvan is dit onafwendbaar dat die navorser se kulturele agtergrond en vooroordele die uitkoms van die ondersoek kan beïnvloed.

Die humanisme teenoor die positivisme hou direk verband met die tydsbepaling binne die geskiedenis waar verandering in die mens se denkpatrone voorkom. Hier verwys die navorser na Fritjof Capra waar hy verklaar dat die nuwe siening oor die fisiese heelal - nie die mistieke - aan die begin van die eeu nie maklik vir die wetenskaplikes was om te aanvaar nie. Capra meld in die verband:

In their struggle to grasp their new reality, scientists became painfully aware that their basic concepts, their language and their whole way of thinking were inadequate to describe atomic phenomena. Their problems were not merely intellectual but amounted to an intense emotional and, one could say, even existential crisis, but in the end they were rewarded with deep insights into the nature of matter and its relation to the human mind,...(Capra, 1983/87:xvii).

Die "pynlike bewuswording" waarna Capra verwys, is die onvermoë van die tradisionele navorsingsmetodes om antwoorde vir die hedendaagse problematiek te verskaf.

In navorser se verwysing na die positiewe stadium van die positivisme, na aanleiding van Comte se doktrine, is rede en waarneming die basis waarop die verkryging van kennis berus. Hierdie empiriese werklikheid wat met objektiwiteit gepaard gaan, kom neer op die depersonalisering van die navorser as persoon in sy selfbeskouing as 'n objek. Weens die tekortkominge van die positivisme, pleit Adam Small vir 'n humanistiese benadering tot die beskouing van die mens. Hy sê in die verband:

It is intended simply to signify an "integrated" human experience, an experience of oneself as a "whole" in the sense of a falling together of "body", "mind", "intellect", "soul", what have you. Clearly, I am searching for formulations that can most adequately put forward "reality" from the perspective of "the humanist alternative".

Positivism has been the overwhelming mode of things for so long - [of academic things too] - and for long we have been insidiously swamped, as well as overtly browbeaten, by its manners in general, including, of course, its nomenclature (Small, 1988:2).

Met inagneming van die voorkoms van sosiale ewolusie, soos ondersteun deur Small, wil dit voorkom of die tyd aangebreek het dat 'n alternatief vir die positivisme, op die huidige

stadium noodsaaklik is. Daarom ondersteun navorser die humanistiese alternatief in die konteks dat die navorser die geleentheid gebied word om sy opinie te lug. Vir Small is die mens wetenskaplik betekenisvol en bygevolg ook sy erkenning as 'n subjek. Objektiviteit, in die ware sin van die woord, is dus nie moontlik nie omdat die navorser 'n humane wese is. Gary Zukav sluit in die verband by Small aan en sê dat die konsep "wetenskaplike objektiviteit" op die veronderstelling van 'n eksterne wêreld "which is out there" teenoor 'n EK "which is in here" berus. Volgens hierdie siening is die natuur "out there". Die taak van die navorser is dan om die "out there" so objektief as moontlik waar te neem. Waarneming op dié wyse dui op vooroordeel wat by die navorser voorkom. Dit wil sê dat die navorser nie vooraf 'n opinie kan vorm nie (Small, 1988:5). Zukav stateer sy standpunt dat dit 'n onmoontlikheid is om sonder 'n opinie te wees. Hy is gevolglik van mening dat "An opinion is a point of view. The point of view that we can be without a point of view is a point of view. The decision itself to study a segment of reality instead of another is a subjective expression of the researcher who makes it. It affects his perceptions of reality, if nothing else (Small, 1988:6).

Die humanistiese alternatief in die hedendaagse bestaan, dui op die wegbeweeg van die Cartesiaanse siening. Hiermee word erken dat daar 'n inter-afhanklikheid tussen die verskillende

perspektiewe in die wêreldorde voorkom. Capra bied die volgende verduideliking in die verband.

We live today in a globally interconnected world, in which biological, psychological, social, and environmental phenomena are all interdependent. To describe this world appropriately, we need an ecological perspective which the Cartesian world view does not offer. What we need, then, is a new 'paradigm' - a new vision of reality; a fundamental change in our thoughts, perceptions, and values (Capra, 1983/87:xvii).

Met hierdie nuwe visie wat die hele menslike bestaan omsluit, wil navorser daarna streef om die mens as humane wese se gevoelens te eerbiedig.

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

#### 1.5.2. DIE "NUWE PARADIGMA"-BENADERING

Hierdie navorsing het volgens die nuwe paradigma-navorsing verloop. Die tradisionele manier van navorsing, wat hoofsaaklik op objektiwiteit berus, word deur Reason en Rowan as volg vertolk:

This is what so-called objective research does: in order to get away from subjectivity and error of naïve inquiry, the whole apparatus of experimental method, quasi-experimental method, statistical

significance, dependent and independent variables, and so on,...(Reason and Rowan, 1989:xiii).

Hulle gaan verder en wys die problematiek verbonde aan die tipe navorsing, en stel 'n alternatief voor.

While this does counter some of the problems of naïve inquiry, it also kills of everything it comes into contact with, so what we are left with is dead knowledge. What we are building in new paradigm research is an approach to inquiry which is a systematic, rigorous search for truth, but which does not kill off all it touches: we are looking for a way of inquiry which can be loosely called objectively subjective...a synthesis which is very much opposed to the antithesis it supersedes (Reason and Rowan, 1989:xiii).

Soos reeds aangedui, is dit 'n meningsfout, of 'n onmoontlikheid, dat die proses van navorsing "objektief" kan wees. Die positivistiese "wetenskaplikheid" is in werklikheid 'n "positivistiese misverstand". Hierdie misverstand is dat die navorser geheel en al 'n "neutrale" faktor tydens ondersoek moet wees, terwyl dit inderhaas 'n onmoontlikheid is (Marais, 1991:8).

Aangesien die mens as 'n humane wese erken word, is dit genoeg rede dat die kritici van die positivistiese oriëntasie

wil bewys dat die mens, nie net as nagevorste nie maar ook as navorser veel betekenisvol is. Hughes sê vervolgens:

The contrast between the social and natural sciences occur because in the social sciences human beings are both the subject and the object of inquiry which means that knowledge of society is a form of self knowledge (Hughes, 1980:69).

Hierdie benadering tot navorsing is eksploratief en kwalitatief van aard. Dit is menslik en kan as demokraties beskou word.

Soos reeds vermeld, word die Nuwe Paradigma-benadering as 'n alternatief tot bestaande, oftewel tradisionele navorsingsmetodes beskou. Tydens die beskrywing van voorgestelde benadering was dit moeilik om 'n klink-klare definisie te verskaf. Die Nuwe Paradigma-navorsing dui liever op 'n skuif weg van die tradisionele navorsingsmetodes na 'n meer humanistiese benadering. Reason en Rowan wat die "Sourcebook for New Paradigm Research" saamgestel het, meld dat die siening sy oorsprong in 1977 het om 'n alternatief vir ortodokse benaderings tot navorsing daar te stel (1989:xi). Alternatiewe wat reg teenoor die respondent sal laat geskied. Hier word verwys na navorsingsmetodes wat deur alle vakrigtings wat menslike gedrag ondersoek gebruik word (Ibid). Dit is ook duidelik dat die Nuwe Paradigma-benadering nie

suiwer anti-Positivisties is nie. Reason en Rowan noem in die verband dat hulle hul werk as 'n samevatting van die navorsingsmetodologie beskou. Hierby ingesluit die tradisionele metodes maar ook daarby ingesluit dit wat dié metode weglaat (1989:xii).

Die metode waarop die navorsing berus, het in die vorm van 'n dialoog geskied. Die navorser was intrinsiek deel van die gesprek en het die gevoelens en ervarings van die nagevorsde respondente meegemaak.

#### 1.6. METODOLOGIESE UITEENSETTING

Alhoewel empiriese trekke omtrent die navorsing voorgekom het, hierby word ook die literatuurstudie oor die navorsingsgebied ingesluit, wil die navorser in hierdie skripsie nie 'n konvensionele empiriese aanbieding doen nie. Daarom is die kenmerke van die Nuwe Paradigma-benadering insiggewend wanneer dit onderskei word van Positivisme. Die Nuwe Paradigma-benadering vind in die praktyk veral beslag binne die kwantitatiewe metodologie. Hierdie metodologie behels direkte waarneming, 'n oorsig van verskillende dokumente en artefakte, deelnemende waarneming en oop-einde, ongestruktureerde onderhoudsvoering. Die navorser volg dus 'n ontwikkelde, plooibare ontwerp (Garbers, 1996:291). Garbers is baie duidelik wanneer hy noem dat by hierdie tipe navorsing die navorser se posisie as buitestaander na 'n posisie van



intersubjektiewe ingesteldheid van 'n binnestaander verskuif (1996:292). Hiermee word geïmpliseer dat die navorser 'n lid word van die gemeenskap wat bestudeer word, terwyl die respondente 'n aktiewe lid van die navosingspan word (Ibid).

Dit is dus duidelik dat die relevansie van hierdie deelnemende navorsingstipe binne die konteks van die nuwe paradigma-metode val (Reason, 1988:9). Casley en Kumar ondersteun met die volgende uiteensetting die effektiwiteit van deelnemende navorsing tot die kwalitatiewe manier van opname.

PARTICIPANT OBSERVATION is a type of qualitative datagathering method that requires direct observation of an activity, behavior, relationship, phenomenon, network, or process in the field. This observation is supplemented both by information gathered through qualitative interviews with key informants and by data from analysis of documents, records, and other sources. The participant observer seeks to go beyond outward appearances and probe the perceptions, motives, beliefs, values, and attitudes of people involved (Casley en kumar, 1988:41).

Die proses van deelnemende navorsing verg van die navorser om dinge te ontdek binne die veld van ondersoek en self ondersoek.

### 1.7. BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

Een van die beperkings van die studie is dat die navorsing gedurende Junie 1996 gedoen was en die ontwikkelings in die gebied in 1997 'n aanvang geneem het. As gevolg daarvan kan die inligting wat ingesamel was verouderd wees en dit die gevolgtrekkings en aanbevelings kon affekteer. Aan die anderkant moet die uitkoms van die navorsing gesien word in die lig dat die ontberings wat die inwoners deurgemaak het hul menswees aangeraak het.

### 1.8. HOOFSTUK-INDELING

Navorsers begin in Hoofstuk 1 met 'n persoonlike aanhef wat daarop dui dat die motivering van die studie nie net berus op objektiewe waarneming nie maar "objektief-subjektiewe" aanvoelinge van die gemeenskap. Die navorsingsdoelstellings en metodologie word ook in die hoofstuk uiteengesit.

In Hoofstuk 2 word die konsepte "persoon" en "ontbering" beskryf. Die persoon word uit verskeie denkrigtings aangehaal en beskryf. Ontbering word aangehaal binne die konteks van armoede waar die mens van noodsaaklike lewensmiddele ontsê word.

Hoofstuk 3 sentreer rondom die definisies van armoede en gemeenskap. Hier word gepoog om die literatuurstudie in

verband met die gebied van navorsing te bring.

Hoofstuk 4 behels 'n profiel van die Groter Chatsworth.

In Hoofstuk 5 word die verwerking en ontleding van die verkreeë data aangebied. Soos reeds vermeld, is data deur middel van aangesig-tot-aangesig onderhoude verkry. Die navorser wy heelwat aandag aan die rapportering van respondente se beskouings.

In die eerste gedeelte van Hoofstuk 6 word Gemeenskapswerk as nastrewing tot Geregtigheid behandel. Hierdie aanvullende literatuurstudie wil moontlike strategië vir verandering in die gebied onder bespreking identifiseer. Die tweede deel van die hoofstuk handel oor Persoonsontbering binne die gebied onder bespreking. Hier word sterk geleun op die uitgangspunte en werksaamhede van die Heropbou en Ontwikkelingsprogram. Dit word hier duidelik gemaak dat die Heropbou en Ontwikkelingsprogram 'n paradigma skuif van gemeenskapsontwikkeling in die Suid-Afrikaanse samelewing is. 'n Aandeel wat die regering van die dag het om in kontrak met die landsburgers te gaan om sy verpligtinge na te kom.

Na aanleiding van die bevindinge van navorsing en ook literatuurstudie volg die Samevatting en Aanbevelings in Hoofstuk 7.

(18)

Hierna volg die Tabele en Verwysings in die bronnelys van werke waarna in die skripsie verwys word.



HOOFSTUK TWEE

BEGRIPSOMSKRYWING

2.1. INLEIDING

Die mens as persoon word alreeds vanaf die vroegste beskawing beskou as die middelpunt van bestaan op die aarde.

Gepaardgaande met die ontwikkeling van die mens en sy denkpatrone het verskillende sieninge rondom die konsep "persoon" ontstaan. Daarom word genoemde konsep in hierdie hoofstuk breedvoerig bespreek. Die verskynsel "Ontbering" is 'n relatiewe begrip en word in hierdie studie as die effek wat armoede op die mens se bestaan het, beskou. By genoemde verskynsel val die klem op die ontoeganklikheid van bronne wat vir die persoon en sy gemeenskap noodsaaklik is.

Soos reeds in Hoofstuk Een aangedui, is belangrikke konsepte in die studie van toepassing. In die hoofstuk hierna, Hoofstuk Drie, word die konsepte "armoede", "gemeenskap" en "landelikheid" bespreek. In Hoofstuk Ses kom die konsep "gemeenskapswerk" aan die beurt om lig te werp op werksmetodes wat maatskaplike verandering kan teweeg bring.

Die doel met hierdie hoofstuk is om die konsep "persoonsontbering" te definieer, of in so 'n mate te beskryf dat dit as basis vir die ondersoek dien.

## 2.2. DIE KONSEP "PERSOON"

Dit is duidelik dat die konsep "persoon" in die antieke sowel as die moderne denke as belangrik beskou word, selfs wanneer die woord "persoon" nie uitdruklik gebruik word nie. Die mens word in die westerse kultuur onder meer as die "skepping van God" gesien en het as sulks die statuur van persoonlikheid, God synde 'n persoon. Maar wat verstaan ons onder die konsep "persoon" in hierdie konteks?

F.F. Centore in sy werk PERSONS: A COMPARATIVE ACCOUNT OF THE SIX POSSIBLE THEORIES opper die volgende vrae:

What does calling a creature a person mean?...What is the meaning of human existence? What difference does it make whether I am a "person" or not?

(Centore, 1979:x).


Centore skryf voorts dat die antwoorde op hierdie vrae van die mens se siening van die realiteit van die heelal afhang. Daarom, volgens hom, is enige beskrywing of "definisie" van die mens as persoon; "part and parcel of a comprehensive and all-encompassing world view" (Ibid).

Aangesien daar inter-afhanklikheid bestaan, maar ook klemverskuiwings voorkom tussen die sieninge, is daar die behoefte dat die begrip hier breed bekyk word. Ek verwys graag na antieke sienings, 'n Joods-Christelike siening, die siening

van Marx, en die algemene moderne uitgangspunt.

Alvorens gemelde denkrigtings bespreek word, haal navorser eers Centore se beskywing van persoonskap aan. Volgens Centore is daar ses - "six and only six" - moontlike definisies van persoonskap. Hierdie ses definisies, oftewel stellings, sê hy, strek van die uiterste vorm van volkome materialisme tot die uiterste vorm van volkome spiritualisme. Die vier moontlike "mengsels" word tussenin die twee uiterstes gevind (1979:6).

Centore bied hierdie ses definisies aan onder die benamings: Reduksionistiese Materialisme, Non-reduksionistiese Materialisme, Psigosomatisme sonder Onsterflikheid, Psigosomatisme met Onsterflikheid, Vitalisme en Reduksionistiese Immaterialisme."



Onder "reduksionistiese materialisme" word wesentlik verstaan dat die mens, oftewel persoon, gereduseer word tot so 'n mate dat daar geen verskil tussen dit en 'materiële dinge' in die heelal bestaan nie. Centore sê in die verband dat dit voorwaar 'n radikale siening is wat nie gebasseer is op algemene veronderstellings van die heelal nie (1979:18). Die mens word hiervolgens gelykgestel aan alle materiële en lewende wesens wat in die heelal voorkom (1979:19). Om die "reduksionistiese materialisme" verder te illustreer, haal Centore, B.F. Skinner aan waar hy behaviorisme as 'n opsomming van sy lewenslange studie beskryf:

As the philosophy of the science of behavior, behaviorism calls for probably the most drastic change ever proposed in our way of thinking about man (1979:19).

Weens die engheid van die "reduksionistiese materialisme" word die denkrigting vervang met die middeweg wat meer aanvaarbaar is vir talle denkers. Centore gaan voort en sê: "This path would have a nonreductionistic boundary as one parameter and a nonspiritualistic boundary as its other parameter" (1979:42). Hieronder word ook verstaan die "non-reduksionistiese materialisme". Centore opper die mening dat 'rasionele wetenskaplike denkers' hul gemaklik met die denkrigting kan vereenselwig omdat, "On the one hand they could call themselves true and sincere scientists, people who really know what they are talking about when it comes to the physical world; on the other hand they could be truly "humanistic" human beings who would be completely justified on rational grounds alone in regarding the human species as unified and as possessing a special right to respect" (1979:42).

Die "psigosomatisme sonder onsterflikheid" stel die voortgesette "dematerialization" van die mens voor. Maar dit is ook belangrik dat die siening nie heeltemal die "non-reduksionistiese materialisme" ontken nie - die mens is beide liggaam en siel. Die verskil kom daarin voor dat die



mens se siel afgesonderd en onstoflik is met betrekking tot die liggaam (Centore, 1979:12).

Soren Kierkegaard val Hegel skerp aan met betrekking tot hierdie siening. Centore haal Kierkegaard en Hegel se opinies as volg aan:

In his opinion (Kierkegaard) the German genius wanted both being and nonbeing and ended up with an abstract world capable of no concrete resolution whatsoever. Abstractions are the mortal enemies of real, living people. Hegel begins with a bit of drawing-room sophistry and end up with an abstraction so vast that it is capable of swallowing up all real-life, either- or situations" (Centore, 1979:89).

Kierkegaard gaan verder en gee sy afkeur te kenne en noem vervolgens dat:

The dialectic of the beginning must be made clear. This, its almost amusing character, that the beginning is, and again is not, just because it is the beginning-this true dialectical remark has long enough served as a sort of game played in good Hegelian society (Ibid).

Volgens die "psigosomatisme met onsterflikheid" onder andere,

vorder die 'siel' tot daardie punt dat dit in selfstandigheid en in eie reg optree. Van hierdie doktrine sê Centore die volgende:

While alive the body and soul constitute one organism, just as maintained by the previous position. The body is neither some unnecessary accident temporarily connected with the soul nor is the body the source of the mind...The soul is the cause of its organized body. The soul, which can exist alone, is the source through which the body exists as a body. Since the soul does not depend upon the body to exist, but vice versa, it can survive the body. Hence, at least the immortality of the soul is guaranteed (1979:12-13).

In die bestudering van die funksionering van die siel teenoor die liggaam, beskryf Centore Aristoteles se siening ten opsigte van sy gewaarwordinge in die wêreld, oftewel; "the science of the devine":

Aristotle wrote of his separated substances. It was not a matter of choice on his part, but a situation forced upon him by the scientific observations of the times. So he wrote, with his whole body hunched over towards the ground, but with one eye always on the stars (1979:140).

In die stelling naamlik, "vitalisme", ook genoem die "non-psigosomatisme sonder onsterflikheid" word verstaan dat die 'siel' en 'liggaam' nie meer een is nie, maar twee aparte 'dinge' wat mekaar opponeer. Centore gaan voort:

In other words, it might seem that it is possible to entertain the notion of the soul as being radically separate from the body during its stay on earth, but then ceasing to exist when the body breaks down (Centore, 1979:194).

Centore gaan verder en noem dat by hierdie siening die vooraf bestaan van die siel waarskynlik word. Daarom maak dit sin wanneer daar na die "transmigrasie" van 'n persoon in die toekomstige lewe verwys word (1979:13).

Die siening, "reduksionistiese immaterialisme" is wesenlik die teenoorgestelde van die "reduksionistiese materialisme". Dit impliseer dus, "the reverse side to the complete materialistic view of the human person is the completely spiritualistic view of human nature" (Centore, 1979:13).

Centore voltooi met dié uitgangspunt die 'sirkel' en is gevolglik van mening dat moraliteit nie deur 'n regeringstelsel geskep kan word nie, maar dat beleid bepaal word deur die 'kultuur' wat binne 'n bepaalde samelewing aanwesig is. Inteendeel, enige belangrike beleidstruktuur is

op 'n stel filosofiese of godsdienstige morele beginsels gevestig (1979:258).

Hoe ook al, wesentlik vir navorser gaan die persoonskap van die mens oor die mens as draer van waardes. Dis die morele filosoof Nicolai Hartmann, onder andere, wat ons daaraan herinner dat die mens as persoon 'n draer van waardes is. Hy sê:

The character of man is related to a multitude of values which are not moral in their nature. Moral conduct is always conduct towards persons, but never except in connection with other kinds of values and counter-values (Hartman, 1932:24).

Hartman is verder van mening dat morele waardes net betrekking het op persone; "Only acts of persons can be morally good or bad" (Ibid).

Met verwysing na die Antieke Siening met betrekking tot persoon is Ruth Wilkes van mening dat die konsep persoon onskeidbaar van 'n denkbeeld van intelligensie en orde in die heelal is (Wilkes, 1981:26). Sy maak die aanname dat moraliteit die basis van menslike bestaan uitmaak. Daarom verwys sy na Sokrates en sê:

For Socrates reason is of supreme importance to

human life and he attempts to direct man's thoughts towards a rational knowledge of moral realities. Virtue and happiness are one, but happiness lies in the cultivation of the soul (Wilkes, 1981:25).

Wilkes noem wat sy meen 'n onderskeid in sienings in terme van geluk tussen Sokrates en Plato voorkom. Sy noem:

For Socrates happiness consists in right living, but for Plato true happiness is beyond the grave (1981:25).

Persoonskap word egter duidelik verbind met die begrip van geluk. Dis die "gelukkige" mens wat 'n persoon is by uitstek. Plato se siening dat die mens se "siel" ewigdurend en onstoflik is, is mistiek. Daarom kan verstand en waarheid alleenlik bekom word wanneer die "siel" die liggaam verlaat. (Wilkes, 1981:27).

Vir Aristoteles weer is die mens 'n politieke wese en vind hy/sy geluk, oftewel die beste persoonskap, in deelname aan die lewe van die polis in die uitdrukking van homself binne die konteks van die maatskappy (Wilkes, 1981:28).

Wilkes skryf verder in haar melding van Aristoteles dat vir hom daar 'n inter-afhanklikheid tussen die vleeslike en geestelike bestaan van die mens is:

The soul, for Aristotle, is not a complete spiritual substance set apart from the body, nor does it seem to be a kind of material stuff, but the rational part of the soul is separable and immortal. Respect for the individual is the essence of being a person. Man does not, in other words, possess a soul; he is a soul (Wilkes, 1981:28).

Marx self lewer die volgende kommentaar op Aristoteles se siening van die mens en skyn dit te bevestig:

Strictly, Aristotle's definition is that man is by nature a town-citizen. This is quite as characteristic of ancient classical society as Franklin's definition of man as a toolmaking animal, is characteristic of Yankeedom (Petrovic, 1981:25).

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

Hierdie basiese gemeenskap tussen Aristoteles en Marx se beskouing van persoonlikheid kom daarop neer dat die mens as intrinsiek deel van 'n samelewing geag word. Afgesien van samelewing, bestaan die mens as persoon nie.

Ons kan sulke beskouings oor persoonlikheid duidelik genoeg in die werk van die groot antieke filosowe self naspoor, in die Republiek van Plato byvoorbeeld, of Aristoteles se Etiek. Plato bedoel in 'Republiek', die samelewing of staat. Wanneer die replika bestudeer word, kom jy agter dat daar 'n verskil

in die mens se beskouing van Plato se werk voorkom. Daarom word in die inleiding vermeld dat "the modern reader may still find something rather different from what it leads him to expect. He will expect, in a work on politics, some references to morals or education; they are topics which recur constantly both in political practice and theory. But he will also expect a great deal of discussion of constitutional and legal matters (Plato, 1954:27). Vir Aristoteles in Etiëk, soos reeds aangehaal, is die mens van nature 'n sosiale wese (Aristotle, 1963:12). "Selfversorgend" vir Aristoteles beteken nie dat 'n enkele persoon vir homself sorg nie, maar ook die versorging van sy ouers, kinders, vrou en ook in die behoeftes van vriende en mede-burgers voorsien (Ibid).

Volgens die Joods-Christelike denke is die mens 'n skepsel wat al deur deur God gesoek word. Daarom is elke mens in God se aangesig belangrik. God self is 'n enkele persoon, 'n individu, en individualiteit is sentraal tot die persoonskap van die mens. Wilkes sê:

It is a central fact of human nature that we need to be needed, not because of our natural endowment but because we are unique and of value in ourselves...It is the essence of the Biblical concept of man that it gives a direct answer to the question: 'What is man?' by saying that he partakes

of the image of God (Wilkes, 1981:29).

Die Bybelse uitdrukking dat die mens na die beeld van God geskape is, benadruk die feit dat die mens besonderlik is. Die Psalmis, Dawid, sinspeel op dieselfde in Psalm 8 verse 4 tot 6, wanneer hy God se handewerk beskou:

As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat u toeberei het - wat is die mens dat u aan hom dink, en die mensekind dat u hom besoek? U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid bekroon.

'n Mens se waardigheid word nie gemeet aan sy bruikbaarheid deur ander nie, maar aan sy individuele outentieke bestaan wat onskendbaar is. Wilkes haal Heschel as volg aan:

Man is not an innocent bystander in the cosmic drama. There is in us more kinship with the divine than we are able to believe. The souls of men are the candles of the lord, lit on the cosmic way, rather than the fireworks produced by the combustion of nature's explosive composition, and every soul is indispensable to him. Man needed, he is in need of God (Wilkes, 1981:29-30).

Dit alles vind aansluiting by E.F. Schumacher se teenkanting van die filosofie van die Cartesiaanse omwenteling as hy sê:



The Cartesian Revolution has moved the vertical dimension from our "map of knowledge"; only the horizontal dimensions are left. To proceed in this flatland, science provides excellent guidance: it can do everything except lead us out of the dark wood of a meaningless, purposeless, "accidental" existence. Modern science answers the question What is man? with such inspiring phrases as "a cosmic accident" or "a rather unsuccessful product of mindless evolution or natural selection" or "a naked ape," and it is not surprising that it has no answer to the question of what this absurd, accidental product of mindless forces is supposed to do with itself, that is to say, what it should do with its mind (Schumacher, 1979:113).

Schumacher is van mening dat die uitsluitlike beklemtoning van hierdie horisontale dimensie die bestaan van die vertikale dimensie as rigtinggewend vir die mens se gees, oftewel persoonlikheid, ontken. Daarom het kennis, verkry deur opvoeding, en vormend wat persone betref, 'n nuwe verbintenis met "tradisionele wysheid".

Schumacher meen dat insig in tradisionele wysheid prinsipiël vir individualisering, sosialisering en die daarstelling van 'n intellektuele en morele basis by die mens is. Volgens hom is die eerste taak om van die samelewing en "tradisie" te

leer. Voorskrifte van buite is dus belangrik om tydelike geluk te vind. Die tweede taak is om die verkreeë kennis uit te sorteer en deel van die persoon te maak. Hierdie proses word individualisering genoem. Die derde taak assulks, kan alleenlik aangepak word wanneer die eerste twee take volvoer is. Dit is om van voorkeure, afkeure en selfgerigte vooroordele "af te sterwe". Wanneer 'n persoon die' toestand bereik het, hou dit op om selfgerig te wees. Dan eers kan die persoon "vryheid" verkry (1979:115).

Schumacher se uiteensetting van die verwesenliking van persoonskap deur die aanvaarding van "tradisie" as eerste stap, die eie-maak van kennis van "goed" en "kwaad", en ten laaste die verkryging van vryheid deur die ontwikkeling van die "self". Hy neem die gedagte verder en sê:

As a spiritual being, (man) is primarily and inescapably concerned with values as a social being, he is primarily and inescapably concerned with other people and also with other sentient creatures; as a person, he is primarily and inescapably concerned with developing himself (1979:116).

Schumacher stel die mens in hierdie drie aspekte voor:

To act as spiritual beings, that is to say, to act in accordance with their moral impulses - Mán as a

divine being. To act as neighbours, to render service to his fellows - Man as a social being. To act as persons, as autonomous centers of power and responsibility, that is, to be creatively engaged, using and developing the gifts that we have been blessed with - Man himself and herself (Ibid).

Schumacher se direkte benadering dat die samestelling van die mens in terme van sy geestelike ingesteldheid, sosiale ingesteldheid, en die feit dat hy uniek is, omsluit ook wesenlik die Christelike etiek rakende die mens as persoon.

Martin Versveld huldig die volgende beskouing van die mens as 'n werktuig van God:

Hy is geroep om dinge te benoem, dit wil sê om die element van redelikheid en maatskaplikheid in die wêreld te verwesenlik. Dit beteken dat hy geroepe is om die wêreld te bestuur, want vir die Jood sowel as vir die Griek is die verstand om te bestuur. Dit is sy taak om die wêreld te vermenslik, om die betekenis daarvan uit te roep wat dit alleenlik voor die aangesig van die mens besit (Versveld, 1969:109).

Die elemente, naamlik: dat die mens geroep is om dinge te benoem, die wêreld te bestuur, en te vermenslik, is bevestigend daarom dat die mens met kennis en wysheid

toebedeel is om die opdrag - soos in die gemelde aanhaling uiteengesit - uit te voer. Die mens se ontwikkeling en die vorming van tradisie en kultuur, bevestig die feit dat hy 'n geskiedenis het wat dit met die skepping verbind. In Versfeld se siening van die Vleeswording van die Logos, wat hy die Wysheid van God noem, opper hy die mening dat "die Vleeswording het die materie van minagting gered. In die tweede plek het ons absolute vertroue in die kenbaarheid van die materie, omdat dit deur God uit niks geskape is, en geen wese besit wat nie aan die intelligensie van God toe te skryf is nie. Ten derde stel die Christendom die heelal as geskiedenis voor, dit wil sê as 'n ontwikkelingsproses wat elke dag nuwe dinge voortbring, en wat van die ewigskeppende werksaamheid van God getuig. ...Wetenskap, belangstelling in die materie, en in die omskepping van die materie deur die arbeid, en ewolusieleer is alles dus van bybelse oorsprong, en vorm 'n deel van die Christelike humanisme" (1969:112).

Die Eerste Vleeswording van die Logos, naamlik die materie-wording van die Wysheid, kan as die basis van die menslike bestaan beskou word. Die komponent "goddelike natuur" is in die partikels van die materie gevestig wat dit onlosmaaklik van God maak. Dit is uit die materie dat die mens geformeer en ontwikkel is. Die Tweede Vleeswording, naamlik die verkryging van kennis bied die mens die geleentheid tot ontwikkeling en die vestiging van intellektuele grondslae. Die Derde

Vleeswording, naamlik dat die mens geskiedenis het en ook blootgestel word aan verdere ontwikkeling, plaas die teologiese humanisme binne die kader dat die mens as mens beskou word binne die raamwerk van God se wil.

Marx het in teenstelling hiermee 'n meer "moderne" uitgangspunt, oftewel 'n siening wat meer mensgerig is. Daarom bestaan die persepsie dat Marx se siening, met betrekking tot godsdiens, anti-Christelik en anti-godsdienstig is.

Marx se siening oor godsdiens moet natuurlik binne die historiese konteks waarin hy geleef het, geplaas word. Hy het dit teen die burokratiese ekonomiese "bestuur-stelsel", naamlik 'n kapitalistiese stelsel wat 'n verarmde, verdrukke werkersklas tot gevolg het en in stand hou, en die gevolge daarvan vir die mens se gees. Marx het nooit 'n duidelike definisie van die persoon gegee nie, maar sy beskrywing altyd in verband met menslike aktiwiteit gebring. Die arbeidsproses word deur hom, in Kapital, as menslike aktiwiteit voorgehou. Hierdie aktiwiteit word in verband met bedryfswaardes, naamlik die aanwending van natuurlike "inhoud" tot menslike behoeftes, wat noodsaaklik geag word vir die uitruil van materie tussen die mens en die natuur gebring (Petrovic, 1981:23). Die mens as persoon staan dus nie apaties teenoor homself en die samelewing wat aan hom bekend is nie, maar is gedurig "in aanraking". Daarom beskryf Marx die mens as die wese van

'praxis'. In die onderskeid tussen die aktiwiteit van die mens en die dier, haal Petrovic, Marx uit sy Economical and Philosophical Manuscripts van 1844 as volg aan:

The animal is one with its life activity. It does not distinguish the activity from itself. It is its activity. But man makes his life activity itself an object of his will and consciousness. He has a conscious life activity. It is not a determination with which he is completely identified. Conscious life activity distinguished man from the life activity of animals (Petrovic, 1981:25-26).

Petrovic is van mening dat Marx dieselfde standpunt soos hy huldig wanneer hy 'praxis' interpreteer as 'n universeel-kreatiewe, self-kreatiewe aktiwiteit, wat hy as aktiwiteit sien waardeur die mens sy wêreld vir homself skep en vorm (1981:26).

Daarom gaan Petrovic verder en noem dat net die "mens" as persoon geskiedenis het. Hy sê:

Therefore only man has a history. One can speak only figuratively of a 'history' of animal kingdom. But man's history is not only the history of the transformation of nature; it is also and in the first place of man's self-creation (1981:27).

Ter staving van sy standpunt verwys Petrovic weer na Marx waar hy melding maak dat vir die sosialistiese mens wêreldgeskiedenis deur menslike arbeid geskep word. Die mens kan daarom die skepping van sy eie oorsprong bewys (1981:27).

Daardie korrelasie van die mens se denke met sy handeling of arbeid, dwing die mens tot kreatiwiteit. Daarom is die mens in staat om kultuur te vestig wat tradisioneel van een geslag tot 'n volgende oorgedra word.

In terme van die mens as mens, met inagneming van sy handeling en gepaardgaande geskiedenis of herkoms, is daar vir Marx niks hoër as die mensdom self nie. Wilkes beskryf Marx se filosofie van die bestaan van die mens as volg:

Man is the supreme being for man, and happiness is to be found in the world of phenomena, not in unknown things in themselves. Man is purely a social being and belongs only to the sociological and natural order. There is no spiritual or religious dimension to human nature (Wilkes, 1981:41).

Wilkes tref verder onderskeid tussen Marx se siening van vervreemding en Hegel se siening van versoening binne 'n gegewe politieke bestel. Marx se voorstelling het berus op die idee van klasse-bewussyn en die teenstelling van aksies van

vervreemding teenoor Hegel se begrip van versoening. Hegel op sy beurt was van mening dat versoening 'n moontlikheid binne die staat is, omdat dit die geestelike doel op aarde was. Marx was hier baie duidelik wanneer hy daarop sinspeel dat die sosiale klasse in 'n samelewing versoening onmoontlik maak. Hegel interpreteer realiteit as 'n geestelike entiteit wat die verstand van die mens vervreem met die skepping van 'n denkbeeldige natuur wat vir die mens self vreemd is. Marx neem hierdie siening aan en bied dit 'n humanistiese interpretasie deur "kreatiwiteit" in "produktiwiteit" te omskep (1981:41-42).

Holisties gesproke dui Marx se siening daarop dat die mens nie apaties staan teenoor sy omgewing nie, maar in interaksie daarmee is. Hierdie mensgerigte siening, wat dikwels verkeerdelik geïnterpreteer word, moet as aanvulling dien tot ander uitgangspunte wat betrekking op die beskrywing van "persoon" het.

Wat meer "moderne" beskouings oor persoonlikheid betref, is Clark en Asquith insiggewend. Hulle onderskei twee filosofiese tradisies:

These are (i) libertarianism in which it is asserted that the agent acted of his own free will in that he could have done otherwise; and (ii)



determinism which we take to mean that philosophy which asserts that for everything happened, and this includes human action, there are antecedent condition such that nothing else could have happened (Clark with Asquith, 1985:9).

Binne die konteks van die libertarianisme en determinisme - met verwysing na die persoon as 'n "morele agent" - kom daar 'n wedersydse invloed tussen die individu en die samelewing voor. Die mens kan gevolglik nooit as 'n aparte entiteit beskou word nie, maar is al deur deel van 'n groter kollektiwiteit, naamlik: 'n familie, 'n besondere groep, 'n samelewing.

Clark en Asquith huldig die mening dat rasionaliteit en bewustheid die belangrikste komponente is wat menslike bestaan uitmaak. Hulle is van mening dat die status van 'n persoon bepaal word deur die inter-afhanklikheid tussen die biologiese, psigologiese en sosiale interaksie in die samelewing. Hulle sê:

A (biological) human individual is not automatically a person. Rather, it has to be seen that personhood is socially defined and that no individual becomes a person without going through a social process of identification and ascription. The definitive attributes of personhood, which

include rationality and consciousness, are only acquired through socialisation and their recognition as relevant attributes is necessarily a social process (Clark with Asquith, 1985:16)

Hulle huldig die mening dat die individu sielkundig gesproke net 'n persoonlike identiteit ontwikkel wanneer daar 'n verhouding met ander persone voorkom. Hiermee word die belangrikheid van materiële toestande, oorerwing, die natuurlike omgewing en baie ander faktore nie ontken nie. Soos reeds vermeld is die verband met besondere ander persone vir die ontwikkeling van normale menslike kennis eenvoudig baie belangrik (1985:16-17). Vervolgens beklemtoon Clark en Asquith die feit dat dié "menswording" alleenlik geskied deur sosialisering en aanpassing binne sosiale konteks (1985:17).

Die siening van die persoon as 'n morele agent beklemtoon die "besondere ander" persone (relevant others) wat sy ontwikkeling beïnvloed. Daarom word die "kultuur" waarin die mens opgroei deur hom of haar as individu geassimileer en deel van die "persoon" gemaak. Dit alles herinner ons in elk geval weer sterk aan Aristoteles.

Moderne sienings is glad nie so "modern" nie, afgesien miskien daarvan dat "God" en die "natuur" nie juis genoem word nie. Hierdie beskouings word as "Mensgesentreerd" beskryf wat 'n

alternatief vir "God-gesentreerdheid" is. Wilkes noem die volgende in dié verband:

Reason or Logos for the ancient Greeks and the medieval thinkers was in sticks, stones, and trees, and also in the mind of the man who named these objects...Man is part of the universe and the universe has been created by an intelligent power. Because there is reason in the universe man can comprehend it by the use of the rational faculty (1981:34).

Daar is 'n dubbelslagtigheid tussen "Oud" en "Modern", wat miskien deur Immanuel Kant verwoord word. Kant wat in die wetenskap geglo het, wou ook moraliteit in die wêreld vestig. Daarom was hy so begaan om die wetenskap met die godsdiens te versoen (Wilkes, 1981:34).

Om hierdie beskouing van die inter-afhanklikheid tussen die wetenskap en moraliteit te kwalifiseer, is Capra insiggewend as hy sê:

We live today in a globally interconnected world, in which biological, psychological, social, and environmental phenomena are all interdependent. To describe this world appropriately we need an ecological perspective which the Cartesian world view does not offer (1987:xviii).

Hierdie benadering, meen die navorser, dra by tot 'n verheldering in die mens se visie, en denke oor persoonlikheid.

Die konsep "ras" en die klassifikasie van mense in bepaalde rasse kategorieë het 'n belangrike rol gespeel in die verlede, veral as dit by ontwikkeling kom. In hierdie bepaalde navorsing was die fokus op 'n gebied wat uitsluitlik deur "Kleurlinge" bewoon word. Die "Kleurling" as 'n groep het in die Suid-Afrikaanse konteks hewige kritiek uitgelok omdat dit deur 'n dominante groep, naamlik die blankes, aan hulle toegevoeg was. Volgens die Rasse-Klassifikasie Wet was 'n Kleurling geklassifiseer as 'n lid van 'n bevolkingsgroep wat nie aan 'n bestaande wit of swart rassegroep of kultuur behoort nie (Venter, 1974:1). Die Kleurlingbevolking het op daardie tydstip die klassifikasie as vernederend ervaar. Venter haal in sy navorsing 'n enkele persoon tydens 'n ondersoek aan om die uitwerking van die klassifikasie op die bevolkingsgroep te illustreer. Hy haal die persoon as volg aan: "Who really knows what a Coloured is? They classify us, they categorise us according to their ideals and they keep us apart from the rest - in our own interests - we are told. Then they move us out of our homes, our villages and towns and our churches. But unlike Africans we are not Xhosas or Zulu or Sotho. We are South African. Our culture, our language, even our way of life is South African." (1974:1).

Dit is ironies dat daar deur verskeie kommissies van ondersoek na aanleiding van die Kleurling se leefwyse en kulturele trekke gedoen was. Hier word verwys na die Theron-Kommissie (1970's). Tydens die ondersoek het dit telkens duidelik na vore gekom dat daar weinig verskille tussen die Kleurlinge en die dominerende wit bevolkingsgroep voorgekom het. Die verskil wat wel voorgekom het, was die psigo-sosiale omstandighede wat ontketen was omdat die Kleurlinge as ondergeskik tot die wit bevolkingsgroep beskou was. Die algemene voorkoms van armoede en intimidasie het die Kleurling se persoon aangeraak en sodoende het die voorkoms van 'n minderwaardigheidskompleks meer algemeen voorgekom (Whisson & Van der Merwe, 1972:30). Dit is duidelik dat die Kleurling later die klassifikasie "aanvaar" het alhoewel daar nog heftige teenkanting is, omdat hulle as Suid-Afrikaanse burgers geklassifiseer wil wees, nie 'n afsonderlike groep nie.

Dit is interessant en betekenisvol hoe 'n denker soos R.E. van der Ross, wat self as "Kleurling" geklassifiseer is, in diepe bepeinsing gaan oor die kwessie van "Kleurling-identiteit". Hy openbaar 'n meer versoenende houding en opper die mening dat 'n mens nie die identiteit van die Kleurling kan weg redeneer nie. Dit tenspyte van die feit dat die Kleurling vir dekades heen met negatiwiteit bejeen was. Hy probeer drie standpunte oor Kleurling-wees verskaf, naamlik dat dit nie maklik is om van die taal wat gepraat word weg te breek nie. (In

hierdie geval is dit Afrikaans). Tweedens, dat die verwysing na Kleurling nie noodwendig vernederend is nie. Derdens, wanneer verwys word na die mite van 'n Kleurling identiteit, word nie bedoel dat daar nie geglo word dat daar so 'n bevolkingsgroep soos "Kleurling" bestaan nie.


Van der Ross skryf verder en spreek vervolgens sy teenkanting teen die mites wat ten opsigte van Kleurlingmense bestaan as volg uit:

I call them myths in so far as people who hold these beliefs generalize and claim that "Coloured People" (if not all, then most) are unreliable, dishonest, unintelligent and so on. Certainly there are Coloured people who could justly be accused of these characteristics, but is this simply proof of their humanity? And cannot the same charge be levelled at people of all population groups all over the world? Surely this is so obvious that it requires no further discussion (Van der Ross, 1979:2)

Soos Van der Ross die mites oor Kleurling-wees vir eens en altyd wil besweer, is dit ironies dat gemelde bevolkingsgroep se verbindtenis met die Afrikanerdom 'n historiese feit is. J.P. van S. Bruwer, 'n volkekundige, is van mening dat Afrika oor drie eeue heen geboorte aan twee etniese groepe, naamlik

die Afrikaners en die Kleurlinge, gegee het. Albei bevolkingsgroepe word basies as inheems tot Suid-Afrika beskou, en feitlik gelyktydig in dieselfde deel van die land ontstaan en ontplooi het. Juis omrede hierdie verloop was dit nie verbasend dat hierdie twee bevolkingsgroepe, veel met mekaar in gemeen het nie. Albei groepe handhaaf dieselfde taal wat beide help bou het, en in wese deel albei dieselfde kultuurerfenis (Theron en Swart, 1964:1).

Afgesien van die verskillende kontekste waaruit bogenoemde skrywers aangehaal is, kom dit telkens duidelik na vore dat die geskiedenis vars in die geheue sal bly, ten spyte van wette wat na die Republiekwording (1961) van Suid-Afrika geimplimenteer was om die skeiding van rasse teweeg te bring.



### 2.3. DIE KONSEP "ONTBERING"

Die omskrywing van die konsep "ontbering" maak jou bewus dat dit verband hou met die ervaring van menslike situasies. Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek beskryf ontbering as "gebrek, gemis van die nodige". Die Definiërende Woordeboek vir Maatskaplike Werk omskryf 'n gedepriveerde persoon as 'n "Persoon van wie die psigiese, fisieke, emosionele of maatskaplike behoeftes onbevredig gebly het weens omstandighede buite sy beheer." (1984:13).

Om die vlakke van ontbering te beskryf haal Frans G. Kotze in sy skripsie, Sosio-Kulturele Ontbering by Gesinne in Drie Gemeenskappe, Jordan as volg aan:

Deprivation takes many forms, and they interact. It shows itself for example in poverty, in emotional impoverishment, in personality disorder, in poor educational attainment, in depression and despair. It can be found at all levels of society - not only among the poor - but most vulnerable are those already at the bottom of the economic and social ladder (Kotze, 1979:15).

Kotze is self van mening dat ontbering 'n relatiewe begrip is wat altyd gedefinieer word in terme van dit wat 'n individu ontsê word (1979:17). Hy maak vervolgens die ontleding dat:

1. 'n individu ontbeer as hy sekere dinge ontsê word terwyl ander dit geniet;
2. ontbering is 'n relatiewe begrip en kan in terme van die lewensomstandighede en kultuur van mense gedefinieer word;
3. ontbering affekteer die totale funksionering van die mens;
4. die individu wat ontbeer, het nie beheer oor die faktore wat sy bestaan affekteer nie;



5. ontbering is sinoniem met armoede en kan gedefinieer word in terme van die minimum bestaansgrens;
6. die ekonomiese faktor is 'n deurslaggewende element by ontbering (1979:18).

In wese kom ontbering neer op die mens se gebrek aan noodsaaklike lewensmiddele. Die feit dat armoede subjektief beleef word, affekteer dit die persoon se psige. Daarom lei die ontbering van jou persoonskap tot afhanklikheid. Die Oxford English Dictionary beskryf 'menslike afhanklikheid' as volg: "A person who depends on another for support, position, etc." Om die begrip ontbering breed te bekyk, word daar vir die doeleindes van die studie die ontoeganklikheid van bronne, afwesigheid van materiële en geestelike bronne hier onder behandel.

### 2.3.1. ONTOEGANKLIKHEID VAN BRONNE

Daar bestaan aldus 'n noue verwantskap tussen die ontoeganklikheid van gemeenskapsbronne en armoede. Daarom kan Terreblance na Webster's New Dictionary of Synonyms verwys om die konsep 'armoede' te belig:

poverty...typically implies such deficiencies of resources that one is deprived of many of the

necessities and all comforts of life (Terreblance, 1977:62).

Terreblance merk op dat nie net die hoeveelheid private bronne tot die beskikking van individue en huishoudings belangrik is nie, maar ook die hoeveelheid en die kwaliteit van openbare bronne tot die beskikking van huishoudings van 'n bepaalde gemeenskap of bevolkingsgroep. Indien byvoorbeeld die peil van individuele inkomste van 'n bepaalde gemeenskap gedurende 'n tydperk konstant sou bly, terwyl die hoeveelheid en die gehalte van die gemeenskapsgeriewe en dienste ter beskikking van die gemeenskap, aanmerklik sou verbeter of verswak, sal dit 'n betekenisvolle verandering in die relatiewe peil van armoede in die gemeenskap bewerkstellig (Ibid). Dit is egter moeilik om maatstawwe daar te stel om die hoeveelheid en die gehalte van openbare bronne ter beskikking van huishoudings van 'n gemeenskap te meet.

Die openbare bronne wat in meerdere of mindere mate ter beskikking van 'n gemeenskap is en 'n belangrike invloed op die betrokke huishoudings se relatiewe peil van armoede het, sluit 'n groot reeks van gemeenskapsgeriewe in. Voorbeelde hiervan is:

1. die standaard van huisvesting en die gebied waar woonbuurte geleë is;
2. die beskikbaarheid en die gehalte van onderwys,

vervoer en ontspanningsgeriewe;

3. die standaard en beskikbaarheid van mediese dienste, en
4. die mate waarin openbare veiligheid gehandhaaf, misdadigheid bekamp en menslike waardigheid gerespekteer word.

Ten spyte van die feit dat dit moeilik is om die beskikbaarheid en gehalte van genoemde gemeenskapsfasiliteite te meet, sou dit 'n ernstige mistasting wees om die invloed van die ontoereikendheid van openbare bronne op die relatiewe armoede van 'n gemeenskap buite rekening te laat. Terreblance wys daarop dat indien die geriewe en dienste ter beskikking van 'n relatief arm gemeenskap opvallend ontoereikend is, spreek dit van self dat benewens huishoudings waarvan die inkomste onderkant die minimum lewenspeil (MLP) en aangevulde lewenspeil (ALP) is, daar ook ander huishoudings is wat vanweë die ontoereikendheid van die gemeenskapsdienste as arm huishoudings geklassifiseer moet word (1977:62).

#### 2.3.2. MATERIËLE BRONNE

Die volgende vlak van ontbering, naamlik die gebrek aan noodsaaklike lewensmiddele word ook dikwels met die belewenis van 'n toestand van armoede in verband gebring. Hiermee word verstaan dat armoede beteken dat die persoon wat ontbeer nie

oor genoegsame stoflike vermoëns beskik om sy liggaam te voed, en aan die mees elementêre vereistes van sy samelewing ten opsigte van behuising en kleding te voldoen nie (Pick, 1988:7-8).

Zeeman sluit ook daarby aan en beklemtoon dat ontbering beskou word as "'n toestand van voortdurende gebrek aan bevredigingsmiddele; 'n toestand waarin iemand verkeer wat nie oor die stoflike middele beskik om gereeld in sy noodsaaklike lewensbehoefte te voorsien nie." (Pick, 1988:8).

Volgens S.G. Pick is die begrip "noodsaaklike middele" uiters moeilik op te bepaal. Die rede hiervoor is dat behoeftes van een gemeenskap na 'n ander verskil en 'n bepaalde gemeenskap se behoeftes ook van tyd tot tyd verskil. Hy noem dat die sedes en gebruike van een gemeenskap of een tydperk, eise stel en behoeftes skep wat aan 'n ander onbekend is. Die toestand sal in alle gevalle derhalwe nie dieselfde wees nie (1988:8).

### 2.3.3. GEESTELIKE BRONNE

Die mens het naas die stoflike ook geestelike behoeftes. Soos reeds aangehaal ondervind die persoon probleme wanneer die ontbering van stoflike bronne voorkom, maar dit is nog erger as die gebrek aan geestelike en stoflike bronne gelyktydig voorkom. Daarom kan 'n ernstige maatskaplike

probleem ontketen word wanneer 'n persoon se geestelike besit tot verval kom, omdat dit sy persoonlikheid kan vernietig en sy selfstandigheid kan inboet (Pick, 1988:8). Met verloop van tyd laat dit 'n blywende indruk op die gedepriveerde persoon se lewenstyl. Dié lewenstyl wyk dan drasties af van die standarde en morele waardes van die middelstand. Tydens die belewenis van so 'n toestand word die persoon geheel en al afhanklik van ander en sy gemeenskap.

#### 2.3.4. APARTHEID AS ONDERDEEL TOT ONTBERING

Vorige gemelde aanhaling bring duidelik die simptome van apartheid in die Suid-Afrikaanse konteks na vore. Apartheid wat een van die vernaamste verskynsels was wat ontbering van die persoonskap tot gevolg gehad het. Uit die literatuurstudie is dit duidelik dat veskillende outeurs die konsep "apartheid" uit die konteks van hul ervaringswêreld beskryf het. Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek het apartheid beskryf as 'n "staatkundige rigting in S.A. waar Blanke en Gekleurde rasse in hul eie gebiede na eie aard en behoeftes kan ontwikkel; diskriminasie wat op velkleur alleen gegrond is en tot uiting kom in regulasies om die rasse uitmekaar te hou." Uit die definisie is dit duidelik dat elemente van uitsluiting van Gekleurde groepe in die maatskappy groot onreg tot gevolg gehad het.

Gregor is meer spesifiek wanneer hy aandui dat Apartheid as 'n spesifieke sosiale en politieke ideologie gedurende die middel van die twintigste eeu voorgekom het (Gregor, 1968:221). Hy is van mening dat Apartheid 'n sekulêre begrip is. Dit het die Afrikaner se tradisionele en godsdienstige waardes, ten koste van ander volkere se leefwyse voorop gestel. Hy sê "Apartheid is a contemporary reformulation of concepts traditional with the Afrikaner volk. It is this traditionalists character that makes apartheid unique among contemporary ideologies (Gregor, 1968:223).

Die praktisering van die apartheidsideologie het veral die Swartbevolking diep geraak met die implimentering van gedwonge rasseskeiding. Soos in die skripsie in Hoofstuk Vier aangehaal, was die gebied van navorsing gedurende die sewentigerjare ook deur "gedwonge" verskuiwings geraak en die bestaansreg van die gemeenskap beïnvloed.

Om inklusief die ontbering van gemeenskappe gedurende die apartheidsjare te illustreer, haal die navorser gedeeltelik die wedervaring van een gemeenskap as voorbeeld aan soos deur die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en die Suid-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie onder die opskrif: A removal takes place: the Mfengu of the Eastern Cape aan. 'n Inwoner wat "alles" verloor het as gevolg van "onreg" wat teen haar gepleeg was, word as volg aangehaal:

An old lady, Maria Zotwana, describes her situation thus:

"We had no choice,; the guns were behind us, then they bring us to this sad place. Here there is not enough food, I am hungry now, as I sitting here. Everybody has died. My husband has gone and died, as my daughters. They took my land away. The Lord has also gone, yes, I suppose He has also gone."  
(1984:8).

#### 2.4. SAMESKOUING VAN DIE BEGRIP PERSOON EN ONTBERING

Die punt is reeds gemaak dat armoede sentraal tot ontbering staan. Die konsep "persoonsontbering" het te make met die verskynsel of verskynsels waar die destruktiewe aantasting van die mens se persoonskap, en sy reg tot persoonskap aanwesig is. Pick sê byvoorbeeld in die verband "Armoede is fundamenteel 'n relatiewe toestand waarin 'n persoon verkeer vanweë 'n gebrek aan voldoende inkomste om hom in staat te stel om gereeld in sy basiese lewensbehoefte te voorsien."  
(1988:2). Volgens hierdie mening is dit duidelik dat die toestand van armoede verband hou met 'n proses van verarming wat binne samelewingstrukture voorkom en wat mense van lewensbronne, wat nodig is om in hul noodsaaklike lewensbehoefte te voorsien uitsluit. Hierdie toestand raak gevolglik die totale mens, naamlik sy stoflike en sielkundige

behoefte asook sy menswaardigheid. Stoflike behoeftes verwys na 'n minimum standaard van gesondheid, behuising, voedsel en kleding. Wanneer aan sielkundige behoeftes nie voldoen kan word nie, het ons met 'n toestand te make waarin 'n persoon as 'n uitgeworpene beskou word, onvermydelik 'n fatalistiese en pessimistiese houding ontwikkel en dus grootliks verhinder word om nuwe geleenthede aan te gryp. Daarom kom die menswaardigheid van 'n persoon in die gedrang wanneer hy met onregverdigte en onderdrukkende strukture te make het wat hom in die proses sy basiese menseregte (soos vryheid, menslikheid, deelname en geregtigheid) ontnem (Ibid).

Soos in die hoofstuk alreeds aangehaal, word die konsep "persoon" vanuit verskeie denkrigtings verskillend beskou. Dit is dus duidelik dat die beskrywing van die begrip verband hou met die denkrigtings wat in die verskillende tydperke van menslike bestaan aanwesig was. Weens die inter-afhanklikheid wat tussen die sienswyses voorkom, kan geen beskrywing as onbenullig of minderwaardig beskou word nie. Die Afrikaner se siening van persoon gedurende die vyftigerjare het geen verskil in die sienings van vorige denkers gelaat nie. Gregor haal die Afrikaner se siening as volg aan:

Man is not a solitary being; he lives and realizes his existence in community with others. He is understood to be an animal with creative potential realized only in a community possessed of a



culture. The cultural entity in which he realized himself is an organic unity, a whole that is more than the mere sum of its parts, a unity of which he constitutes a component cell (Gregor, 1968:236).

Die konteks waarin die Afrikaner die mens geplaas het, soos reeds vermeld, het die persoon benadeel omdat dit binne die kader van apartheid plaasgevind het en een spesifieke etniese groep deur regeringsbeleid bevoordeel was.

Soos reeds aangedui word die konsep ontbering uiteraard as sinoniem met armoede beskou. Armoede wat veroorsaak word deur die ontoeganklikheid van bronne, die afwesigheid van materiële en geestelike bronne. (Die verdere bekrywing van armoede word later in hoofstuk drie breedvoerig bespreek.)

Persoonsontbering vir die doeleindes van die skripsie, soos reeds vermeld, het te make met die verskynsel of verskynsels waar die destruktiewe aantasting van die mens se persoonskap, en sy reg tot persoonskap aanwesig is.

## 2.5. KONKLUSIE

Die beskrywing van die konsep "persoon" word in hierdie hoofstuk uit verskillende denkrigtings beskou. Die denkrigtings was onderskeidelik die antieke sienings, Joods-Christelike siening, die siening van Marx en die algemene moderne uitgangspunt. Dit het duidelik uit die beskrywings na

vore gekom dat die antieke en moderne denke inter-afhanklik is, daarom kon 'n aanvaarbare beskrywing geformuleer word wat by die studie aansluiting vind. Die beskrywing van die "Kleurling" word in hierdie studie nie as 'n homogene groep aangehaal nie maar as intrinsiek deel van bestaande beskouings oor menswees beskou. Dit ten spyte van die feit dat die "politiek" so 'n etniese groep verlang.

Die breë beskrywing van ontbering van die mens deur eksterne faktore stel dit duidelik dat sy voortbestaan daarvan afhang. Hierdie beskrywing val duidelik binne die begrip dat die mens se lewenspatroon deur 'n ander persoon se optrede of ideologie beïnvloed kan word. Veral wanneer die oneweredige verspreiding van bronne voorkom en dit 'n effek op die arm mens se persoonskap het. In die breë beskrywing of ontleding van ontbering op die mens se persoonskap, was vir die doeleindes van die studie die ontoeganklikheid van bronne, afwesigheid van materiële en geestelike bronne beklemtoon. Deur dit alles te beskou kom ontbering dus in wese op armoede neer. Armoede waar die mens in sy totaliteit onberinge ervaar en sy lewenspatroon beïnvloed.

Aangesien die Suid-Afrikaanse samelewing histories op die beginsels van Apartheid geskoei was, het die uitoefening van die beleid ook ontbering by die swart bevolking meegebring. (Die Kleurling bevolking ook by die beskrywing ingesluit.)

Ontbering soos behandel in die skripsie maar uit die oogpunt van die uitoefening van regeringsbeleid beskou.

Dit is dus duidelik in hierdie hoofstuk dat vir die doeleindes van hierdie studie die konsep "persoonsontbering" te make het met die verskynsel of verskynsels waar die destruktiewe aantasting van die mens se persoonskap, en sy reg tot persoonskap aanwesig is.



HOOFSTUK DRIEARMOEDE EN GEMEENSAP BINNE 'N LANDELIKE KONTEKS3.1. INLEIDING

Met verwysing na die titel van die tesis, word die kwessie van ontbering binne 'n bepaalde gemeenskap ondersoek. Derhalwe moet die konsepte "armoede" en "gemeenskap" breedvoerig bespreek word. Tesame met die beskrywing van armoede word twee belangrike ondersoeke aangehaal, naamlik die Theron-ondersoek na Aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolking (1970's) en die Tweede Carnegie-ondersoek rakende Armoede en Ontwikkeling in Suider-Afrika (1980's), soos saamgestel deur Wilson en Ramphela (1989). Die aanhalings uit die Theron-ondersoek is bepalend omdat die inwoners in die gebied van ondersoek "Kleurlinge" is. Die belangrikheid van die bevindinge van die Carnegie ondersoek is vervat in die globale perspektief wat verleen word aan die voorkoms van armoede by die breë Suid-Afrikaanse bevolking.

Die strewe na maatskaplike geregtigheid en die skepping van 'n ordelike samelewing is uiteraard 'n ideaal, maar die werklikhede van die verlede, hiermee word bedoel apartheid, het ongelykheid en onderdrukking ontketen. Weens die belangrikheid van hierdie historiese werklikheid word die konsep "geregtigheid" soos dit voorkom in die gemeenskap in

hierdie hoofstuk uitgelig.

### 3.2. ARMOEDE

Soos alreeds telkens in Hoofstuk Twee vermeld is die konsep "armoede" 'n relatiewe begrip en hou dit verband met die mens se belewenis daarvan. Daarom word hieronder die definisie van armoede, die meting daarvan, en die perspektiewe uitgelig.

#### 3.2.1. DEFINISIE VAN ARMOEDE

In die verwysing na die konsep "ontbering" in Hoofstuk Twee, val die klem op die subjektiewe toestand van diegene wat in 'n toestand van armoede verkeer. Daarin was ruimte verleen aan die eksterne faktore wat armoede tot gevolg het (te wete die tekort aan of afwesigheid van hulpbronne) wat die hele persoonlikheidsamestelling van die mens in die gemeenskap aantast.

Daarom is dit interessant dat Wilkes die mening huldig dat die beroep maatskaplike werk besorg moet wees oor die mens in sy totaliteit. "Social work concern", sê sy, "is not with the physical body alone but with human nature in all its dimensions: spirit, body and mind" (Wilkes, 1981:123).

Met die definiëring van armoede - in terme van die oneweredige

verspreiding van bronne - bevestig Townsend dat die toestand waarin armes verkeer, binne die totale sisteem beoordeel moet word. Dus definieer hy armoede as volg:

Poverty must be regarded as a general form of relative deprivation which is the effect of maldistribution of resources (Townsend, 1970:2).

Townsend kwalifiseer hierdie definisie en is van mening dat daar magte in die sisteem voorkom wat beheer het oor die verdeling van bronne in 'n bepaalde gemeenskap. Hy sê:

Individuals, families and groups in the population can be said to be in poverty when they lack the resources to obtain the type of diet, participate in the activities and have the living conditions and amenities which are customary, or at least widely encouraged or approved, in societies to which they belong. Their resources are so seriously below those commanded by the average individual or family that they are, in effect, excluded from ordinary living patterns, customs and activities (1979:31).

Bovermelde standpunt met betrekking tot armoede toon raakpunte met navorser se beskouing van armoede, naamlik: dat ongelykheid as gevolg van wanverdeling van bronne ontstaan, en dit vir uitsonderlike groepe in die gemeenskap onmoontlik maak

om die nodige lewensmiddele te bekom. Coates en Silburn huldig 'n soortgelyke standpunt en is van mening dat "...the problem of poverty is rooted, not in the inadequate personalities of its victims, but in the basic economic and class structure of our society" (Coates en Silburn, 1970:17).

Bhattam Sriramamurti ondersteun die standpunt rondom die ekonomiese aspekte van armoede, maar brei as volg daarop uit in sy aanbieding by die Seminar on Challenge of Poverty and Social Work Education at Waltair:

Poverty in the economic sense is defined as a state wherein an individual cannot satisfy his minimum wants for healthy living in a given social environment (Singh, 1980:15).

Hy gaan verder en maak onderskeid tussen absolute en relatiewe armoede in terme van die definiëring van armoede in 'n ekonomiese perspektief. Hy sê:

Poverty in this sense is both relative and absolute. Relative poverty implies that some have more of goods and services at their command than others; or put it another way: some are poor in relation to others. This is mainly a problem of inequality in the distribution of income and wealth, characteristic of advanced economies. Absolute poverty is the insufficiency of basic

necessities for a healthy life (Ibid).

P.D. Kulkarni vereenvoudig absolute en relatiewe armoede en gee as volg uiting in die opsig dat dit verband hou met die lewenstandaard wat in 'n spesifieke samelewing voorkom:

"absolute poverty" is the level of subsistence at which the poor can hardly keep body and soul together. Material goods and services available at this level are barely enough to meet the basic necessities of life namely- food, clothing and shelter. This is the contrast with the concept of "relative poverty" where goods and services are lesser than available to most members of the community to maintain the prevalent "norm" of living (Singh, 1980:27).

Deur dit te illustreer noem hy die volgende:

one might say that the majority of the poor in the affluent countries are suffering from "relative poverty" insofar as they are not able to afford the minimum quality of goods and services available to the rest of the population (1980:27-28).

Tydens die definiëring van absolute- en relatiewe armoede word daar nie net uiting gegee aan 'n bepaalde meting, oftewel vlakke van armoede nie. Inteendeel, dit het te make met die gevoelswaarde van diegene wat in 'armoede-omstandighede' leef.



Daarom, om die mens se belewenis van armoede te beskryf, haal die navorser graag J.K. Galbraith in Coates en Silburn aan:

people are poverty-stricken when their income, even if it is adequate for survival, falls markedly below that of the community. Then they cannot have what the larger community regards as the minimum necessary for decency; and they cannot wholly escape, therefore, the judgement of the larger community that they are indecent. They are degraded, for, in the literal sense, they live outside the grades or categories which the community regards as acceptable (Coates en Silburn, 1970:27).

In die ervaring van armoede, soos uitgedruk deur iemand wat in 'armoede-omstandighede' leef, haal Wilson en Ramphele 'n getuie aan om die belewenis van armoede by 'n enkele persoon te illustreer: "Poverty", sê die getuie, "is not knowing where your next meal is going to come from, and always wondering when the council is going to put your furniture out and always praying that your husband must not lose his job. To me that is poverty" (Wilson en Ramphele, 1989:14). Laasgenoemde aanhaling impliseer dat materiële gebrek by arm-mense 'n gegewe werklikheid is, daarom gee dit aanleiding tot die verlaging in die moraliteit van diegene wat in armoede leef. Hierdie stelling word deur Coates en Silburn as volg onderskryf:

Material lack becomes loss of moral: and this in turn may well serve to inhibit collective action in any form, and still further atomize and intimidate the poor community (Coates en Silburn, 1970:26).

Hulle skryf verder dat: "Loss of power is the most serious of all the losses entailed in poverty, because it is the most permanent and self-reinforcing" (Ibid).

Gegewe die Suid-Afrikaanse opset, is Wilson en Ramphele van mening dat "armoede" deur en deur 'n politieke kwessie is. Hulle haal die volgende statistieke en menslike situasies aan, ter staving van genoemde stelling, naamlik: "Thousands of South African babies are dying of malnutrition and associated diseases; two million children are growing up stunted for lack of sufficient calories in one of the few countries in the world that exports food; tens of thousands of men are spending their entire working years as lonely 'labour units' in single-sex hostels whilst their wives and children live generally in great poverty in overcrowded reserves" (Wilson en Ramphele, 1989:4). Wilson en Ramphele haal vervolgens drie faktore aan om te bewys dat armoede in Suid-Afrika uniek is. Eerstens, is dit die gaping tussen die rykes en die armes, en die graad van ongelykheid. Tweedens, is die omvang waartoe armoede bestaan die gevolg van doelbewuste beleidmaking. Derdens, het dit te make met die manier waartoe materiële armoede in Suid-Afrika versterk word deur rassisme, binne die politiek, wat 'n aanval

op die mens se menswaardigheid is (1989:4). Met inagneming van gegewe faktore, sal dit kleinlik van navorser wees om nie te erken dat daar na die eerste demokratiese verkiesing van Suid-Afrika, April 1994, wel aan genoemde sake aandag verleen was nie. Hiermee word verwys na die totstandkoming van die Waarheid-en-Versoeningskommissie en die implimentering van die regering se Heropbou en Ontwikkelingsprogram. Dit sal egter nog dekades neem voordat daar ten volle aan genoemde faktore regstelling sal geskied. In nog 'n beskrywing van armoede, wat met genoemde faktore saamgaan, het David Hamburg, President van beide die Amerikaanse Assosiasie vir die bevordering van Wetenskap, en die Carnegie Korporasie van New York, in 1984 al die volgende stelling by die Universiteit van Kaapstad gemaak:

Poverty is partly a matter of income and partly a matter of human dignity. It is one thing to have a very low income but to be treated with respect by your compatriots; it is quite another matter to have a very low income and to be harshly deprived by more powerful compatriots. Let us speak of human impoverishment: low income plus harsh disrespect...To speak of impoverishment in this sense is to speak of human degradation so profound as to undermine any reasonable and decent standard of human life (Wilson en Ramphela, 1989:5).

Bovermelde standpunte in verband met armoede toon duidelike

raakpunte met navorsers se beskouing van armoede soos dit binne die gemeenskap, (wat aan hom bekend is) voorkom. In terme van die historiese, gegrond op die maatskaplike en ekonomiese faktore, hou armoede by Kleurlinge verband met diskriminerende wetgewing wat hulle van enige besluitneming en die skepping van welvaart uitgesluit het. Die oneweredige verspreiding van bronne, oftewel die afwesigheid van gelykberegtiging van bronne tussen verskillende bevolkingsgroepe, het tot gevolg gehad dat die wit-bevolkingsgroep bo die swart-bevolkingsgroep bevoordeel was. Daarom het armoede meestal net onder swartmense voorgekom.

In die lig van genoemde standpunte en vir die hoofsaaklike doel van die studie word armoede beskou uit 'n ekonomiese en persoonlike uitgangspunt, naamlik die onvoldoende voorkoms van belangrike lewensbronne en die aantasting van die persoon se menswaardigheid as gevolg van die armoede-omstandighede waarin hy hom bevind.

Die konsep "gemeenskapsarmoede" soos deur die Theron-kommissie (hoofstuk 22) is later deur Terreblanche aangehaal om armoede by Kleurlinge te beskryf. In Terreblanche se bespreking van gemeenskapsarmoede is hy van mening dat armoede sinoniem is met 'Kleurling'-wees. Hy wys daarop dat armoede al so lank deel van die Kleurling se lewenslot is en kom so wyd verspreid voor dat dit alreeds 'n blywende indruk op hul

lewenstyl en houding gelaat het. Daarom was die Kleurlinge nie net arm, dit wil sê arm mense (is dit wat min stoflike besittings en 'n lae inkomste het) nie, maar dat 'n groot deel van hulle inderdaad ook "armoede mense" is, en wel in die sin dat daar 'n veelvoud van faktore is wat hulle armlastige lewenstyl en houding bevestig, selfs al sou hulle ruimer bedeed wees met lewensmiddele en ander besittings (Terreblanche, 1977:61).

Terreblanche opper verder die mening dat die toestand van chroniese gemeenskapsarmoede 'n moderne benadering tot die armoede van 'n agtergeblewe en maatskaplik versonke gedeelte van die bevolking in geïndustrialiseerde en verstedelike lande verteenwoordig (1977:64). In die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog het belangrike reorganisasie in die sosiale wetenskappe plaasgevind. In die westerse lande het dit onder meer meegebring dat die aandag in die besonder gefokus was op 'n maatskaplike verskynsel wat in byna al die groot industriële stede van die weste voorgekom het, naamlik: die bestaan van agterbuurtes of slumtoestande waar verarmde subgemeenskappe, ongeag velkleur, 'n lewenshouding en gedragsneigings openbaar wat in belangrike opsigte afwyk van die gewone in die middelstand. Martin Rein spreek egter sy bekommernis uit met betrekking tot diegene wat in armoede vasgevang is. "People", sê hy, "must not be allowed to become so poor that they offend or are hurtful to society. It is not

so much the misery and plight of the poor but the discomfort and cost to the community which is crucial to this view of poverty (Rein, 1970:46). Rein lê gevolglik daarop klem dat die armes nie 'n losstaande groep in die gemeenskap is nie en nie as sulks behandel moet word nie. Hy is van mening dat indien die armes die stadium van algehele armoede bereik, dit newe effekte binne die gemeenskap tot gevolg kan hê.

### 3.2.2. MEETING VAN ARMOEDE

Aangesien armoede 'n relatiewe begrip is, word die meting daarvan bemoeilik. Bykans alle definisies van armoede sinspeel daarop dat 'n persoon as arm beskou kan word wanneer hy nie aan die minimum lewenstandaard voldoen nie. In sy beskrywing van armoede maak Rein, met betrekking tot die meting daarvan, onderskeid tussen persoonlike waardes van diegene wat in armoede leef en die gebrek aan die minimum benodighede wat 'n persoon nodig het om te oorleef. Hy sê:

A definition of poverty in terms of subsistence levels of living has wide acceptance because it seems to accord with common sense and to be divorced from personal values of either harshness or compassion. It seeks to describe objectively as lack of the income needed to acquire the minimum necessities of life...Agreement of minimum is crucial to the development of standards which will

permit the establishment of a dividing line separating the poor from the non-poor (Rein, 1970:48-49).

Met die bepaling van 'n 'minimum lewenstandaard' was Rowntree van die eerste persone wat op 'n wetenskaplike wyse ondersoek ingestel het na die hoeveelheid bronne wat 'n persoon benodig om 'n ordentlike lewe te lei. Rein haal vir Rowntree as volg aan:

My primary povertyline represented the minimum sum on which physical efficiency could be maintained. It was a standard of bare subsistence rather than living. In calculating it the utmost economy was practised...A family living upon the scale allowed for in this estimate must...be governed by the regulation, "Nothing must be bought but that which is absolute necessary for the maintenance of physical health, and what is bought must be of the plainest and most economic description" (1970:49).

Rein is van mening dat groot probleme by die meting van armoede voorkom, veral by die voorkoms van sekondêre armoede. "Secondary poverty" noem hy "existed when income was adequate to maintain a subsistence level, but the family failed to spend its income to purchase the necessities to sustain life and health" (Ibid).

Met inagneming van die voorkoms van armoede in landelike gebiede, worstel John Lliffe om 'n gepaste definisie daar te stel wat eie aan so 'n gebied is. Hy is van mening dat, afgesien van die vlakke van armoede wat in gemeenskappe voorkom, die definisie van armoede te make het met meting.

Examinations of the sources suggests that two levels of want have existed in Africa for several centuries. On one level have been the very large numbers - perhaps most Africans at most times - obliged to struggle continuously to preserve themselves and their dependents from physical want. These will call the poor. On another level have been smaller numbers who have permanently or temporarily failed in that struggle and have fallen into physical want. These will be called the very poor or destitute. Of course there was no sharp dividing line between them. Yet the distinction has cross-cultural validity. It existed in ancient Greece. It was identified by Charles Booth's pioneer study of London during the 1880's, which defined the poor as those 'living under a struggle to obtain the necessaries of life and make both ends meet' and the very poor as those who 'live in a state of chronic want'. The distinction between pauvre and indigent was drawn in early modern France, where 'both pauvre and indigent knew



hunger, but the indigent were never free from it'. In Africa the distinction existed in some, but not all, precolonial languages and has appeared frequently since, most recently in accounts of South African resettlement sites during the early 1980's (Lliffe, 1987,2).

Wilson en Ramphele haal 'n klassieke studie van Stephen Jay Gould aan wanneer hy 'n mening - ten opsigte van die meting van armoede - onder die opskrif 'Danger of staistics' huldig.

In his classic study on *The Mismeasure of Man* (1981), Stephen Jay Gould has shown the great dangers facing all scientists who seek to reduce complex phenomena (such as intellegence) to single numbers. Lest we fall into the same trap of those white, middle-class, male natural scientists of Europe and North America who for years and years persuaded themselves (by carefull statiatical measurement of cranium size, skull capacity, or whatever) that somehow the owners of white, middle-class, male skulls were naturally more intelligent than those unfortunate beings who were black, poor, and/or female, it is important that we begin with an explicit recognition of the complexity of poverty (Wilson en Ramphele, 1989:14).

Wilson en Ramphele gaan verder binne dieselfde konteks en

huldig die mening dat die werklike meting van armoede 'n 'deurmekaar' proses is.

This (measurement) is an untidy process and was scathingly condemned by an economist of the World Bank, at a seminar in Washington on the Inquiry, as one that produced mere 'anecdotal evidence'. What he failed to note was that until one has a real feel for the situation in which one is working, the most sophisticated statistical sampling techniques in the world can serve, like Gould's biologists, to obscure rather than to illuminate the truth (1989:14-15).

Die huidige ekonomiese fluktuasies en persoonlike omstandighede van die hele Suid-Afrikaanse bevolking is relatief verskillend. Daarom lê Wilson en Ramphela - by die meting van armoede - klem op die toestande van diegene wat "living under a struggle to obtain the necessaries of life" (1989:16). Die verskeie "poverty lines" wat in Suid-Afrika ontwikkel was, word in die volgende aanhaling uiteengesit:

The poverty datum line (PDL) was introduced to South Africa by Batson at the University of Cape Town during the Second World War in order to help measure the extent of poverty in rapidly growing slums and townships of western Cape. It was subsequently refined and modified, at the beginning

of the 1970s, as the trade unions re-emerged as a force for change and guidelines were needed in the debate with management about minimum wages. The minimum living level (MLL) and the supplementary living level (SLL) developed by Nel are used by the Bureau of Market Research at the University of South Africa. The household subsistence level (HSL) and the household effective level (HEL) have been monitored by Potgieter at the University of Port Elizabeth (Wilson en Ramphele, 1989:16).

(Die Table 1.01 met die opskrif: the levels of poverty: definitions and statistics, 1980-5, soos deur Wilson en Ramphele aangehaal op bladsy 17, word net so in BYLAAG A aangehaal om bogenoemde uiteensetting te illustreer.)

Die ontwikkeling van Batson se "Poverty Datum Line" binne die gegewe Suid-Afrikaanse konteks is relevant, veral wanneer die vasstelling van 'n minimumloon ter sprake kom. Pick haal Batson se definisie van die "Poverty Datum Line" as volg aan:

The Poverty Datum Line is an estimate of the income needed by any individual household if it is to attain a defined level of health and decency (Pick,1988:5).

Pick beskryf Batson se beskouing van die handhawing van 'n minimum lewenstandaard as volg:

- \* Voedsel: Die hoeveelheid en verskeidenheid voedsel wat genoegsame kaloriëe, proteïne, vette en vitamine bevat om gesondheid te verseker. Die ouderdom, geslag en beroep van die gesinslede, asook die voedsel wat gewoonlik in die gemeenskap gebruik word, moet in aanmerking geneem word.
  
- \* Huishuur: Die "Poverty Datum Line" moet voorsiening maak vir die huur van 'n huis wat die gesin in die praktyk mag bekom.
  
- \* Vervoer: Alleen vir die broodwinner tussen sy huis en werk.
  
- \* Klere: Die minimum om die gesin se gesondheid te verseker en aan basiese gemeenskapsgebruik te kan voldoen.
  
- \* Brandstof en Beligting.
  
- \* Skoonmaakmateriaal soos seep vir persoonlike en huishoudelike doeleindes.

Saam met Batson se uiteensetting van wat werklik benodig word om 'n minimum lewenstandaard te handhaaf, beskryf Drewnowski en Scott die "Level of living", as "...the level of satisfaction of the needs of the population assured by the flow of goods and services enjoyed in a unit of time"

(Townsend, 1970:6)

(Ek haal verder ook Drewnowski en Scott se "Level of Living Index" - Table 2, wat ook as BYLAAG B bekend staan, - aan om sistematies aan te dui dat enige mens, hoe arm hy ook al mag wees, 'n behoefte aan basiese fisiese behoeftes, basiese kulturele behoeftes het en droom van 'n weelderige lewe.)


Die berekening van die "poverty Datum Line" moet net as 'n maatstaf beskou word om die voorkoms van armoede op 'n gemeenskapsvlak te meet. Daar moet in aanmerking geneem word dat lewensbehoefte van gemeenskap tot gemeenskap verskil. Daar moet gevolglik ernstig gewaak word teen misverstande met die toepassing daarvan. Hierdie meetinstrument moet slegs as 'n objektiewe maatstaf beskou word wat ten doel het om lewenstandaarde te meet.

### 3.2.3. PERSPEKTIEWE VAN ARMOEDE

Armoede word deur verskillende persone en samelewings verskillend ervaar, daarom het dit noodwendig tot gevolg dat verskillende uitgangspunte voorkom. Alhoewel daar verdere uitgangspunte is wat betrekking op armoede het, word net die kulturele en Struktureel-Funksionele perspektiewe hier behandel.

### 3.2.3.1. KULTURELE PERSPEKTIEF

Die begrip 'kultuur van armoede' (culture of poverty) is die eerste keer deur die Sosiale Antropoloog, Oscar Lewis, in 1959 in sy boek "Five Families: Mexican Case Studies in the culture of poverty", gebruik. Van toe af word die begrip na willekeur gebruik - al pas dit nie in by die beskrywing van 'n armoede situasie nie. Die begrip was deur Lewis aangewend om die lewensomstandighede, lewenstyl, gedrag en persoonlikheidstipes van groepe of gemeenskappe wat in armoede en slumtoestande leef, te beskryf. Shankar Pathak haal in sy aanbieding oor die Conceptions and Misconceptions by die Seminar on Challenge of Poverty and Social Work Education at Waltair, Lewis as volg aan:



The culture of poverty is both an adaptation and a reaction of the poor to this marginal position in a class-stratified, highly individuated capitalistic society. It represents an effort to cope with feelings of hopelessness and despair which develop from the realization of the improbability of achieving success in terms of the values and goals of the larger society. Indeed, many of the traits of the culture of poverty can be viewed as attempt at local solutions for problems not met by existing institutions and agencies because the people are not eligible for them, cannot afford them, or are

ignorant or suspicious of them. For example, unable to obtain credit from banks, they are thrown upon their own resources and organize informal credit devices without interests (Singh, 1980::45-46).

Die bewoording van die begrip "subkultuur van armoede", veral die aanpassing, oftewel sosialisering, en die reaksie daarop, kom voor in die lewensgesteldheid, lewenshouding en persoonlikheidstipes wat persone openbaar wat hulle in genoemde situasies bevind. Daarom word sekere gedragspatrone aangeleer om binne genoemde omstandighede te oorleef. Aangesien die begrip "subkultuur van armoede" te make het met 'n sosiale klas en die uitvloeisels wat daarmee gepaard gaan, is Chain I Waxman van mening dat:

According to the cultural perspective on poverty, the lower class is seen as manifesting patterns of behavior and values which are characteristically different from those of the dominant Society and culture. More over, according to the culturalists, these unique patterns of behavior and values are transmitted intergenerationally through socialization and have become the subcultural determinants of the lower sosio-economic status of the poor (Waxman, 1977:7).

Om die Kulturele uitgangspunt met betrekking tot armoede te verklaar en te ondersoek, is dit duidelik dat genoemde begrip

betrekking het op patrone van gedrag en waardes wat die arme openbaar. P.D. Kulkarni is van mening dat alhoewel die kern van armoede op die ekonomie geskoei is, dit besondere kulturele en sosio-psigologiese vertakkinge het. Daarom openbaar persone dikwels die geneigdheid om 'n subkultuur te vorm (met die voorkoms van uitsonderlike kenmerke) wanneer hulle 'n gebrek aan finansiële bronne ervaar (Singh, 1980:28-29). Afgesien van navorser se afkeur in die beskrywing van die begrip "kultuur van armoede", is die kenmerk waar Lewis die vlak van gesinslewe beskryf, insiggewend omdat dit in 'n mindere of meerdere mate ooreenstem met sy ervaring as maatskaplike werker in die gebiede waar armoede voorkom. Kulkarni beskryf die "kultuur van armoede" op die vlak van die beskrywing van die gesinslewe as volg:

On the family level the major traits of the culture of poverty are the absence of childhood as a specially prolonged and protected stage in the life cycle, early initiation into sex, free unions or consensual marriage, a relative high incidence of the abandonment of wives and children, a trend towards female or mother-centred families and consequently a much greater knowledge of maternal relatives, a strong disposition to authoritarianism, lack of privacy, verbal emphases upon family solidarity which is only rarely achieved because of sibling rivalry and competition



for limited goods and material affection (Singh, 1980:28).

Soos reeds aangehaal, kom Lewis se benadering tot armoede as 'n subkultuur ooreen met situasies (waar armoede bepaald voorkom) wat beleef word binne die Suid-Afrikaanse konteks. Die kritiek op genoemde benadering tydens die Kommissie van Onderzoek na Aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolking van 23 Maart 1973 tot 9 April 1976, word deur Terreblanche as volg aangehaal:

- (i) Dit is oorhaastig gekonsipieer en is wyd gebruik en wangebruik;
- (ii) dit fokus op 'n negatiewe en verwronge beeld van 'n kulturele geheel en impliseer ook 'n onaanneemlike beskouing van die proses waardeur kulturele kenmerke evolueer en oorgedra word;
- (iii) dit moet as 'n teoretiese gids verwerp word omdat dit beslis nie oortuigend is nie en waarskynlik ernstig misleidend is;
- (iv) daar bestaan ernstige bedenkinge oor die logiese konstantheid en metodologiese suiwerheid aan die hand waarvan Oscar Lewis die konsep aanvanklik geformuleer en uitgebou het (Terreblanche, 1977:127).

Weens die historiese feit dat die voorkoms van armoede in die Suid-Afrikaanse konteks te make het met Apartheid uit die vorige regeringbestel, wil navorser met Terreblanche saamstem dat die begrip wangebruik word, en dit etikettering tot gevolg het.

### 3.2.3.2. STRUKTUREEL - FUNKSIONELE PERSPEKTIEF

Volgens Pick word die Struktureel-Funksionele benadering ook die Parsoniese benadering genoem (Pick, 1988:21). Armoede word hiermee beskou as 'n sosiale probleem wat aanleiding gee tot afwykende gedrag wat presies die omgekeerde is van konformering, aanpassing of handeling wat funksioneel vir die gemeenskap of samelewing waarin dit voorkom, is. Hierdie benadering wys daarop dat tekortkominge by die armes tot bepaalde afwykende gedrag aanleiding sou gee. Ter staving hiervan haal Pick, I.J. Van Eeden as volg aan:

1. 'n gebrek aan beheer oor 'n persoon se impulse en begeertes om te werk, te spaar, vooruit te beplan en om iets in die lewe te bereik;
2. 'n gebrek aan bevoegdheid om rolverwagtinge na te kom.
3. 'n beperkte rolreikwydte wat die moontlikheid van armes beperk om aan te pas by veranderende

omstandighede;

4. 'n afwykende geestelike opset as gevolg van 'n gebrekkige sosialisering, 'n beperkte vatbaarheid vir nuwe idees en 'n onvermoë om tussen menslike verhoudinge te normaliseer (Pick, 1988:21-22).

Pick is gevolglik van mening dat sodra 'n redelike groot proposie in die samelewing hierdie kenmerke toon, die funksionering van die samelewing aan bande gelê word en ekonomiese probleme ondervind word.

Die strukturele uitgangspunt erken dat die arme unieke gedragspatrone manifesteer, maar argumenteer dat die ontstaan daarvan eerder ekstern gemeet behoort te word. Ter staving van hierdie siening haal Redelinghuis vir Heydenrych as volg aan:

Kenmerke van hierdie strukturele siening van armoede is dat die primêre oorsake van armoede gevind sal word in die fungering van die samelewing as 'n struktuur van verhoudings, rolle en daarmee gepaardgaande status, mag en gesag (Redelinghuis, 1986:2).

Na aanleiding hiervan merk Redelinghuis op dat: "Dit beteken dat die armoede nie net in verband gebring word met ekonomiese bronne en middele, maar ook sterk gekoppel word aan die beheer

oor en verspreiding van bronne en middelle soos politieke, opvoedkundige, kulturele en maatskaplike geleenthede. Dit behels dus die bevestiging en institusionalisering van ekonomiese en politieke ongelykheid. Dit verklaar waarom sommige persone oortuig is dat die probleem nie armoede is nie, maar strukturele ongelykheid" (1986:2). Hierdie benadering bied dus 'n beter begrip van armoede en beklemtoon dat eksterne faktore tot gevolg het dat samelewings verarm.


### 3.3. HISTORIESE ASPEKTE RONDOND ARMOEDE BY KLEURLINGE

Met die beskouing van historiese gebeurlikhede rondom apartheid, word daar gevind dat die opkoms daarvan nie net humanitêre implikasies ingehou het nie, maar ook ekonomiese gevolge. Inteendeel, die 'Ideologie van Apartheid' - wat eintlik polities-gefundeerd is, het 'n bevolkingsgroep hoër as die ander geag. Om die kwessie van ongelykheid tussen bevolkingsgroepe te illustreer, benadruk van der Ross die volgende:

It is the dominant group which has the power to express its prejudice in such forms as legislations, discriminatory treatment exclusion or humiliation. The subservient group has recourse to none of these techniques (Van der Ross, 1986:115).

Saam met die apartheids-ideologie het dit ook gegaan oor die

oorlewing van die Wit-bevolkingsgroep. Daarom was die onderliggende filosofie van "communal apartheid" sedert 1948 in die Suid-Afrikaanse geskiedenis ontwikkel. Hierdie verwickelinge het gevolglik daartoe aanleiding gegee dat die verskillende rassegroepe deur middel van wetgewing van mekaar geskei was. Die implimentering van "communal apartheid" het veral binne die Kleurling-gemeenskap geboemerang (soos telkemale bewys was onder die bewind van 'n apartheidsregeringstelsel) en probleme geskep weens die noue verwantskap tussen genoemde bevolkingsgroep en die witbevolkingsgroep. Van der Ross beskryf daardie noue verwantskap as volg:



There were the known and accepted, but little-discussed, blood relations between Coloured and White people. There was the undeniable identity of culture. There were deep historical and moral feelings of responsibility. There were the pledges given in the past. But there were also other factors. There were prejudice, abhorrence, and fear (1986:115).

Verwysend na die Onderzoek na aangeleenthede rakende die Kleurlinge (op 23 Maart 1973 deur die Staatspresident benoem), haal J.B. du Toit aan dat tydens die Kommissie se ondersoek (benewens kleurverskille of sosiaal-ekonomiese verskille) daar inderdaad geen "eie gemeenskaplike kultuur erfenis" by die

Kleurlingbevolking gevind was nie. Hy sê:

Trouens, die feitelike ontledings van die kommissie in verband met kulturele aangeleenthede, asook die kerklike en godsdienstige lewe, het geen eie kultuurlewe geopenbaar nie. Soos gemeet aan taal, geloof en algemene kulturele belangstellings en bedrywighede is Kleurlinge in dié opsig geensins anders as blankes nie (Theron en Du toit, 1977:100).

Die klassifisering en gevolglike segregasie van die verskillende bevolkingsgroepe het besonder traumaties verloop. Hieronder haal navorser 'n hele reeks wette wat op die wetboek geplaas was om sekere vorms van sosiale omgang tussen 'Blankes' en 'Nie-Blankes' (soos dit op daardie stadium bekend gestaan het) te ontmoedig.

1. Die verbod op Gemengde Huwelike in 1949;
2. Die Ontugwysigingswet van 1950 wat geslagtelike omgang tussen Blank en Nie-Blank verbied het;
3. Nywerheidsversoeningswet van 1956;
4. Die wet op Staatsondersteunde Inrigtings van 1957;
5. Die Groepsgebiedewet van 1951 ensovoorts.

So was die lys van wette aangevul om die rasse op elke denkbare wyse in die gemeenskap te skei. Van al die wette wat geproklameer was, was die Groepsgebiedewet. Pick druk die gevoelens en verlies van die Kleurlingbevolking uit wanneer hy die effek van die implimentering van die groepsgebiedewet as volg aanhaal:

Die betrokke wet is die mees gehate een omdat dit 'n direkte bydrae gelewer het tot die Kleurlinge se verdere armoede-toestand. Dit was die vooruitstrewende deel van die Kleurlingbevolking wat die hoogste offers moes bring. Dit was mense wat eiendomme besit het. Dit was die Kleurling-middelklas, die leierkorps, wat die swaarste getref is. 'n Ongekende bitterheid en wantroue teenoor die owerheid en die meeste Blankes was die gevolg van hierdie "wrede en gehate" wet. Dit was egter nie alleen die gegoede deel wat gely het nie - selfs die armer deel van die kleurlinggemeenskap is diep geraak (Pick, 1988:86-90).

Apartheid het gevolglik onderdrukking teweeggebring en ook 'n aanslag op die moraliteit van die onderdrukte samelewings meegebring, veral diegene wat op daardie tydstip as nie-blank geklassifiseer was. Giliomee en Schlemmer haal Regter van Winsen aan om meer perspektief op Rasseklassifikasie van daardie tyd te plaas. Hulle sê:

The decision as to a person's classification is, under the laws of this country, of cardinal importance to him since it effects his status in practically all fields of life, social, economic, and political. An incorrect classification can in all of those fields of life have a devastating effect upon the life of the person concerned (Giliomee en Schlemmer, 1989:85).

Regter Van Winsen se uitgangspunt met betrekking tot rasseklassifikasie dui op 'n dieper betekenis wat apartheid op die samelewing binne die Suid-Afrikaanse konteks gehad het. Daarom het Adam Small die apartheidsgedagte beskryf "as 'n filosofie wat verwydering bring tussen mense." (Small, 1976:6126). Apartheid het gevolglik nie net een deel van die bevolking van noodsaaklike lewensbronne ontnem nie, maar ook die verskillende rassegroepe van mekaar verwyder. Small filosofer oor die gevolge wat apartheid vir die verskillende bevolkingsgroepe inhou, en val die ideologie aan as hy sê: "deur te diskrimineer teen my as Bruinman, deur te diskrimineer teen my as 'n swartman,...word daar ook gediskrimineer teen die Witman, en...die persoonlikheid van die Witmense word ook aangetas omdat die persoonlikheid van die Swartmense aangetas word, en...dit is presies soos...menslike vernedering en minagting van menslike waardigheid gedurig werk,...dat die aantasting van die waardigheid van een deel van die gemeenskap 'n aantasting van




die waardigheid van die totale gemeenskap is." (1976:6150). Uit genoemde aanhaling is dit duidelik dat die verarming van een deel van die bevolking 'n inherente effek op die ander deel van die bevolking het. Dit het gevolglik nie net tot ekonomiese agteruitgang gelei nie, maar tot onderdrukking en afstomping. Small se opmerking het geweldige implikasies vir die hele spektrum van die Suid-Afrikaanse bevolking ingehou. Hiermee word navorsers se ervaring van apartheid deur gemelde aanhaling onderstreep omdat die verskillende bevolkingsgroepe 'bang', oftewel onvrymoedig was om met mekaar te assosieer. Dit het agterdog en vooroordeel tot gevolg gehad. Genoemde 'psigologiese afwyking', wat deur die apartheidbestel geskep was, het samelewings ontnem van hul natuurlike self en omskep in iets wat hulle nie wou wees nie. Die ongelykheid wat die apartheidswetgewing tussen bevolkingsgroepe daargestel het, het 'n komplekse gevoel van minderwaardigheid ontketen wat 'persoonsvernederend' was.

Ten spyte van die feit dat apartheid verwydering tussen verskillende rassegroepe meegebring het, was die lae inkomste waaroor die Kleurlingbevolking bestem was, verpletterend. Hendrik W. van der Merwe en C.J. Groenewald merk tereg ten opsigte van die lewenstandaard van die Kleurlingbevolking op dat:

The low income of these households has far-reaching consequences for the standard of nutrition, health,

housing, personal care as well as for the individual's motivation and labour productivity. The low income is at the root of the "culture of poverty" which is still characteristic for a wide section of the Coloured community (Van der Merwe en Groenewald, 1976:61).

Van der Merwe en Groenewald is van mening dat die lae inkomste by die Kleurlinge die oorsaak is van 'n tendens wat as 'n "kultuur van armoede" gekenmerk word. Van der Ross brei uit op die voorkoms van armoede by die kleurlingbevolking waar misverstande bestaan het oor die konsep "Kleurling-kultuur". Hy haal aan dat:



a Coloured culture is the condition of poverty in which so many Coloured people live, and with which being Coloured is then so often associated. This is one of the unfortunate results of a long history, beginning with slavery. The freeing of the slaves was not accompanied by any programme of economic assistance, and to many ex-slaves freedom was to mean only the freedom to be poor (Van der Ross, 1979:10).

Verwysend na die stelling wat deur Van der Ross gemaak was, dui dit daarop dat die kleurlingbevolking (net soos die ander swart volkere) gedoem was tot armoede omdat die land se beleid hulle gedegradeer het tot minderwaardige persone. Die

historiese verloop van armoede by die kleurlingbevolking, veral in die landelike gebiede, het magteloosheid tot gevolg gehad, weens materiële gebrek.

Die skepping van materiële wantoestande tussen verskillende bevolkingsgroepe as gevolg van diskriminasie, het toegelaat dat armoede by die Swart-bevolkingsgroep ontketen was. Lester C. Thurow druk hom as volg uit wanneer hy die verband tussen armoede en diskriminasie aandui:

Both qualitative and quantitative investigations of poverty reveal that racial discrimination is an important factor. Much of the poverty suffered by blacks can be ascribed to discrimination in one of its forms. Thus, programs designed to eliminate poverty will not eliminate black poverty. Nor will the elimination of racial discrimination solve the problem of poverty. Discrimination and poverty are as intertwined as Siamese twins; they need two policies, one to fight the causes of poverty and another to reduce discrimination (Thurow, 1969:1).

Diskriminasie teen die Swartbevolking het meegebring dat teen hulle op 'n ekonomiese vlak gediskrimineer was. Hierdie degradering het nie net relatiewe armoede ontketen nie; maar ook absolute armoede in sekere gemeenskappe tot gevolg gehad. Magteloosheid by arm mense lei tot onttrekking en 'n gevoel

van aanvaarding van die situasie waarin hulle leef. Derhalwe ontbreek die motivering om uit die situasie van magteloosheid te breek. Op die reaksie van die onderdrukte massa op verandering sê Paulo Freire die volgende:

As long as the oppressed remain unaware of the causes of their condition, they fatalistically 'accept' their exploitation. Further they are apt to react in a passive and alienated manner when confronted with the necessity to struggle for freedom and self-affirmation (Freire, 1972:40).

Die apatiese houding van die arme, soos Freire dit beskryf, is tweërlei van aard, naamlik: die effek van jarelange onderdrukking en die weerhouding van lewensnoodsaaklike bronne. 'n Suid-Afrikaanse skrywer, Leopold Scholts, bespreek (in 1993) die onwilligheid van die Suid-Afrikaanse samelewing om te beweeg na 'n demokrasie as volg:

Die geskiedenis, in teenstelling tot die Marxistiese teorie, leer dat demokratiese opstande nie plaasvind in samelewings waar die verdrukking en armoede besonder straf is nie. In sulke gevalle absorbeer die daaglikse stryd om oorlewing alle energie en dus bly daar niks oor vir abstrakte begrippe soos vryheid en menseregte nie (Die Burger, 12.03.93:10).

Daarom was dit belangrik dat 'n sterk middelklas gevestig moes word (wat veral kon stry teen ongeregtigheid) waarvan die heelwat geletterdheidsvlak hoër is.

#### 3.4. DEFINISIE VAN GEMEENSKAP

Die definiëring van die konsep "gemeenskap" is ingewikkeld. Die moeilikheidsgraad lê daarin dat 'n gemeenskap nie staties is nie, maar dualisties, dit wil sê biologies en sosiaal van aard. Ten spyte van die tweeledigheid beskryf René Kónig die konsep gemeenskap as 'n sosiale sisteem:

the community appears as a 'social system'; that is to say a relationship which is characterized, ...by the fact that the people concerned are conscious of its differences from other similar relationships. This structural relationship, ...is decisive for the survival of any particular community and for its social and cultural identity...(Kónig, 1968:28).

Soos reeds aangedui in die beskrywing van 'n gemeenskap as 'n sosiale eenheid, kom 'n wye verskeidenheid van sosiale eenhede ter sprake. Om die verwarring wat met die konsep "gemeenskap" gepaard gaan uit te beeld, maak Fred Milson die volgende stelling:

'Community' is one of those words which we are inclined to use frequently, serene in the

confidence that we know what it means until somebody asks to define it (Milson, 1974:2).

Milson vervolg en gee vier begrippe waaronder die konsep "gemeenskap" gebruik kan word:


One, the small community, local and with many areas of common life. Two, an association of people with common life who do not live in the same neighbourhood. Three, localized and large but with little common life throughout. Four, a process (Milson, 1974:2).

Dit is dus duidelik dat verskillende uitgangspunte, of modelle, gebruik word om die konsep "gemeenskap" te definieer. Alhoewel gemeenskappe en samelewings meer geïndustrialiseerd geraak het, het ander tipes gemeenskappe tot stand gekom. Ten spyte van die ewolusie wat in die gemeenskappe plaasgevind het, is Kónig van mening dat daar geen verandering in die basiese konsep en belewenis van 'n gemeenskap voorkom nie. Sy sê:

Indeed communities as living social units have by no means disappeared from our modern social system, provided we realized that the fact of being a global society does not imply any possible isolation, autonomy, autachy of selfsufficiency on the part of the community. In such cases too the

community remains a more or less large local and social unit in which men co-operate in order to live their economic, social and cultural life together (Kónig, 1968:28).

Daaronder definieer - Die Defiërende Woordeboek vir Maatskaplikewerk - die konsep "gemeenskap" as 'n "funksioneel verwante versameling van mense wat op 'n bepaalde tydstop in 'n bepaalde geografiese gebied woon, in 'n sosiale struktuur georden is en 'n bewustheid van hul eiesoortigheid en eie identiteit as groep openbaar." Homero Ferrinho op sy beurt definieer 'n "gemeenskap" in 'n meer globale konteks, naamlik:

- 
- (a) a way of life, defined by a set of common values and interests around which institutions are developed and with which residents identify themselves (cultural approach);
  - (b) a network of social interaction within which people relate to another (sociological approach);
  - (c) a system of reference for a set of common individual identifications (psychological approach);
  - (d) a place from which a human population obtains the energy it needs to live and survive (ecological approach) (Ferrinho, 1980:1).

Jeffrey Reiman verwys ook na 'n gemeenskap en noem dit 'n sosiale struktuur. Reiman is van mening dat hierdie sosiale struktuur veranderlik en in beheer is van diegene wat dit bewoon. Die gemeenskap sal dus sy eie kenmerke hê na gelang van etniese norme, waardes en geloofsoortuigings (Reiman, 1990:213).


Dit is veral kenmerkend dat in ons sosiale milieu bepaalde strukture geskep word wat gedrag orden om eenstemmigheid te bepaal. Daarom word gedragsreëls neergelê wat toelaat dat die inwoners in die gemeenskap hulle daarmee identifiseer. Reiman huldig ook die mening dat die ingesteldheid tot verandering en vooruitgang in die samelewing self geleë is. Die deelnemende faktor, naamlik samehorigheid, word as 'n belangrike kenmerk beskou om verandering te bewerkstellig. Hy onderstreep die belangrikheid van 'n samehorigheidsgevoel en noem dat "A social system is a peculiar thing. If all the members of society had knowledge of the behaviors by which they together constitute the society's structure, together they could change the system as they saw it (within of course, the limits of physical nature, human psychology, and the compatibility of system elements). But for each individual the system is barely changeable at all" (1990:214).

Betreffende die kwessie van geregtigheid binne 'n sosiale sisteem maak Reiman onderskeid tussen natuurlike en



maatskaplike geregtigheid. Hy huldig die mening dat: "natural justice are single acts (such as murder or theft), social justice asks about pattern of action (such as that which sustains a legal system or distribution of wealth), systems of behavior rather than individual instances of behavior (Reiman, 1990:215). Reiman vervolg en noem dat die funksionering van 'n gemeenskap basies op drie pilare rus, naamlik: die politiek, die reg, en die ekonomie. Hierdie drie dimensies is interafhanklik van mekaar. Hy noem vervolgens dat: "the legal system is implicated in the political and economic systems, and it should be equally obvious that these are implicated in it and in one another" (Reiman, 1990:217).

Saam met die werking van die gemeenskap kom ook maatskaplike geregtigheid voor en onderskryf Reiman die volgende beginsels:

The principles of social justice are the principles governing social structure to which people would agree subject to the conditions of the social contract...(Reiman, 1990:227).

Deur die gemeenskap in 'n globale perspektief te beskou, kom dit daarop neer dat al genoemde komponente in interaksie met mekaar is. Na navorser se beskeie mening moet die gemeenskap derhalwe as 'n sisteem van interaksie beskou word waar die ekologiese, sosiale, kulturele, en psigologiese elemente in 'n bepaalde verhouding met mekaar staan.

3.5. DIE KONSEP "GEMEENSKAPSWERK", "GEMEENSKAPSORGANISASIE" EN "GEMEENSKAPSONTWIKKELING"

In oorsig met die konsep "Gemeenskap" is dit vir die doel van die studie nodig om die konsepte "Gemeenskapswerk", "Gemeenskapsorganisasie" en "Gemeenskapsontwikkeling" te bespreek. Veral wanneer daar later in die skripsie na die H.O.P. se werksaamhede verwys word.

3.5.1. DIE KONSEP "GEMEENSKAPSWERK"

Dit is baie duidelik in die literatuurstudie dat die konsep "gemeenskapswerk" deur verskillende persone verskillend beskou word. Dit is 'n werksmetode wat die ideologie en kulturele verskille van mense wil verstaan. Graig en andere merk hiermee tereg op dat gemeenskapswerk net soos maatskaplikewerk vir 'n verskeidenheid van ideologiese perspektiewe wat strek vanaf konserwatiewe strategië van maatskaplike beheer tot statutêre verantwoordelikheid teenoor gedepriiveerde gemeenskappe oop is (1982:1). Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk beskryf gemeenskapswerk as 'n "Gesamentlike, beplande aksie van lede van die gemeenskap en 'n Maatskaplike Werker om die maatskaplike funksionering van die totale gemeenskap te bevorder deur (1) op mikrovlak kennis en hanteringsvermoë te verhoog en sodoende die gemeenskap te bemagtig om maatskaplike probleme en behoeftes te hanteer, (2) op mesovlak te verseker dat daar doeltreffende hulpbronne is wat op die behoeftes van

die gemeenskap afgestem is, en (3) op makrovlak die gemeenskap demokratiese inspraak te gee in die formulering van welsynsbeleid."

Gemeenskapswerk as werksmetode was deur meer ontwikkelde gemeenskappe primêr as 'n maatstaaf om te skeep beskou, uit te brei, of om beide die voorsiening en lewering van dienste aan 'n groot deel van die bevolking as moontlik te verbeter. Daarmee saam bied Gemeenskapswerk die geleentheid vir diegene wat daarop ingestel is om 'n radikale verandering in die gesagstruktuur van die samelewing te bring (Wilson en Younghusband, 1975:9). Gemeenskapswerk is hoofsaaklik besorg oor die verloop van maatskaplike dienslewering deur die analisering van noodsaaklike situasies en die vorming van verhoudings met verskillende groepe om maatskaplike verandering te weeg te bring. Die drie oogmerke om gemelde besorgdheid aan te spreek, is eerstens, 'n demokratiese proses waar mense deur hul eie sienswyses aangespoor word om deel te neem in hul eie ontwikkeling. Tweedens, om 'n gevoel van behoort aan in 'n bepaalde gemeenskap aan te wakker en laastens, om beplanning of gemeenskapsorganisasie binne die gemeenskap te vestig (Boyle e.a., 1973:4). Om die bepaalde kenmerke van gemeenskapserk toe te lig, haal Fred Milson, 'n Amerikaanse professor, Nathan E. Cohen in die Eerste Gulbenkian verslag as volg aan:

Community work includes: (a) helping local people

to decide, plan and take action to meet their own needs with the help of available outside resources; (b) helping local services to become more effective, usable and accessible to those whose needs they are trying to meet; (c) taking account of the interrelation between different services in planning for people; (d) forecasting necessary adaptations to meet new social needs in constantly changing circumstances (Milson, 1974:17)

Dit is dus duidelik dat gemeenskapswerk te make het met die beginsel van hulpverlening aan persone en gemeenskappe om opheffing te bewerkstellig.

Soos reeds uit die beskrywing verstaan, is die gemeenskapswerk-benadering 'n uitbreiding van die maatskaplikewerk-metodologie om ontwikkeling te laat geskied. Dit omsluit gevolglik die ander twee konsepte, naamlik "Gemeenskapsorganisasie" en "Gemeenskapsontwikkeling".

### 3.5.2. DIE KONSEP "GEMEENSKAPSORGANISASIE"

Die konsep "Gemeenskapsorganisasie" soos alreeds aangedui kan nie alleen bestaan nie. Dit word altyd in verband gebring of saamgevat met ander maatskaplikewerk prosesse. Perlman en Gurin is insiggewend wanneer hulle die terme "gemeenskapsorganisasie" en "maatskaplike beplanning" in

oënskou neem en van mening is dat by betekenis die twee konsepte nie sonder mekaar kan funksioneer nie (1972:6). Dunham waag dit om Gemeenskapsorganisasie te definieer en sê as volg:

Community organization means a conscious process of social interaction and method of social work concerned with any or all of the following objectives: (a) the meeting of broad needs and bringing about and maintaining adjustment between needs and resources in a community or other area; (b) helping people to deal more effectively with their problems and objectives, by helping them develop, strengthen, and maintain qualities of participation, self-direction, and cooperation; (c) bringing about changes in community and group relationships and in the distribution of decision-making power (1970:4).

Dit is baie duidelik dat gemeenskapsorganisasie oor probleemoplossing en maatskaplike verandering handel wat die mees belangrike funksie is en beklemtoon.

### 3.5.3. DIE KONSEP "GEMEENSKAPSONTWIKKELING"

Die konsep "gemeenskapsontwikkeling" word deur Dunham gedefinieer as "organized efforts of people to improve the

conditions of community life and the capacity of the people for participation, selfdirection, and integrated effort in community affairs" (1970:171). Hy sê verder dat gemeenskapsontwikkeling deur mense bestuur word. Dit wil selfhelp, vrywillige deelname en samewerking tussen mense in die gemeenskap tot stand bring, bygevolg daarmee dat hulle die ondersteuning van die staat en vrywillige organisasie kry (Ibid). Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk neem genoemde aspekte van gemeenskapsontwikkeling in ag en definieer Gemeenskapsontwikkeling as 'n "Proses wat mense in staat stel om kragte en hulpbronne binne 'n gemeenskap te mobiliseer en te bestuur deur geleenthede te skep vir demokratiese besluitneming, aktiewe deelname en samewerking, selfhelp, ontwikkeling van leierskap en benutting van opvoedingsgeleenthede om die totale gemeenskap se intrinsieke potensiaal te bereik en kragte te bevorder."


Soos in gemeenskapswerk vermeld is ontwikkelde lande daarop ingestel om die demokratiese proses te bevorder en om die waardigheid van die mense by bevredigende deelname te erken (Milson, 1974:14).

In gemeenskapsontwikkeling kom bepaalde algemene kenmerke voor. Dunham noem die volgende:

- (a) Gemeenskapsontwikkeling is besorg oor alle lede binne 'n gemeenskap, alhoewel nie almal aan gemeenskapsprojekte

deelneem nie;

- (b) Dit is besorg oor die totale gemeenskapslewe en gemeenskapsbehoefte;
- (c) Dit is begaan daarvoor om maatskaplike verandering in die gemeenskap te weeg te bring;
- (d) Dit het 'n aandeel daarin om probleme op te los;
- (e) Dit is gebasseer op die filosofie van selfhelp;
- (f) By gemeenskapsontwikkeling word ook tegniese hulp vanaf regerings en vrywillige organisasie beskou;
- (g) Dit is interdisiplinêr; en
- (h) 'n Opvoedkundige rol word daardeur aan die gemeenskap gebied. (1970:172).



Gemeenskapsontwikkeling word uit hierdie beskrywing beskou as die bemagtiging van die totale gemeenskap deur die aktiewe deelname van sy mense om hul volle potensiaal te bereik.

### 3.6. GEREGTIGHEID IN VERBAND MET 'n ORDELIKE SAMELEWING

Die miskennis van die mens as mens deur ander persone of instellings, het tot gevolg dat die mens se menswaardigheid aangetas word. Hierdie voortbring van ongelykheid lê dan die basis vir diskriminerende optrede tussen individue. Die psigo-

sosiale implikasies van maatskaplike ongeregtigheid, wat oorgeërf was van die Suid-Afrikaanse bestel voor die 1994 demokratiese verkiesing, kom in sy geheel nog steeds na vore in die vorm van persoonsontbering by diegene wat onder apartheid gelei het. Daarom het die dimensie van apartheid berus op die daarstelling van maatskaplike ongelykheid en onderdrukking.

Aangesien maatskaplike geregtigheid beskou kan word as die teenvoeter van persoonsontbering, is dit essensieel dat die etiek van geregtigheid uitgelig word. Die etiek van geregtigheid, volgens Nicolai Hartman, die groot filosoof van moraliteit, is om die egoïsme van die mens teen te staan. Dit impliseer dat selfsugtigheid by die mens uitgeskakel word om die regte van andere te erken. Om inhoud aan geregtigheid te verskaf noem Hartman dat:

The higher spiritual, the communal and cultural values one and all can flourish only where body, life, property, personal freedom of action, and the like, are secured...Justice, then, makes room in the sphere of actuality for the higher value. The more diversified moral life cannot begin, till the simple conditions are supplied. Justice is the moral tendency to supply these conditions. It is the prerequisite of all further realization of value...Justice is the minimum of morality that



paves the way for all higher forms (Hartman, 1932:231-232).

Hartman druk geregtigheid uit as 'n morele waarde, en genoemde waarde moet deur die reg beskerming geniet. Die reg moet, in die ware sin van die woord, altyd tot die individu se beskikking wees en onpartydig handhaaf word. Hartman was van mening dat geregtigheid nie as die hoogste vorm van morele waarde beskou moet word nie, maar eerder as die minimum, omdat dit as die basis van gemeenskapslewe beskou word.

Adam Small, opvoedkundige en skrywer, vind dit paslik om die 'minimum van moraliteit' binne die kultuur van die mens uit te druk en te verpolitiseer. Hy haal aan:

In enige land - ons s'n is Suid-Afrika - is almal, as burgers van die plek, aan mekaar verwant ten aanskoue van die waarde by uitstek van goeie politiek: GEREGTIGHEID. Op engels: JUSTICE. Vir 'n land om 'n lewens onderhoudende staat te wees (om sy mense in staat te stel tot mooi en selfs groot dinge), is dit nodig vir sy politiek om sig te vestig volgens die waarde van geregtigheid. Dis die waarde van die mensdom wat deur...Nicolai Hartman, paslik beskryf word as 'n waarde verteenwoordigend van 'n "minimum moraliteit" (let wel, 'n minimum wat ordelike samelewing moontlik maak.) (Rapport,

10 Julie 1994:23).

Friedman en Chapman bevestig die standpunt van Hartman en maak dit van toepassing binne 'n politieke bestel. Hulle tref onderskeid tussen onderskeidelik morele en juridiese waarde.

Since the birth of liberal democracy, justice has remained a legal concept, but the laws to which this attribute is ascribed have been divided into moral and jural, and those of the latter class have come to be 'made' to an important extent by each political society for itself, ...Jural laws are made and enforced by the state, a quite modern development, especially as to lawmaking; enforced as a political function is older, but still not primeval (Friedman en Chapman, 1974:2).

Na navorser se mening is die morele waarde van geregtigheid deurslaggewend by die skepping van 'n regverdigte gemeenskap. Die juridiese waarde het dus die gemeenskaplike doel om die persoon se regte te beskerm.

Die belangrikheid van maatskaplike geregtigheid kan nie oorbeklemtoon word nie. Daarom vervolg Friedman en Chapman en bespreek, net soos Hartman, die beginsel: maatskaplike geregtigheid as die 'minimum van moraliteit.' Hulle sê:

The principle of justice lay the foundations for

the just relations of man to man and therefore for just political relations which are ordered by constitutional justice, much as principles of constitutional justice lay the foundation for the formation and modification of constitutions and therefore for political justice within constitutions (1974:52).

Die uiteensetting dat geregtigheid beskou kan word as die minimum van morele waarde, gee 'n aanduiding dat daar 'n noue verbintenis tussen die twee konsepte bestaan. Om moraliteit te beskryf, gee Ginsberg 'n uiteensetting van die konsistensie van die bepaalde begrip:

The development of morality consists in the widening of human sympathies, the progressive clarification of human needs and purposes, and a fuller grasp of the obligations or norms which they carry with them. Natural or ideal morality is not something which is, so to say, there at the beginning from which specific rights and duties are deducible, but emerges slowly and develops as men grapple with the problems of human relations and find ways of reconciling conflicting interests (Ginsberg, 1965:56).

Soos die beskrywing van geregtigheid deur ander outeurs, noem

Ginsberg dat "Justice...consists in the ordering of human relations in accordance with general principles impartially applied." Hy haal dan Aristoteles aan wat noem: "the just is a form of the 'equal'; that is, it involves the principle that like cases should be treated in like manner and different cases differently" (Ginsberg, 1965:56). Volgens hierdie aanduiding dat geregtigheid, as morele waarde, nie losstaan van die toepassing van die reg nie, word alle mense as gelyk aanvaar en daarvolgens behandel. Die reg van toepassing op mense neem veral die waardestelsel en norme in ag wat op sy voortbestaan van toepassing is. David Lyons haal 'n Amerikaanse juris, Lon Fuller (1902-78), aan om die verband tussen die reg en morele waarde aan te dui. Hy sê:

Whatever law may involve, it is used to regulate behavior. We do not have a system of law unless we have some norms that are supposed to be followed by those who are capable of following them. Moreover, law-making seeks to regulate behavior on a large scale. This requires general rules, not ad hoc legal decisions that are unpredictable...They must be prospective, since no one can change behavior in the past. They must not entail inconsistent demands or require conduct beyond the powers they govern. Unless conditions like these are satisfied, law is incapable of achieving its essential function, that of providing general guidance for behavior which

can actually be used by people to regulate their own conduct (Lyons, 1984:74-75).

Lon Fuller bestempel genoemde stelling as "the inner morality of law" (Ibid). Navorser is van mening dat die reg deel van die mens se waardestelsel moet uitmaak. Na navorser se wete is dit belangrik dat die reg universeel moet wees. Dit moet onpartydig wees en die toepassing daarvan moet harmonie binne die maatskappy bewerkstellig. Indien die politieke bestel die onafhanklike regsbank erken en meganismes daarstel om reg te laat geskied, sal maatskaplike ongeregtigheid afgeskaal word en die mens sodoende sy demokratiese reg kan uitoefen.

### 3.7. LANDELIKHEID vs. HALF-LANDELIKHEID

Die onderskeid tussen landelikheid en half-landelikheid moet in die konteks van absolute en relatiewe armoede beskou word. Hierdie onderskeid is alreeds vroeër in die hoofstuk getref en dit lê die basis vir die praktiese voorlegging van die gebied onder bespreking.

#### 3.7.1. LANDELIKE ARMOEDE

In die verwysing na die voorkoms van absolute armoede in landelike gebiede, veral in Derdewêreldlande, is die aanduiding dat inwoners meestal arm is. Daarom het die opstellers van die "World Development Report" van 1980

absolute armoede beskryf as: "a condition of life so characterized by malnutrition, illiteracy and disease as to be beneath any reasonable definition of human decency" (World Bank, 1980).

Die probleme in onderontwikkelde gemeenskappe, in besonder die Derdewêreldlande, het 'n effek op die res van die wêreld-  
ekonomie. Paul Harrison lig die volgende aspekte uit wat 'n  
effek op die toekoms van die ontwikkelende lande het, naamlik:  
(a) die afwesigheid van werkseleenthede omdat die onder  
ontwikkelende lande oor min industrieë beskik, (b) die  
uitputting van belangrike grondstowwe, en (c) die bedreiging  
van wêreldvrede omdat die armes swak is. Harrison som die drie  
aspekte in die volgende uitdrukking op:

scarcity and growing social polarization in  
developing countries mean that - unless something  
is done about it - civil wars and international  
conflicts may become (indeed, already are becoming)  
more frequent, with the superpowers inevitably  
drawn in on opposing sides (Harrison, 1981:17-18).

Hierdie gegewe vrese van die Groot Moondhede was in die laaste  
dekade, veral in die Afrikastate, bewaarheid met die  
voorkoms en verband tussen burgeroorloë en hongersnood.  
Willy Brand spreek sy kommer uit oor die wanbalans wat by  
veral militêre regerings voorkom met betrekking tot hul

verantwoordelikheid teenoor hul mense. Hy sê:

Every day the world spends millions and millions of dollars for military purposes; we stockpile more explosives than food, and we are concerned with what is called military security than with hunger and malnutrition, which in the end may pose an even greater threat (Brandt, 1986:10).

Die ingewikkeldheid van die probleme binne die Afrika-kontinent maak dit vir enige hulpverlener van buite moeilik om 'n effektiewe diens te lewer, of prioriteite aan te spreek. Lloyd Timberlake haal Djibril Diallo, destydse verteenwoordiger van die Verenigde Nasies se Kantoor vir Noodoperasies, aan om die Verenigde Nasies se onbeholpenheid met die hele Afrika-probleem te illustreer. Hy haal aan:

Africa's problem - Africa's biggest problem - is too many people going around the continent with solutions to problems they don't understand. Many of these solutions are half-baked. But this is not to put all the blame on the North. Some Africans don't understand African problems (Timberlake, 1986:8).

Saam met die mens se aandeel tot die totstandkoming van armoede, haal Timberlake, sowel as Harrison die volgende faktore aan, naamlik: die tropiese hitte wat produktiwiteit

verlaag en die totstandkoming van veranderinge in die atmosfeer, indien plantegroei verwyder word; die gedurige voorkoms van droogte en storms; en die tendens dat die armes in gebiede woon wat hom tot rampe leen. Rampe, volgens Harrison, is 'n onreg van die natuur teenoor die mens, omdat dit as 'n oorsaaklike faktor van armoede beskou kan word. Hy sê:

Disasters...are not entirely due to the injustice of nature: the injustice of man also plays its part. Poverty contributes both to the causation and impact of disaster. It is a major cause of deforestation and desertification which aggravate floods and droughts. Poverty and pressure of population drive the poor to live in increasingly dangerous places, like slums perched on steep slopes, or flood and cycloneridden islands of the Ganges delta in Bangladesh (Harrison, 1981:30).

In die bestudering van die verskillende aspekte en oorsake van armoede val die kolling op die beskikbare grond en die hantering daarvan. Die landbouer word as die lewensaar van elke ontwikkelende land beskou en ter wille van ontwikkeling is die regering van die land genoodsaak om daarin te belê. Indien die regering en sy inwoners onverskillig staan teenoor gronderosie, en grond nie bewaar nie, word die landbouer ontnem van sy politieke en ekonomiese mag. Timberlake huldig



die volgende standpunt om die belangrikheid van die bewaring van grond te beklemtoon:

Soil erosion matches the erosion in farmers' political power, as they are more squeezed out of their nations' political and economic life. In democracies where large proportions of the population live off the land, the farming lobby forces governments to put money and attention into the soil (Timberlake, 1986:10).

In die Suid-Afrikaanse konteks was die swart bevolking uitgesluit wat regte op grond betref, of eksklusiewe gebiede was aan hulle toegeken. (Swart bevolking word in hierdie geval ook verstaan die Kleurling bevolking omdat dieselfde behandeling by beide van toepassing was.) Die diskriminasie op grond van ras en kleur het nie net die menseregte en menswaardigheid van die swart bevolking geskend nie, maar het ook tot die skending van die fisiese omgewing bygedra in terme van die uitputting van beperkte bronne tot hul beskikking. Timberlake sê in hierdie verband dat:

South Africa, through the larger apartheid strategy by which it attempts to apportion land along racial lines, institutionalises precisely these same destructive land-use practices: overgrazing, overcultivation and deforestation (Timberlake, 1986:174).

Naas die aandeel wat apartheid gehad het met die voorkoms van armoede binne die gegewe konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing, het die vlak van geletterdheid - veral by die swart bevolking - ook 'n effek op die ekonomiese ontwikkeling gehad. Daarom is Paulo Freire se uitspraak relevant wanneer hy geletterdheid en onregverdigheid in verband met mekaar bring.

Illiteracy not only threatens the economic order of a society, it also constitutes a profound injustice. The injustice has serious consequences, such as the inability of illiterates to make decisions for themselves or to participate in the political process. Thus, illiteracy threatens the very fabric of democracy. It undermines the democratic principles of a society (Freire en Macedo, 1987:vii).

### 3.7.2. HALF-LANDELIKE ARMOEDE

Die voorkoms van armoede in die gebied van navorsing kan nie heeltemal binne die kader van absolute armoede geplaas word nie. Dit is eerder 'n gebied waar relatiewe armoede aanwesig is.

Relatiewe armoede soos dit algemeen by die Kleurlinge voorkom, het die besondere kenmerk dat die minderbedeelde groep as't ware afhanklik is van die meerbevooregde groep om hul basiese

behoefte te bevredig.

Dit is gevolglik duidelik dat die vorige apartheidsbedeling diskriminering, onderdrukking en verarming by die Kleurlinge ontketen het. Die verlening van hulp om die armoede-toestand waarin die mense leef te bowe te kom, word in hoofstuk ses behandel. Bowenal is dit belangrik om daarop te let dat die kenmerkende ervaring van armoede deur verskillende persone min of meer dieselfde ervaar word.

### 3.8. KONKLUSIE

Soos reeds aangehaal word die konsep "armoede" beskou in terme van die oneweredige verspreiding van bronne, of die gebrek aan bronne om 'n 'gesonde' lewe te lei. Armoede by die Kleurlinge kan in verband gebring word met die voorkoms van apartheid, in die vorige politieke bedeling, wat humanitêre, sowel as ekonomiese implikasies ingehou het. Die Kleurlingbevolking se integriteit was daardeur aangetas en armoede was ontketen omdat hulle onteien was van hul besittings. Genoemde bevolkingsgroep was derhalwe verskuif na gebiede wat dikwels ver van die sentrale kern van ontwikkeling gelêe was.

Die konsep "gemeenskap" word in die skripsie beskou as 'n sisteem van interaksie waar die ekologiese, sosiale, kulturele en psigologiese elemente met mekaar in 'n bepaalde verhouding

staan.

"Maatskaplike geregtigheid" word aanvaar as die teenvoeter van persoonsontbering. Daarom berus die etiek van geregtigheid daarop om die egoïsme van die mens teen te staan en ander persone se reg te eerbiedig. Hartmann beskou geregtigheid as 'n morele waarde, en dit kom daarop neer dat dit die basis van gemeenskapslewe vorm.

Die onderskeid tussen 'absolute' en 'relatiewe' armoede hou ook verband met die lewenstandaard tussen die swart (hierby die Kleurling ook ingesluit) en wit bevolkingsgroep in die Suid-Afrikaanse konteks. Die gevolg van apartheid was dat die wit bevolkingsgroep deur wetgewing opgehef was terwyl die swart bevolkingsgroep, waarby ingesluit die kleurlinge, in absolute of relatiewe armoede moes bestaan. Ten spyte van die feit dat die huidige regeringsbeleid ongeregthede van die verlede wil regstel, bestaan die twyfel of dit daartoe sal bydra om die swart bevolking se huidige behoeftes aan te spreek.

HOOFSTUK VIER

GEMEENSKAPSTUDIE VAN DIE GROTER CHATSWORTH-GEBIED

4.1. INLEIDING

Hierdie studie konsentreer op die Chatsworth-Riverlands-gebied. Om verwarring uit te skakel word die gebied die GROTER CHATSWORTH-GEBIED genoem - soos aangehaal uit 'n ondersoekverslag deur die Weskus Streeksdiensteraad (konsep no.1 : Augustus 1994). Hiernaas word ook na die profiel van die Malmesbury Plaaslike Oorgangsraad verwys om van die jongste statistiese gewens aan te haal.

Die emosionele sy van die Groter Chatsworth-gebied, daardie ontberinge wat die inwoners in hul leeftyd saam moes dra, word aangehaal uit 'n verslag wat deur die destydse RIVERLANDS BESTUURSRAAD op Woensdag 17 Desember 1986 behandel was. Hierdie verslag was aan mnr. Curry, destydse Minister van Plaaslike Bestuur Behuising en Landbou in die Huis van Verteenwoordigers, versend. Die hoofrede vir die gebruik van dié inligting is om te bewys dat met die tydsverloop daar net beloftes van ontwikkeling gemaak was, sonder dat werklike ontwikkeling plaasgevind het.

Die inhoud van die ondersoek omsluit die sosio-historiese faktore wat in die gebied voorkom, die politieke en ekonomiese

prosesse en die mmatskaplike omstandighede wat deur die politieke en ekonomiese toestande veroorsaak word.

#### 4.2. LIGGING VAN DIE GEBIED ONDER BESPREKING

Die Groter Chatsworth-gebied is noordoos van Atlantis geleë en strek tot teenaan Malmesbury. Die woongebied is ongeveer 20 km. vanaf Malmesbury op die (N7) pad in die rigting van Kaapstad geleë. Die afstand vanaf die afrit tot by die Groter Chatsworth is ongeveer 10 km. grondpad. Dit is dus gedeeltelik binne die soomgebied van die Kaapse Metropolitaanse Area geleë. (Sien figure na bibliografie.) Die Groter Chatsworth word vir die doeleindes van die studie verdeel in twee woonbuurtes, naamlik Chatsworth en Riverlands. Daar word ook vermeld dat die Riverlands woonbuurt ook in die volksmond as "Dassenberg" bekend staan. Die Chatsworth dorpsgebied is in isolasie geleë. Geografies word dit as "'n gebied met plat hellings" beskryf. Riverlands woonarea word ook as 'n gebied met "plat hellings en sanderige grondstruktuur" beskryf. Vleiareas is ook aanwesig. Die Groter Chatsworth is dus 'n landelike gebied, nie metropolitaans in karakter en is hoofsaaklik op Malmesbury as sentrale gebied vir dienste en funksies aangewese.

#### 4.3. HISTORIESE PERSPEKTIEF

Soos reeds vermeld is die Groter Chatsworth binne die landdrosdistrik van Malmesbury geleë. Volgens geskiedskrywers was die gebied Malmesbury so vroeg as 1655, slegs 3 jaar na Jan van Riebeeck voet aan wal gesit het, onder leiding van Jan Wintervogel verken. Die gebied was "Het Zwartland" genoem weens die renosterbossies wat gedurende somermaande swart vertoon. Op 27 Junie het Malmesbury die 5de NG-Gemeente aan die Kaap geword en het die dorp aanvanklik as "Zwartlandskerk" bekend gestaan. Op 21 Mei 1829 is die dorp deur die goewerneur, Sir Lowry Cole, tot Malmesbury, ter ere van sy skoonvader herdoop. Die dorp het op 8 Junie 1860 munisipale status verwerf.

Die gebied van navorsing, het volgens historiese gegewens, in 1856 sy ontstaan gehad. Die geskiedenis van die gebied word as volg in die voorgenoemde dokumente aangeteken:

Gedurende die vroeër negentiende eeu het 'n sekere dr. Attaway, verbonde aan die Amerikaanse Episkopale Kerk, 'n plaas, bekend as Michiel Heynskraal, aangeskaf en 'n dorp daarop gestig. Kopers van heinde en ver het erwe hier aangeskaf. Dienste en infrastruktuur wat aan kopers beloof is, is egter nooit geïnstalleer nie wat grootskaalse ontevredenheid tot gevolg gehad het. Die "stad" Riverlands (soos dit genoem sou word) het gevolglik nooit tot stand gekom

nie. Van die oorspronklike 422 persele wat opgemeet is, is slegs 153 erwe in die naam van die eienaars geregistreer. In die Riverlands Bestuursraad se navorsing word van die regisrasie van die "dorp" as volg melding gemaak:

Volgens gegewens van die aktekantoor wou dit voorkom asof die plaas later in besit was van die African Real Estate, ene Cornelius Mcquenna en Gipbert van Reenen. Die plaas is later deur 'n sekere Frank van Reenen gekoop. 'n Skool of kollege soos dit genoem was, is gebou, maar is later gesloop.

Dit word ook vermeld dat "Die Attaway-dorp" sou die "GREATER CHATSWORTH" heet. Oor dié dorp vind ons die volgende in die aktekantoor: "According to relevant Schedule there are 7813 erven in this allotment area numbered 1-7813. The vast majority of these erven are at date hereof unregistered consequently folios have not been opened in respect of registered erven numberd 301 upwards."

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë bekom die plaas van ongeveer 2000ha aangrensend tot Chatsworth in 1920 en 'n spoorlyn is hierna aangelê. Dié plaas word in 1940 RIVERLANDS gedoop. Nie grondbesitters wat reeds in hierdie area woonagtig was, het hulle persele teen 'n nominale bedrag van die spoorweë gehuur. Die res van die grond is deur die spoorweë en die NG



Sendingkerk (vandag bekend as die Verenigde Gereformeerde Kerk) gepag. Laasgenoemde het heelwat gedoen om die gemeenskap op te hef. Daar is onder andere 'n winkel en skool opgerig.

'n Gedeelte van die gebied is onlangs deur die Departement van Natuurbewaring van die Kaapse Provinsiale Administrasie van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste gekoop, aangesien dit as 'n ekologies sensitiewe gebied beskou word. As gevolg van hierdie verwickelinge is daar inwoners in die Dassenberg Landelike Gebied (Groter Chatsworth-Gebied) wat reeds 80 tot 100 jaar lank grond huur.

#### 4.4. BEVOLKINGSTENDENSE

Volgens statistiese gegewens (profiel Malmesbury Plaaslike Oorgangsraad) woon in die Groter Chatsworth net Kleurlinge. In Chatsworth is die inwonertal 1700 en in Riverlands 1945. Ongeveer 3645 van die totale inwonertal van Malmesbury is in die gebied woonagtig.

Die bewoners veral in Riverlands is oor die hele gebied versprei en bewoon huise wat van baksteen, latjies, sink en hout gemaak is. Volgens 'n opname van die Malmesbury Plaaslike Oorgangsraad was die volgende aangehaal:

TABEL 1

## Aantal Huise

Woonbuurt	Getal
Riverlands	160
Chatsworth	131

In dieselfde opname was die aantal gesinslede per huishouding ook ondersoek. Dit word as volg aangedui:

TABEL 2

## Aantal gesinslede per huis

Getal inwoners	Riverlands	Chatsworth
1	1	2
2	15	10
3	16	23
4	31	26
5	33	30
6	13	18
7	18	6
8	8	2
9	6	3
10	5	3
11	4	1
12	3	1
13	1	0

Aangesien weinig werkseleenthede in die Groter Chatsworth voorkom, werk die grootste persentasie van die inwoners buite die gebied. Volgens statistiek is "Minder as 10% van die inwoners op omliggende plase werkzaam. Ongeveer 40% van die ekonomies aktiewe bevolking werk in Malmesbury, 34% in Kaapstad en 15% in Atlantis." (konsep no.1:Augustus 1994).

Na aanleiding van statistiese gegewens (profiel) het die volgende inkomste verspreiding voorgekom:

TABEL 3

## INKOMSTEVERSPREIDING

Inkomstegroep	Riverlands	Chatsworth
0-450	54	26
451-800	9	17
801-1500	42	28
1501-2500	18	13
2501-3500	3	2
3500+	4	1
niks aangedui	29	42
totaal	159	129

Met die verwerking van die statistiese gegewens het 8,16% van die inwoners tydens ondersoek in Riverlands vir 'n salaris gewerk. Van die inwoners van Chatsworth het 7.58 % op daardie stadium gewerk vir 'n salaris. Met inagneming van die groter wordende werkloosheid sal inwoners meer betrokke raak by die

bedryf van informele besigheid.

#### 4.5. DIE UITOEFENING VAN MAATSKAPLIKE GERECHTIGHEID

Met verwysing na die historiese agtergrond van die Groter Chatsworth-gebied, het daar oor die jare altyd die vrees bestaan dat die gemeenskap verbrokkel kan word. Daarom het die Bestuursraad van die Groter Chatsworth-gebied in sy voorlegging, gedateer 17 Desember 1986, aan die Minister van Plaaslike Bestuur Behuising en Landbou, hul teenkanting oor hul onsekere posisie met hul verblyf in die gebied uitgespreek. Dit het veral verband gehou met die Afdelingsraad se aksie om die inwoners in 1977 na Atlantis te verskuif. Om die werklike gevoelens van die gemeenskap, in hul soeke na stabiliteit en sekerheid te verwoord, was in hul skrywe die volgende uiteengesit, naamlik (a) Die inwoners wou die gebied as 'n Kleurlinggebied laat proklameer. Op daardie stadium was dit die enigste uitweg om dit te behou, en (b) hulle wil identiteit aan die gebied verleen sodat ontwikkeling kan plaasvind.

Om die werklike maatskaplike en emosionele ontbering te illustreer, het die opstellers van die voorlegging die stappe wat verbrokkeling van die gemeenskap tot gevolg gehad het, as volg aangehaal, naamlik (1) Die totstandkoming van Atlantis in 1977 het geweldige meningsverskille uitgelok. Die

owerhede wou die inwoners dwing om die behuising in Atlantis te bekom. Menige van die inwoners het getrek en sodoende is familiebande verbreek en jarelange vriendskappe daarmee heen. (2) Tydens die Afdelingsraad se aksie teen die inwoners wou geen staatsdepartement inmeng om die intimidasie stop te sit nie omdat hulle kwansuis as plakkers beskou was. (3) Die woord "plakker" was vir die inwoners onaanvaarbaar omdat die inwoners hulle nie as sulks beskou het nie. (4) Die blaam van die probleme in die gebied was grotendeels op die kerk geplaas omdat die instansie niks gedoen het om die verbrokkeling te keer nie.

Die gemeenskap, wat godsdienstig georiënteerd is, het op daardie stadium dit noodsaaklik geag om bymekaar te kom, sake te bespreek en te bid. Dit wil voorkom of die gemeenskap in hul eenvoud op daardie dag in 1978 (die spesifieke datum is onbekend) 'n belangrike deurbraak gemaak het deur te verhoed dat die gemeenskap verder verbrokkel en pogings aan te wend om hul lewensgehalte te verhoog.

#### 4.6. ONTWIKKELINGSPOTENSIAAL

Die Groter Chatsworth ressorteer tans onder die Malmesbury Oorgangsraad wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling en instandhouding van die gebied.

Die ontwikkelingspotensiaal binne die gebied onder bespreking is uitermate groot. Daar word verwag dat die metropolitaanse groei in die kort en langer termyn aansienlike druk op die randgebied en veral die Groter Chatsworth-omgewing sal uitoefen. Derhalwe sal die randgebied na verwagting op die korttermyn toenemend belangrik word as 'n landelike en residensiële gebied. Op die korttermyn word verwag dat die aanvraag na grond vir residensiële doeleindes sal toeneem, veral gedagtig daaraan dat baie mense die landelike leefwyse van hierdie gebied aantreklik vind, as 'n alternatief tot die metropolitaanse leefwyse.

Hierdie vraag na behuising en verwagte bevolkingstoename in die gebied en die spektrum van vraag na goedere en dienste, fasiliteer die vestiging van landbougeoriënteerde nedersettings as 'n strategie vir ontwikkeling binne die gebied. Na verwagting sal die migrasie na hierdie gebied vanaf plattelandse gebiede ook in die langtermyn toeneem. Dus sal groter druk op die randgebied uitgeoefen word om in die primêre behoeftes van die groterwordende bevolking te voorsien.

Die Groter Chatsworth-gebied is dus strategies geleë om 'n noemenswaardige bydrae in dié verband te maak. Aan die een kant is daar 'n goeie mark vir die afset van produkte in die metropool en aan die ander kant bied die uitvoermark besondere

geleenthede. Wat veral belangrik is, is dat vervoerkostes nie hoog is nie en die landelike leefwyse saam met die voordele van metropolitaanse dienste, as 'n besondere aansporing kan dien vir die vestiging van kleinboere.

#### 4.7. INGENIEURSDIENSTE

Die ingenieursdienste omsluit die volgende, naamlik sanitasiedienste, watervoorsiening, stormwaterstelsel, vullisverwydering en energiebenutting. Die volgende statistiek ten opsigte van die dienste word as volg uiteengesit:

Soos die statistiek aandui met betrekking tot sanitasiedienste gebruik 197 huishoudings in Chatsworth die septiese tenk teenoor die 189 huishoudings in Riverlands. Die res van die inwoners gebruik die emmerstelsel waar die menslike afval begrawe word. Dit is nie net die grondwater wat deur hierdie metode besoedel word nie maar dit is ook onhigiënies.

TABEL 4

Watervoorsiening (a) (Bewoonde areas)

Residensiële Area	1+Kraan per Erf	1 Kraan 1-10 Erwe	Geen Formele Water-fasiliteite
		Getal Erwe	
Chatsworth	52		145
Riverlands	31		189

TABEL 5

## Watersvoorsiening (b) (Onbewoonde areas)

Residensiële Area	1+Kraan Per Erf	1Kraan Per 1-10 Erwe	Geen Formele Water-Fasiliteit
	Getal Erwe		
Chatsworth			867
Riverlands			

Met in agneming van watersvoorsiening is dit duidelik dat die inwoners 'n probleem het om water te bekom. Hul toegang tot suiwer water is beperk en dit is sodoende ontwrigtend vir hul daaglikse bestaan.

Die stormwaterstelsel vir Chatsworth en Riverlands word deur die profiel van die Malmesbury Plaaslike Oorgangsraad as volg beskryf. Chatsworth het Gruisstrate en kanale. Baie plat woongebied met grondformasie wat baie sanderig is en verspoeling vergemaklik. Die Riverlands woongebied het geen formele stelsel, hoofsaaklik afhanklik van natuurlike lope. Grondhellings baie plat en nat vlei-ares is aanwesig. Grondstruktuur baie deurlaatbaar en vind verspoelings redelik maklik plaas.

Vullisverwydering deur die verantwoordelike Raad vind nie in die woongebiede plaas nie. Die inwoners verwerk die vullis self en begrawe dit. Dit het weereens 'n effek op die



higiëniese toestand in die omgewing.

#### 4.8. VERVOERINFRASTRUKTUUR

Soos alreeds vermeld word die toegangsroets na die Groter Chatsworth gekenmerk deur grondpaaie. Die uiteensetting van die roetes word as volg weergee:

TABEL 6

#### Padinfrastruktuur

Residensiële Area	Lengte van Paaie (km)		
	Paaie Geteer	Paaie Ongeteer	Skynbaar Informele Pad
Chatsworth	0	12,25km	8,67km
Riverlands	0	0,5km	6,25km

Uit die statistiek is dit duidelik dat die busvervoer baie wisselvallig is. 'n Taxidiens is ook vir die inwoners beskikbaar maar dit is ook ongereeld.

#### 4.9. TELEKOMMUNIKASIE

Die telefoondiens na die inwoners is taamlik uitgebrei.

Volgens die (profiel) is die telefoonuitbreidings as volg:

TABEL 7

## Telekommunikasie

Residensiële Area	Getal Huishoudings Met Telefone	Getal Publieke telefone
Chatsworth	44	2
Riverlands	69	0

4.10. BEHUISING

Wat behuisingsbehoefte betref word projekte vir Chatsworth en Riverlands afsonderlik beplan. Chatsworth beplan 'n projek van 250 huise en Riverlands 260 huise.

4.11. GRONDGEBRUIKE

Die oorhoofse grondgebruik binne die gebied onder bespreking is hoofsaaklik landboukundig van aard. Daar kom ook beperkte stedelike funksies soos opvoeding, gesondheid en rekreasie voor wat meer op 'n gemeenskapsvlak bedryf word. Daar kom verder ook bewaringsgebiede voor soos die Riverlands Provinsiale Natuurreservaat, sowel as natuurlike areas wat bewaringswaardig is.

Die bewaringswaardige gebiede is by uitstek die twee waterdraers, naamlik die Atlantiswaterdraer en die waterdraer benede die Chatsworth-gebied. Die drie berggebiede, naamlik

die Dassenberg, Contreberg en Kleindassenberg (Kanonkop) asook die twee riviere, naamlik die Dieprivier en die Swartrivier, 'n spoorlyn en 'n hoofpad wat die area deurkruis, vorm die belangrikste natuurlike en fisiese elemente waar die Groter Chatsworth geleë is.

Dienslewering en die infrastruktuur van die gebied is swak ontwikkel en soos reeds vermeld, funksioneer die stedelike funksies op minimum standaard. Die redes hiervoor hou verband met die geskiedkundige vestigingspatroon wat in die gebied plaasgevind het. Dit het gevolglik nie voorsiening gemaak vir die verbandhoudende gemeenskapsgeoriënteerde grondgebruik nie.

#### 4.12. DEMOGRAFIESE INLIGTING

Ontwikkeling het spesifiek in die Groter Chatsworth-gebied ongekoördineerd en sonder 'n doelgerigte beplanningsraamwerk plaasgevind, wat meegebring het dat fasiliteite, dienste en ander stedelike behoeftes agterweë gebly het.

Soos reeds aangehaal is daar ongeveer 3645 inwoners in die Groter Chatsworth. Bykans 200 geboude huise bestaan, maar die res van die inwoners se huise is gebou met houtmateriaal of sinkplate. Sommige huise staan bekend as latjieshuise, waarvan heelwat bouvallig is.

Die infrastruktuur van die Groter Chatsworth is as volg: Die 'woonbuurt' Chatsworth beskik tans oor geregistreerde erwe wat privaat verkoop word. Die woonbuurt, Riverlands, beskik oor 'n gebrekkige infrastruktuur en die Malmesbury Oorgangsraad is besig om een te skep en uit te bou. Daarom word dienste soos paaie, watervoorsiening en riolering aangebring as aansporing tot ontwikkeling.

Wat die fasiliteite van die Groter Chatsworth betref, is daar net die volgende: 5 kerke (byname Verenigde Gereformeerde Kerk, Amerikaanse Methodiste Epikopaalse Kerk (AME), Penticostal Church, Ou Apostoliese Geloofsending en Nuwe Apostoliese Kerk), 2 begraafplase, 1 mobiele kliniek, 1 bewaarskool (Japsnoet), 2 primêre skole (Chatsworth Primêr en Riverlands Primêr), 1 stortingsterrein en 4 sakeondernemings. Geen hospitaal, biblioteek, rioolsuiweringswerke, of ontspanningsfasiliteite bestaan nie, of waar dit wel bestaan, is dit onderontwikkel. Dus word die fasiliteite van die omliggende landelike dorpe, soos Atlantis en Malmesbury, se geriewe benut.

Die volgende sosiale knelpunte in die gebied kom voor, naamlik, werkloosheid onder jong volwassenes, die voorkoms van tienerswangerskappe, veral diegene wat in die stad werk, terwyl hul ouers dan die kinders moet grootmaak, die voorkoms van alkohol en dwelmafhanklikheid by jong volwassenes en die

afwesigheid van gesonde ontspanningsgeriewe. Die volgende statistiek met betrekking tot geboortes was deur die Profiel van die Malmesbury Plaaslike Oorgangsraad as volg aangehaal:

TABEL 8

## Geboortes

Onder 19	Blank	Kleurling	Asiër	Swart
Chatsworth		1		
Riverlands		5		

Met inagneming van die bevolkingsgetal in die gebied is die voorkoms van tienerswangerskappe nie so hoog nie.

TABEL 9

## Geboortes

Bo 19	Blank	Kleurling	Asiër	Swart
Chatsworth		19		
Riverlands		25		

Wat die eienaarskap van die Groter Chatsworth-gebied betref: Spoorwet besit die Riverlands-gebied suid-wes van die spoorweë (ongeveer 852 ha) met die uitsondering van ongeveer 44 ha wat vir dorpsstigting deur die Malmesbury Plaaslike Oorgangsraad aangekoop is. Die omliggende plase (ongeveer 120 ha) is hoofsaaklik privaat eiendom. Die natuurareas (ongeveer 1320 ha) was in 1985 oorgedra aan die Departement Natuurbewaring.

Die Metodiste Episkopale kerk van Afrika besit net die terrein waarop die kerk en pastorie geleë is.

#### 4.13. LANDBOU

Die randgebied, waarvan die Groter Chatsworth deel vorm, is uiters geskik vir die verbouing van saaigewasse, wingerde en veeboerdery. Die omgewingskenmerke van die gebied is as volg:

##### 4.13.1. KLIMAAT

Die langtermyn-gemiddelde reënval wissel tussen 400 en 500 mm. Omtrent 80% van die reën val gedurende die wintermaande. Die gebied leen hom dus tot droëlandproduksie van wintergraan. Gedurende die somer bestaan daar 'n groot kans dat die temperatuur tot hoër as 30°C sal styg. Die somertemperatuur kan dus uitputtend wees. Die wintertemperature is egter matig. Winde het nie 'n nadelige effek op die beoefening van landbou nie.

##### 4.13.2. GRONDKENMERKE

In die ontleding van die grond deur Elsenburg Landbou-ontwikkelingsinstituut in 1991, word dit beskryf as sanderige dupleksgrond met medium en growwe getekstuurde sand in die bogrond.

#### 4.13.3. PLANTEGROEI

Met navorsing wat deur Elsenburg Landbou-ontwikkelingsinstituut in 1991 op natuurlike weiding in die gebied gedoen was, is bevind dat die Kusstreek Fynbos as gevolg van bewerking versnipper is. Groot gedeeltes van die Fynbos is ook deur Port Jackson en Rooikrans ingedring. Gevolglik, is die weidingspotensiaal van die gebied beperk.

#### 4.13.4. LANDBOUVERWANTE FASILITEITE

Met betrekking tot voorligting vir landbou-aangeleenthede binne die gebied, beskik Malmesbury oor 'n proefplaas. Die voorkoms van landboukoöperasies is belangrik vir die hantering van plaasprodukte en die voorsiening van boerderybenodigdhede.



Hoendervleis en eiers word deur private pluimveeboerderye bedryf. Die produkte word hoofsaaklik in Kaapstad en omliggende dorpe bemark.

Die produsering van vars melk en die lewering van slagvee bied ook 'n belangrike inkomste vir die gebied.

Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat die totale produksie van vars groente aan die varsproduktemark van Kaapstad gelewer word.

#### 4.13.5. WATERVOORSIENING

Die meeste plase in die Malmesbury Landdrosdistrik het boorgate wat aangewend word vir veesuiping en huishoudelike gebruik.

Die water in die boorgate is standhoudend wat dus meebring dat geen watertekorte voorkom nie.

#### 4.13.6. OMGEWING

Aangesien die Groter Chatsworth-gebied binne 'n sone van bewaringsbelang geleë is, veral met betrekking tot die rol van die waterdraers, plantegroei en bewaringsgebiede, was die volgende voorstelle deur die opstellers van die KONSEP NO.1 : AUGUSTUS 1994. gedoen: (1) Om te verseker dat die bewaringswaarde van die Dassenberg/Riverlands gebied verhoog word, is dit belangrik om die twee sisteme te koppel deur natuurlike korridors. (2) Om Dassenberg met die Riverlands Natuurreservaat te verbind, sal dit noodsaaklik wees om die gronde suid-wes van die spoorlyn (ten minste gedeelte 2 van die Plaas Burgerspos No. 754) te bekom. (3) Dit word ook voorgestel dat 'n botaniese opname gemaak word van daardie gebiede wat tans onder ontwikkeling staan soos die by Chatsworth en in Riverlands, om te verseker dat skaars en bedreigde habitate nie vernietig word deur stedelike uitbreiding nie. (4) Voorts sal dit die Raad ook in staat stel



om 'n vestigingsprogram te implimenteer waar bepaalde plantspesies in die weg staan van ontwikkeling wat reeds goedgekeur is. (5) 'n Dringende aspek wat aandag moet geniet, is die verwydering van uitheemse plante uit die gebied. 'n Geleentheid lê hierin opgesluit om werksgeleenthede te skep en opvoedkundige programme te bevorder. (6) Dit word voorts voorgestel dat beskerming verleen word aan die Renosterveld wat voorkom op die granietheuwels in die beplanningsgebied. Wat die beskerming van die primêre aquifer betref, word voorgestel dat 'n toepaslike rioolbehandelingsstelsel geïnstalleer word in alle bestaande en toekomstige residensiële gebiede.



#### 4.11. KONKLUSIE

Aangesien hierdie ondersoek die gemeenskap in sy geheel wil bestudeer, word 'n gemeenskapsprofiel as belangrik beskou. Die doel is nie net om die historiese van die gebied na vore te bring nie. Die profiel moet die tipe gemeenskap weerspieël, die karakter van die gebied bepaal, die tekortkominge uitlig, en ook die beskikbare bronne in die gebied na vore bring.

Die navorser se ervaring van die gebied het aanleiding tot verdere ondersoek gegee. Tydens die ondersoek is raakpunte uitgelig wat dui op ontberinge wat die samelewing deurmaak. Die ontketen van 'n gevoel dat die lede van die gemeenskap

onder bespreking, in vergelyking met ander gemeenskappe, as 'minder mens' beskou word, het die term "agtergeblewe gemeenskap" ontstaan. Dit was die gevolg van die apartheidsbeleid waar die gemeenskap weens hul velkleur "vergeet" was. Hierdie optrede van die owerhede het gevolglik armoede in die hand gewerk omdat geen bronne ontwikkel was wat vooruitgang kon bepaal nie. Hierdie toestande het later tot die ontbering van die inwoners se persoonlikheid aanleiding gegee.



HOOFSTUK VYFONTLEDING VAN DATA VERKRY UIT ONDERSOEK5.1. INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk, ten opsigte van navorsing, is om 'n geheelbeeld te verkry van die gebied se probleme en behoeftes, hoe die inwoners daarvoor voel en wat hulle dink gedoen kan word om hul lewensomstandighede, ten spyte van die heersende probleme, te verbeter. Die ondersoek wil dus bepaal wat die werklike lewensomstandighede van die mense in die Groter Chatsworth-gebied is sodat realistiese voorstelle, wat maatskaplike geregtigheid tot gevolg kan hê, gemaak kan word.

5.2. VERKRYGING VAN DIE STEEKPROEF

Ten einde 'n steekproef te bekom, het die navorser nie net op eie indrukke en ervaring van die navorsingsgebied gesteun nie maar met die leiers in die gemeenskap gekonsulteer.

Die steekproef in hierdie studie het 28 persone ingesluit waarvan elf (11) mans en sewentien (17) vroue was. Die aantal respondente was as voldoende beskou omdat dit 'n kwalitatiewe beskrywende studie was wat primêr die probleme en behoeftes in die gemeenskap wou ondersoek. Die respondente was as "Kleurlinge" geklassifiseer en hul ouderdomme het gewissel tussen 25 en 75 jaar.

Altesaam sewe (7) individuele onderhoude was gevoer met gemeenskapsleiers; onder andere die prinsipaal van die Riverlands Primêreskool, twee onderwysers, die raadslid van die Groter Chatsworth en twee persone wat as leierfigure in die gemeenskap optree. Die groepe waarmee gesprek gevoer was, was onder meer die voorskoolse komitee, kerkraad van die Verenigende Gereformeerde Kerk, skoolkomitee, bejaardesorgvereniging en lede van die ontwikkelingskomitee in die Chatsworth woonbuurt. Die groete van die groepe het gewissel van twee tot ses lede per groep. Slegs een vraelys was vir beide die individuele onderhoude en groepsonderhoude gebruik. Die onderliggende rede vir gemelde werkswyse was om meer respondente by die onderhoude te betrek en om vas te stel of daar 'n verskil in sienswyse voorkom.



### 5.3. VERLOOP VAN ONDERSOEK

Die onderhoude met die respondente was aan die hand van 'n navorsingskedsule gedoen. Hierdie manier van ondersoek het die respondente die geleentheid gebied om vrylik hul menings uit te spreek. 'n Bandopnemer was gebruik om die presiese woorde van die respondent vas te lê. Hierdeur kan die gevoelswaarde van die respondent se response bepaal word.

Die nege kwessies wat tydens die ondersoek gestel was, is as

volg:

1. Die beskrywing van die effek van apartheid op die inwoners se persoon en lewensomstandighede;
2. die afwesigheid van noodsaaklike dienste;
3. Die standaard en beskikbaarheid van gesondheidsdienste.
4. die beskikbaarheid van gehalte onderwys, vervoer en ontspanningsgeriewe;
5. die standaard van huisvesting;
6. die beperkte finansiële bronne in die gebied;
7. die ontwikkeling van die gebied;
8. hulpverlening vanuit die gemeenskap; en
9. die mens se gevoelens omtrent die Heropbou en Ontwikkelingsprogram.

Die respondente se reaksie op die ondersoek was deurgaans positief. Enkele gevalle waar die respondente soms terughoudend was, het nie vyandigheid teenoor die navorser weerspieël nie. Dit het veral verband gehou met hul kulturele agtergrond, oftewel waardesisteen en 'diesulke' beskouing teenoor die eerste vraag wat die effek van apartheid wil

bepaal. Nadat 'n vereenvoudigde verduideliking gebied was, het gesprekvoering vlot verloop.

Die oorgrote meerderheid van die respondente het skoolopleiding geniet. Aangesien dit logies is dat sommige inwoners nie sekere terminologieë verstaan nie was aanvaarde uitdrukking gebruik wat aan hulle bekend is. Die gesprekvoering op die vlak van die gemeenskap het tot gevolg gehad dat respondente navorser aanvaar en die nodige samewerking verleen het.

Met vooraf kennisgewing het die onderhoude vanaf die oggend 9:00 tot 17:00 uur in die middag plaasgevind. Teen daardie tyd was van die respondente alleen tuis en geen steurings was aanwesig nie. Waar steurings wel voorsien was, was van 'n afsonderlike lokaal gebruik gemaak waar 'n vertroulike gesprek gevoer kon word. Groepbesprekings het in die volgende plekke plaasgevind:

- (a) Die vergadering met die voorskoolse komitee het in die Riverlands Voorskoolse Sentrum plaasgevind. Die komiteelede was almal vroue wat spontaan hul opinies gelug het.
- (b) Die kerkraad van die Verenigende Gereformeerde Kerk was in die konsistorie van die kerk gesprek. Met die

uitsondering van een vroulike kerkraadslid was alle raadslede mans. Tydens gesprekvoering was alle lede 'n gelyke kans gegun om hul opinies uit te spreek.

- (c) Gesprekvoering met die skoolkomitee het in die skool se personeelkamer plaasgevind. Die komiteelede was almal vroue met die uitsondering van die prinsipaal wie 'n manlike persoon was. Beperkinge wat tydens die vergaderings voorgekom het, was dat sommige persone nie aan die gesprek wou deelneem nie. Die navorser was verplig om die navorsingsvrae te vertaal omdat een lid versoek het dat daar met haar in engels gekommunikeer word. Tenspyte van gemelde steurnisse was die verlangde inligting bekom.
- (d) Die bejaardesorgvereniging het in een van die lede se huis vergader. Alle lede was vroue wat in die gebied grootgeword het. Behalwe vir die steurniss soos 'n telefoon wat lui of 'n klop aan die deur het gesprekvoring gunstig verloop.
- (e) Die vergadering met die Ontwikkelingskomitee van Chatsworth woonbuurt het in hul kantoor plaasgevind. Weereens het steurnisse soos die lui van die telefoon of persone wat die kantoor kom besoek aanwesig. Ten spyte daarvan het die navorser belangrike inligting bekom wat die gemeenskap se gevoelens verbaliseer.

Die probleme wat tydens die ondersoek voorgekom het, was voor die hand liggend. Tydens ondersoek was daar, met die besoek aan hul woning, op die respondente se privaatheid inbreuk gemaak. Sommige respondente moes ook hul vryetyd inboet om die afspraak met die navorser na te kom. Ten spyte van genoemde situasies, was die respondente se reg op privaatheid altyd eerbiedig.

#### 5.4. ONTLEDING VAN DATA

Soos reeds telkens na verwys, was by die ontleding van die data besluit om die response van die respondente te beskryf. Hierdie "beskrywende studie" het ten doel gehad om respondente so akkuraat en noukeurig aan te haal (Garbers, 1996:295). Daarom het dit die moontlikheid om verkeerde afleidings en veronderstellings te maak bemoeilik. Dit is ironies dat individuele respondente, asook die respondente in groepsverband se respons beduidende ooreenkomste getoon het. Daarom was by die transkripsie en bevindinge van die ondersoek weinig of geen verskil tussen die individuele response en dié response wat binne groepsverband verkry was nie.

##### 5.4.1. DIE EFFEK VAN APARTHEID

Die spesifieke vraag rondom "Apartheid" was doelbewus geopper



om te bepaal of die historiese werklikheid vir die inwoners van belang is. Die respondente het na verduideliking die vraag verstaan en het interessante uitsprake hieruit gevolg. Die navorsingsvraag het as volg gelui:

Wat is u eerlike gevoelens met betrekking tot die effek wat apartheid op u lewenswyse en menslikheid gehad het? Is daar in hierdie stadium alreeds verandering te bespeur in u situasie, in hierdie tydperk van oorgang ná apartheid. Hoe, meen u, is alles vir u op apartheis te blameer?

Die antwoorde op die eerste gedeelte van die vraag was oorwegend breed beantwoord omdat, alhoewel die mense afgesonderd leef, hulle daaglik of periodiek in kontak was met die apartheidsstelsel wat hul menslikheid geaffekteer het. Soos die navorser later mense sal aanhaal wat die effek van apartheid op hul persoonlike lewe illustreer, en die effek op hul gemeenskap sal beskryf, is daar diegene wat daarin glo dat apartheid nie 'n effek op hul lewensbestaan gehad het nie. Een respondent het dit baie duidelik gestel:

Apartheid, meneer het nie 'n effek op my lewe gehad nie. Met die gevolg, soos ek die mense beluister, wat hulle sê die apartheid het 'n effek gehad op die lewe, apartheid het gemaak dat hulle nie dít gedoen het nie, dat hulle dát gedoen het nie. Dit was nie so nie. Die groot omstandigheid het by jou,

as persoon ontstaan.

'n Ander respondent stel dit duidelik dat apartheid sy menslikheid en leefwyse, sowel as die ander inwoners, beïnvloed het:

Dit is seker maar so dat almal in die distrik se leefwyse en menslikheid was in 'n mate geraak deur apartheid. In 'n mate was mense indirek geforseer om hulle leefwyse aan te pas volgens die toestande hier in die dorp. MENSLIKHEID? Ek dink dit het baie kere vir my self persoonlik na vore gekom dat jy eintlik 'n soort minderwaardigheidskompleks aangeneem het. Maar teen alles dit is daar ook die gevoel dat...jy is 'n mens en...die blaam behoort eintlik nie jou toe te kom nie, maar die mense wat eintlik verantwoordelik was vir apartheid.

Weereens was 'n reguit respons van die effek van apartheid op die mense se bestaan deur 'n volgende respondent geopper.

Die apartheid van die verlede...was in so 'n sin dat ons as Kleurlinge was baie teruggehou van baie dingetjies wat jy kan gekry het, wat jy nie kan bygekom het nie, weens jou kleur.

Die kleur-kwessie was as volg deur 'n volgende respondent aangehaal:

Apartheid het gemaak dat jy agter geraak het. Dit wat jy graag wil bekom het, maar jy moet altyd gewag het...Jou kleur was altyd belangrik as jy miskien wil iets aanpak. Jy is nie daardie ras wat dit mag doen nie. Jy kan miskien al ver gewees het maar apartheid was altyd hier vóór en dit het jou altyd weerhou van sekere dinge.

Die respondent wat van mening was dat apartheid 'n destabiliseringseffek op die gemeenskap gehad het, het genoem dat hulle as gemeenskapslede "...apartheid ervaar het in die sin dat daar nie stabiliteit in die gemeenskap kan kom nie, ons nie toegelaat was om die gemeenskap so te vestig dat dit 'n blywende effek van stabiliteit op ons kon gehad het nie." Die respondent vervolg en bring die ontberings wat hulle moes deurmaak in die volgende stelling na vore:

Die groot punt rondom die apartheid is maar dat ons afgesny was van departemente wat ons kan gehelp het; en toe ons begin opneem het met departemente was daar baie beslommernisse, ons kan nie die regte departement vind nie. Die Afdelingsraad was nie baie geneë om ons te help nie totdat hulle later tot ander insigte gekom het, en besluit het dat iets aan die gebied gedoen word.

'n Ander respondent vat die effek van apartheid in breë trekke

as volg saam:

Ek sal sê beslis. In dié opsig. Punt nommer een is dat die rede dit 'n effek op ons wat opvoeding betref...In die tweede plek het dit eintlik 'n effek gehad selfs met ons verblyf ...Dit het ook 'n effek gehad oor die breë sosiale lewe van ons hele gemeenskap. Dit het bygedra, dis hoekom seker ons nog altyd vandag een van die agtergeblewene gemeenskappe is. Só groot effek het die apartheidsera op ons gehad.

In terme van verandering in die jare ná apartheid het die respondente verskillende menings geopper. Soos 'n respondent wat ontken dat veranderinge wel plaasgevind het:

Sover as wat ek dit nou kan sien, is dit maar nog dieselfde. Met die gevolg, terwyl die dinge verander het...(en) daar 'n ander bestuur is in die land, kom ons, as mens, nie sover dat ons 'n gemeenskap kan vorm wat die lewe draaglik...maak nie.

'n Ander respondent is daarmee eens dat verandering alreeds in die maatskappy plaasgevind het:

Persoonlik, is daar definitief verandering te bespeur...In die verlede as jy na 'n gebied soos

Malmesbury beweeg het, wat eintlik die dorp is van hierdie streek, was daar na jou verwys as Hotnot of meer onaangename uitdrukkings was gemaak. Deesdae wanneer jy na Malmesbury toe gaan, of jy is in die stad, as jy tussen mense beweeg,...die gevoel is nie meer dieselfde nie.

Die ander twee respondente was versigtiger in hul menings oor verandering in hul gebied en het hulle as volg uitgedruk:

Daar is so 'n klein ligstraaltjie wat daar begin deurskyn. So ons hoop dat binnekort gaan ontwikkeling plaasvind in Riverlands (woonbuurt). Daar is struikelblokke wat voorlê maar daar is hoop vir die toekoms. Na die 1994-verkiesing het dit maar ook stamp en stoot gegaan. Daar is baie kanale wat jy moet volg, veral met die baie departemente waarmee gekommunikeer was. Dan lyk dit vir jou amper in 'n groot mate die ding gaan môre plaasvind, dan hoor jy oor twee of drie dae dat dit oor ses maande of 'n jaar sal plaasvind.

en ook:

Die na-apartheidsjare het maar meer opgewondenheid gebring omdat daar meer sprake gekom het dat Riverlandsdorp wel tot stand sal kom. Die opgewondenheid is ook by tye gedemp omdat daar net

niks plaasgevind het nie; en tot op hede is daar geen noemenswaardige veranderinge nie, behalwe dat die skool darem toe 'n ordentlike skoolgebou kon kry en ons in 'n nuwe gebou kon intrek. Maar steeds het die vraag rondom die skool ontstaan, wat van die gemeenskap...Daar het eintlik baie water in die see geloop in die vorm van vergaderings wat ons kon bywoon en nuwe deure sien oopgaan. So by so dat ons nou by die drumpel staan van...dorpsontwikkeling.

Met die vraag of alles vir apartheid te blameer was, het al die respondente geantwoord dat, alhoewel apartheid 'n invloed op hulle lewensbestaan gehad het, kan dit nie vir alles wat in die gemeenskap gebeur, geblameer word nie:

Dit is nogal moeilik vir my om te sê, soos ek alreeds gesê het, as daar te blameer is, moet ek my ouers blameer, omdat hulle die grond kon opeis en gekoop het.

Oor die kwessie van groter aanvaarding van hul situasie noem 'n respondent die volgende:

...die apartheid het nogal nie weselik so 'n groot rol gespeel in Riverlands nie. Ek bedoel daardeur dat mense het nou maar hulle lot aanvaar, of dit nou volgens die apartheid is of nie...Vorige geslagte het vir ons vertel dat hulle baie lekker

gelewe het. Met ander woorde daar was geen druk op hulle geplaas nie. Hulle het nou maar geleef soos hulle geleef het...maar die een feit wat hulle uit die oog verloor het dat daar geslagte na hulle gekom het, of sou kom, en dat hulle nie juis daarvoor voorsiening gemaak het nie...Toe ons op die toneel verskyn, moes ons baie hard werk om (die) gemeenskap gevestig te kry.

Die respondent wat in sy eenvoud die effek van apartheid uitgelig het, het die diepere effek van die stelsel as volg verduidelik:

Apartheid het 'n groot rol gespeel teenoor ons Kleurlinge wat behuising betref; want in die verlede was daar so iets soos 'n Groepsgebiedewet.

Om die effek van apartheid uit te beeld, en om moraliteit aan te spreek, noem 'n respondent die volgende:

Alhoewel apartheid daar was, alhoewel apartheid sy sekere na-effekte en effekte gehad het op mens..., God het jou 'n wese gemaak waar jy jou...eie besluit...maak wat jy eendag wil wees, hoe jy eendag wil wees, en hoe jy wil lewe; en jy kan jou besluite gebruik om jou leefwyse te verander. Die blaam kan jy nie (net) op apartheid wil afdruk nie.

Uit die antwoorde op die navorsingsvraag kom dit duidelik na vore dat die respondente 'Apartheid' op twee vlakke beleef, naamlik: tydens kontak met ander gemeenskappe, en binne hul eie gemeenskap, waar die vorige regering nie hul bestaan wou erken nie. Derhalwe het geen ontwikkeling plaasgevind nie en vooruitgang het gestagneer. Die interessante aspek van die respons op die vraag is dat die respondente duidelik huiwerig is om apartheid vir alles te blameer.

#### 5.4.2. NOODSAAKLIKE DIENSTE

Die vraag oor die stand van noodsaaklike dienste in die gebied wou bepaal watter effek dit op die inwoners se voortbestaan het. Die navorsingsvraag was as volg geformuleer:

Die afwesigheid van noodsaaklike dienste soos lopende water, vullisverwydering en riolering is 'n werklikheid in die gebied. Wat is die effek wat dit op u lewensbestaan gehad het, en hoe kan dié situasie die hoof gebied word?

In die opname het al die respondente hul misnoë en ongelukkigheid oor die stand van gemelde noodsaaklike dienste uitgespreek. In 'n oorsig oor die stand van dié dienste meld 'n respondent die volgende:

Wat water betref, het hulle heelwat fonteine en is dit nog daaglik in gebruik. Dit verskaf water aan




al die mense wat langs die pyplyn woon...Maar in die tussentyd het dinge bietjie verander. Dit is alles nou op papier en gedagtes dat dienste nou gepaardgaan met die ontwikkeling van die nuwe dorp. Maar sover dit in die verlede was; daar is nou gekyk na die emmerstelsel en vullisverwydering. Vullis is maar gebrand, en lopende water was daar nou nie beskikbaar nie, behalwe dat die mense maar uit fonteine 'n bestaan kon maak het.

'n Volgende respondent dui die probleem wat die afwesigheid van dié dienste op sy lewensbestaan gehad het:

Lopende water was altyd Chattsworth (woonbuurt) se probleem...Vir my, as persoon was, dit 'n haglike toestand...want...ver afstande moes jy geloop het om...drinkbare water na die huis te neem...Ons weet almal dat as vullis ophoop, veroorsaak dit siektes, maar (met) die verwydering van vullis was 'n stelsel ingebring.(die mense het 'n gat in die grond gemaak en vullis daarin gegooi)...Mense het gebruik gemaak van buite-toilette, en...die toestande is nie dieselfde nie...Tans waar die plek besig is om opgelig te word, begin mense...water en speltoilette in te sit. In die verlede was dit 'n hartseer storie.

Naas die probleme met die verkryging van water, is die vullisverwydering en die verwydering van menslike afval vir die inwoners 'n wesenlike probleem omdat dit begrawe word. Soos die respondent noem: "Dit word begrawe, ek begrawe myne as my emmer vol is. Dan begrawe ek hom persoonlik, en ek begrawe hom diep." Die effek van die ontslae-raak van die menslike afval is vir die respondent 'n probleem. Soos hy dit stel: "Die reuk van die begraving van toilette is mos nie 'n lekker reuk nie, so dit effek jou, en vullis wat jy weggooi, jy kry nie sommer nie (die reuk), maar as jy hom kry,...kom daar 'n reuk uit wat nie aangenaam is nie."


'n Ander respondent druk hom as volg uit oor die persoonlike effek van die huidige riolering, watervoorsiening en vullisverwydering:



Riool...het 'n effek op ons, vir my as persoon. Met die gevolg is dat ons het heeltemal 'des genoodsaak' om 'n ander stelsel te gebruik. Jy kan nie met die ou in die die dorp...kers vashou... nie, want jou stelsel is heelwat anderste. Met ander woorde jy moet as't ware vir jouself...skaam wees....Die ander...sy van die storie wat die water betref, is dat jy het baie ontberings wat lopende water betref, want jy loop altyd gevaar dat jy kan een of ander soorte van 'n siekte opdoen. Want jy

is genoodsaak om putwater te gebruik, wat natuurlik nie die normale stelsel deurgaans nie...Jy's voortdurend in 'n risiko wat lopende water betref. Weereens het dit 'n effek op jou menswees proses wat water betref...Ja, vullisverwydering is ook 'n effek, aangesien jy kan daar soos wat jy genoodsaak is, maar 'n gat maak, die vullis daarin sit. Baie mense verbrand dit. Maar dit is weereens 'n risiko dat jy kan siekte versprei, as gevolg dat jy jou vullis in jou area moet verbrand.

Die respondente het verskillende opsies vir die opgradering van die dienste voorgestel. Dit word as volg uiteengesit:

- 
- (a) Opgradering sal eers kan plaasvind indien ontwikkeling plaasvind;
- (b) Die inwerkingstelling van gemeenskapsorganisasies wat daarop ingestel is om die opgradering van die dienste te bevorder;
- (c) Die aanstel van 'n bemiddelaar om eers die verdeeldheid binne die gemeenskap aan te spreek; en
- (d) Die gebruik van plastieksakke en die aanstel van gemeenskapswerkers om die vullis te verwyder. Wat menslike afval betref, sal die Oorgangsraad versoek word om dit te

verwyder.

Dit was duidelik uit hierdie weergawes dat die respondente opreg besorgd is oor die afwesigheid en gebrek aan gestandaardiseerde noodsaaklike dienste. Dit affekteer die gemeenskap se voortbestaan wat afhang van hierdie dienste en die verskaffing van primêre gesondheidsorg. Dit is bemoedigend dat die respondente 'n aanduiding het oor hoe die probleme aangespreek kan word, maar dat die verkryging van besitreg en die opgradering van die gebied buite hul magte lê.

#### 5.4.3. STANDAARD EN BESKIKBAARHEID VAN GESONDHEIDSDIENSTE


Soos reeds aangehaal, is Primêre Gesondheidsorg van kardinale belang om 'n gesonde gemeenskap te vestig. Soos waargeneem uit die gemeenskapsprofiel is die lewering van gesondheidsdienste onvoldoende. Die doel van die navorsingsvraag is om die gemeenskap se indruk van die bepaalde diens te verkry:

Die standaard en beskikbaarheid van gesondheidsdienste is kommerwekkend en onvoldoende. Watter indruk laat dit op u en hoe kan u gemeenskap inspraak hê om die effektiwiteit daarvan te verhoog?

Al die respondente het genoem dat die stand van die gesondheidsdienste in die gemeenskap power en onvoldoende is. Een van die respondente spreek sy misnoeë as volg uit:

Op die huidige oomblik is hier in Riverlands geen  
gesondheidsdienste nie. Hier kom 'n...mobiele  
kliniek...Dan staan hulle onder die boom en dan  
moet die Riverlands-gemeenskap...by die  
"vantjie" (die voertuig)...behandel (word) en  
diesmeer...Uit 'n menslike oogpunt is dit tragies  
om te sien dat 'n gemeenskap op die wyse behandel  
moet word.

'n Ander respondent wil weet of die regering sy mense as mense  
beskou, gesien die lewering van gesondheidsdienste aan die  
gemeenskap.



Dit laat vir jou dink (wonder) of die mense daar  
aan die bokant (in regeringsposte) rêrig die mense  
sien as mense. As hulle die mense moes gesien het  
as mense, sou hulle soort van beter  
gesondheidsdienste daar vir ons gestel het.


Weens die afwesigheid van 'n kliniek en 'n dokter bereken 'n  
respondent die finansiële uitgawes wat aangegaan moet word om  
die dienste te bekom as volg:

As jy in Malmesbury kom en jy gaan na 'n "private"  
dokter dan vra hy jou "totally" vyftig rand. Dan  
moet jy nog jou "busfare" hiervandaan hê en jy  
moet "busfare" terug ook hê. Gaan jy na die  
daghospitaal soos jy wat 'n "pension"-man is...dan

is dit agtrand. Wat gee hulle hom daar, pynpille.  
Hulle ondersoek jou nie.

As gevolg van die skamele gesondheidsdienste noem 'n respondent dat "...ons... het nou gewoon geraak deur mense na Malmesbury te vervoer, of met ons eie voertuie, of per bus, taxi, wat ook al...Dit het nogal 'n taamlike effek op die mense, want jy weet veral nie hoe moet jy dit hanteer as daar 'n skielike iets gebeur, óf 'n skielike siekte, óf wat ook al...(is nie)".

Om die effektiwiteit van die gesondheidsdienste te verhoog, is die respondente van mening dat die volgende stappe gedoen moet word:

- 
- (a) Die plaas van druk op die owerhede wat gemoeid is met die lewering van die gesondheidsdienste;
  - (b) Die Heropbou en ontwikkelingsprogram (H.O.P.) kan versoek word om 'n veeldoelige sentrum op te rig waar die gesondheidsdienste gelewer kan word;
  - (c) Die verskaffing van gesondheidsdienste hou ook verband met die opgradering van die basiese dienste soos lopende water, vullisverwydering en riolering; en
  - (d) Die uitskakeling van fragmentasie kan help om die lewering van gesondheidsdienste te verbeter.

Die respondente het wel die finansiële uitgawe van gesondheid bereken, maar die impak op die inwoners se menslikheid is vernederend. Die redes hiervoor is die onmenslike hantering van gesondheidsprobleme weens die afwesigheid van privaatheid. Die inwoners opper die mening dat gesondheidsdienste nie kan losstaan van die afwesigheid of gebrekkigheid van die noodsaaklike dienste nie. Vir die hantering van die gemeenskap op 'n menslike wyse, bepleit die respondente vir die oprigting van 'n veeldoelige sentrum.

#### 5.4.4. ONDERWYS, VERVOER EN ONTSPANNINGSGERIEWE

Tesame met voorgemelde noodsaaklike dienste vorm onderwys, vervoer, en ontspanningsgeriewe die basis van gemeenskapslewe. Dit is hierdie dienste wat bydra tot intellektuele ontwikkeling by die mense, en ook die bepaling van geestesgesondheid by die inwoners. Die navorsingsvraag was gevolglik as volg geformuleer:

Die beskikbaarheid en gehalte van onderwys, vervoer en ontspanningsgeriewe word as 'n fondament van die gemeenskapslewe beskou. Wat is u gevoel en mening oor dié dienste in u gemeenskap, en hoe affekteer dit die ontwikkeling van die mense in die gebied se potensiaal? Wat is u mening: hoe kan die standaard van dié dienste uitgebou word tot voordeel van die gemeenskap?

Die respondente is almal beïndruk met die standaard wat die skool lewer. Hulle het geloof in die twee beskikbare skole se dienslewering. Daarom noem een respondent dat "Uit die oogpunt van die onderwys,...dit is een van die dinge wat ek, as onderwyser, raakgesien het, dat ons sal net daarin slaag om 'n goeie gemeenskap hier te kry, in die toekoms, as ons die gehalte van die onderwys...verbeter." 'n Ander respondent sê pertinent dat "...die standaard van die twee primêre skole wat tans in Dassenberg en Chattsworth (is) en die standaard van die onderwysers is uitstekend." Die respondent spreek sy bekommernis uit met die feit dat die huidige skole nie opgegradeer word nie. Daarom noem die respondent dit is "... 'n probleem vir my om te sien dat so baie kinders uit die plek uit beweeg daagliks. Die Departement betaal duisende rande aan die verskillende busdienste. Waar daar nou al miskien beplan word vir 'n groter skool in Dassenberg..."

Al die respondente is dit eens dat die vervoerstelsel op die dorp onvoldoende en beperk is. Een respondent noem dat hulle "vervoer behandel soos iets wat goud is". Aangesien daar net soggens vroeg busvervoer na die omliggende dorpe is, en saans daarvandaan, skep dit die situasie dat daar nie deur die dag vervoer is nie. Die gemeenskap is dan afhanklik van ander vorme van vervoer. Maar soos 'n respondent noem: baie van die mense het die ongerief verdra maar sommige "...mense het die situasie ondraaglik gevind en maar liewers verkies om



hulle elders te vestig, naby die werk."

Die ontspanningsgeriewe word eweneens deur die respondente as power bestempel. Die toestand van die rugbyveld die afwesigheid van ander sportgeriewe, en 'n veeldoelige ontspanningskompleks, affekteer die gemeenskap se ontwikkelingspotensiaal. So merk 'n respondent op dat die afwesigheid van ontspanningsgeriewe is "...op die oomblik...baie lastig. Ons spelers speel byvoorbeeld op 'n rugbyveld wat ons eiehandig moes maak. Dit voldoen hoegenaamd nie aan standaard nie, en ons moet daarmee klaarkom...Wat eintlik nou 'n bietjie probleem skep, is as jy nou besoekers kry, dan stoot dit nou dadelik die besoekers 'n bietjie terug." 'n Ander respondent is van mening dat die ontspanningsgeriewe 'n effek op die karakter van die gebied en die persone wat in die gebied woon, het.

Ek het ook in my dae rugby gespeel. Maar die omstandighede waarin jy speel, jy voel eintlik skaam wanneer jy teen ander klubs speel, want daar is nie "uittrek"-geriewe nie, daar is nie 'n ordentlike veld nie. Dit is 'n sandveld en skep 'n negatiewe indruk van die gebied omdat die besoekende span hulle nie kan skoonmaak wanneer die wedstryd klaar is nie.

Al manier waarop die respondente dink die dienste uitgebou kan

word, is deur ontwikkeling, en die spoedige oprigting van 'n veeldoelige ontspanningskompleks. Soos 'n respondent noem: "...daar word nou sterk gewerk aan 'n saal en ons is nou al in die stadium waar ons beplan om die (bouplanne vir die) saal goedgekeur...te kry binne die volgende week of so. Sodat daar kan begin word met die bou van die saal...Dan dink ek sal dit heelwat probleme oplos."

Soos reeds gemeld, het die gemeenskap 'n gevestigde kultuur en poog eweneens om daardie diens uit te bou waaroor hul beheer het. Daarom vind die standaard wat die skool handhaaf, byval by die inwoners. Die onvoldoende vervoerreëlings en die gebrek aan ontspanningsgeriewe beperk nie net die inwoners nie, maar het 'n effek op die karakter van die gebied. Die inwoners is weereens van mening dat die ontwikkeling van die dienste gepaard gaan met strukturele verandering wat in die geheel in die gemeenskap moet plaasvind.

#### 5.4.5. STANDAARD VAN HUISVESTING

Huisvesting in die gebied van navorsing is 'n wesenlike probleem en hou nie net verband met die inwoners se finansiële vermoëns nie. Die probleem was hoofsaaklik die besitreg van die grond en die gevolge wat dit vir die inwoners ingehou het. Die navorsingsvraag lui as volg:

Hoe staan sake met die standaard van huisvesting in u geval?  
Wat is u gevoel met betrekking tot die onbeskikbaarheid van  
gestandaardiseerde behuising?

Aangesien daar uiteenlopende probleme voorkom wat behuising betref, noem 'n respondent:

Dit is die saak wat nogal baie na aan my hart lê. Om te sien hoe mense bly in hierdie... 'n mens sien elke dag op T.V. en koerante, maar as'tware weet jy self jou vriend en jou familielede... val ook in dieselfde kategorie waar die aard van huisvesting baie swak is. In die winter is dit 'n baie groot probleem wanneer die klimaat (klammigheid) nou begin te deurslaan...

Daar kom in Riverlands woonbuurt en sommige gedeeltes van die Chatsworth woonbuurt die kwessie van eiendomsreg sterk na vore omdat die inwoners op grond woon wat nie wettig hul eiendom is nie. Soos 'n respondent opmerk: "...die huise wat nie volgens standaard is nie, is omdat die... persone nie eiendomsreg het nie." Daarom woon talle inwoners in tydelike strukture en latjieshuise. Talle respondente noem dat om hul lewensomstandighede te verbeter, het hulle in die verlede "risiko bou" (dit is waar die inwoner uit desperaatheid 'n baksteenhuis oprig sonder toestemming van die owerhede) toegepas.

Aangesien die inwoners van die gebied, weens die gebrek aan eiendomsreg, nie hul eie huise kan bou nie, laat dit 'n geweldige stremming op hul ontwikkeling. Soos 'n respondent sê.

Jy sal ook darem nie teen jou skade bou nie; dit is mos nie jou eiendom nie. Nou kan jy nie vir jou 'n steenhuis daar staanmaak nie; jy weet jy mag dit nie doen nie. Nou kom jy mōre dan moet die pad daarlangs geloop het...Daarom plak die mense solank, sal ek maar sê. Dit is vreeslik ongerieflik in die winter want dit lek, dit is koud,...so ons sal almal bly wees as ons so gou as moontlik ons gronde kan kry dat ons kan begin bou.

'n Ander respondent borduur verder op die ontberinge wat sy gemeenskap moet deurmaak, veral weens die swak behuisingsomstandighede wat ook verband hou met die feit dat die gemeenskappe nie eiendomsreg het nie:

Wat huisvesting betref...op die huidige oomblik is ons geweldig agter...Ons is van die agtergeblewende gemeenskappe...Ons is in die winterseisoen nou. Baie van ons ys dat die winter verby gaan. Ons weet nie of ons woning gaan hou...nie. Wat ons huisvesting nou betref, is dit in 'n baie haglike toestand, want ons weet nie waar ons is nie...Daar

is baie plekke waar ons nie kan sit nie, want die water kom deur, maar ons kan niks doen nie. Ons kan wel dit regmaak, maar niks verder nie omdat ons is nog besig...met behuising, ons is nog besig met ontwikkeling. Nou as dit klaar is, dink ek sal ons moontlik in 'n beter behuisingtoestand (het). Want huidiglik is ons in 'n swak...baie ongesonde behuisingtoestand.

Uit die respondente se reaksie is dit duidelik dat hul behuisingomstandighede deur eksterne faktore bepaal word. Dit lê geheel en al op die vlak van besitreg. Uit die ondersoek wou dit voorkom dat diegene wat wel in goed gevestigde huise gewoon het, dit op 'onwettige' wyse tot stand gebring het. Dit was ook duidelik dat diegene wat wel besitreg van grond gekry het, dit moeilik vind om sonder enige hulp te bou.

#### 5.4.6. FINANSIËLE BRONNE

Die beperking in finansiële bronne het 'n stremmende invloed op die ontwikkeling van die gemeenskap. Alhoewel die gebied ryk is aan landbougrond en water beskikbaar is, kan insetkoste ook verdere finansiële uitgawes teweegbring. Dié navorsingsvraag probeer die gemeenskap se gevoel in dié verband te toets. Die vraag lui as volg:

Die beperkte finansiële bronne in u gemeenskap is 'n

werklikheid. Wat is die effek wat dit op persone het, veral wat hul menswaardigheid betref, en in hoe 'n mate kan die gemeenskap help om die kwessie aan te spreek?

Die feit dat die werksgeleentehede buite die gebied geleë is, het 'n groot effek op die inwoners self. Dit het eerstens 'n effek op die migrasiepatroon van die inwoners. 'n Uittog van afgestudeerdes en kundiges kom algemeen voor. Daar kom ook 'n al hoër werkloosheidsyfer onder die jong volwassenes en huishoudings voor. 'n Respondent vat die feite as volg saam:

Talle mense is werkloos. Die effek is,...as jy 'n onderwyser is, is...duidelik sigbaar op die gesig van 'n kind in die klas...Mense is geneig om hulle menswaardigheid te verloor wanneer dit kom by werkloosheid...Hul begin te leer steel,...(en) misdaad is baie meer vatbaar in hulle lewe...

'n Ander respondent bring die volle implikasies van die inwoners se finansiële posisie in die volgende respons na vore:

Hierdie beperkte finansiële bronne is ook rede tot kommer. Mense wil baie graag in die behuisingskema deel...Die persoonlike finansiële bron is maar skraap...Daar is 'n groot persentasie werklooses en dit het mense nou 'n bietjie laat huiwer of hulle nou wel van die gedienste erwe gebruik (moet) maak.

'n Mens sal maar net hoop.

In die opheffing van die gebied se finansiële posisie was al die respondente daarmee eens dat die oplossing binne die streek te vinde is, indien die gemeenskap toegelaat word om die beskikbare bronne te benut. Daarom was die volgende voorstelle vir 'n oplossing in hierdie verband gemaak:

- (a) Die benutting van die beskikbare landbougrond vir boerdery;
- (b) Die uitbouing van bosbou en natuurbewaring;
- (c) Die opening van 'n steengroef vir die maak van stene; en
- (d) Die uitbouing en bevordering van toerisme.

Uit die respondente se antwoorde/respons hou die gemeenskap se finansiële probleme verband met die migrasiepatroon wat voorkom, sowel as die werkloosheidsprobleem. Die implikasies daarvan is die armoedetestande wat in die gebied voorkom wat die inwoners se menswaardighied aantast. Ter oplossing van die finansiële en aanverwante probleme is die inwoners van mening dat die oplossing daarvan in die gebied self voorkom.

#### 5.4.7. NEGATIEWE ASPEKTE RONDON OMONTWIKKELING

Die gebied van navorsing is afgesonderd en ver van die sentrale omgewingskern. Die doel van die vraag is om vas te

stel watter effek die faktore op die inwoners, sowel as die karakter van die gemeenskap het. Die navorsingsvraag lui as volg:

U gemeenskap het nie spontaan ontwikkel nie, maar op 'n "informele behuisings"-manier. Wat is u gevoel rondom die afstand vanaf die sentrale omgewingkern waar die meeste werkseleenthede is, en u uitgawe met betrekking tot vervoer?

Alle respondente erken dat die afstand tussen die gebied en die werksomgewing groot is en dat dit geweldige finansiële implikasies meebring. Van die respondente noem dat die vraag al by hulle opgekom het of dit die moeite werd is om te werk, omdat die vervoertariewe 'n groot leemte in hul inkomste laat. Hulle het wel tot die slotsom gekom dat hulle genoodsaak is om die uitgawes aan te gaan omdat geen werkseleenthede in die gebied beskikbaar is nie.

Die respondente noem dat 'n gemeenskaplike faktor hulle nog in die Groter Chattsworth hou, naamlik dat hulle nie hul plek van geboorte maklik sal verlaat nie en dat hulle dié opofferinge maak en gemoedsrus en stilte nie sal prys gee nie.

Die respondente is, ten spyte van die probleme wat in die gebied aanwesig is, positief dat ontwikkeling in die nabye toekoms sal plaasvind en hulle as gemeenskap lekker sal saamleef.



5.4.8. MAATSKAPLIKE OPHEFFING

Dit is duidelik dat daar in die Suid-Afrikaanse konteks tans klem gelê word op gemeenskapsdeelname wanneer opheffing ter sprake kom. Die navorsingsvraag wil in hierdie geval meer inligting van die gemeenskap bekom oor watter rigting gevolg kan word om maatskaplike opheffing en geregtigheid te verseker. Die vraag was as volg geformuleer:

In hoe 'n mate kan die totale gemeenskap help om maatskaplike opheffing te laat geskied en maatskaplike geregtigheid te bevorder?

Verskeie standpunte was deur die repondente geopper, maar almal se mening was dat ontwikkeling gepaard moet gaan met werkskepping. Daarom is 'n respondent van mening dat die inwoners meer waarde aan hul gemeenskap sal heg, indien hulle dinge self tot stand bring.

'n Ander respondent is weer van mening dat opheffing alleenlik kan geskied deur "...meer met die owerhede te gesels en...om meer vergaderings te hou met jou gemeenskap self; probleme te identifiseer, en dit oor te dra na die owerhede toe, maar op 'n gereelde basis...Om 'n kommunikasie verbinding stelsel baie sterk daar te stel tussen jou gemeenskap en jou owerhede deur middel van verteenwoordigers vanuit jou gemeenskap...Om soortgelyke probleme aan te spreek wat jou gemeenskap benadeel of tot 'n opheffing daarvan."

Die respondent wat prakties die werking van opheffing illustreer, noem die volgende:

Belangstelling is die grootste van alles.

Belangstelling bewerkstellig alles, want as ek uitvind u is daar besig...en dit gaan nie lekker nie, dan kom ek tot by u...dan gaan ek vir jou vra wat is die fout hierso. So moet ons mekaar probeer om by te staan...en dit sal die saak oplos.

'n Ander respondent vat die werklikhede van die ontwikkeling van die mense en die gebied saam en is van mening dat dit nie in isolasie kan geskied nie.

...met alles wat aangepak gaan word, wil ons nou glo dat mense sal hande vat. Ek dink nie ons (het) 'n alternatief of 'n maklike alternatief (nie). Ons kan nie in isolasie ontwikkel nie. Met ander woorde ons kan nie byvoorbeeld dink dat die dorp moet vir sekere mense ontwikkel word, en die landbou vir sekere mense ontwikkel word nie. Ons sal moet hande vat en die gemeenskap saamsnoer...Waar ons by albei seksies nou uitgekom het, en waar ons net eenvoudig nou gevoel het dat dit nou 'n noodsaaklikheid (is); of iemand nou in die dorp gaan woon en of iemand nou op die landbou kant gevestig gaan word, dat ons tog die dorp nou moet saamsnoer.

Uit die respondente se respons is dit duidelik dat die gemeenskap alleenlik kan ontwikkel wanneer hulle hul eie kragte inspan en dinge self tot stand bring. Kommunikasie tussen die gemeenskap en strukture wat deur die owerhede daarstel, moet benut word sodat vordering gemonitor kan word. Daarom is dit duidelik dat ontwikkeling nie in isolasie kan geskied nie, en is gemeenskapsdeelname al alternatief.

#### 5.4.9. DIE HEROPBOU EN ONTWIKKELINGSPROGRAM

Die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (H.O.P.) het na die 1994 algemene demokratiese verkiesing in Suid-Afrika regeringsbeleid geword. Hierdeur sou gepoog word om die gebiede wat deur apartheid gely het, te beweeg om te ontwikkel deur fondse wat die Staat genereer. Gegewe die gebied van navorsing wat deur die inwoners as "agtergeblewe" beskou word, was verneem of die gemeenskap vertrouwd is met die werking en doelwitte van die Heropbou en Ontwikkelingsprogram. Die vraag lui as volg:

Hoe voel u oor die H.O.P. en wat verstaan u daarvan? Dra u kennis daarvan en het dit by u uitgekome?

Die respondente het almal aangedui dat hulle al van die H.O.P. gehoor het en dat hulle goed daaromtrent ingelig is. Daarom opper een respondent die volgende mening:

Die mense is goed ingelig oor die H.O.P. en...hulle maak baie gebruik van die H.O.P. om sekere projekte van die grond af te kry.

Die respondent vervolg en sê "...ongelukkig is die H.O.P. nog op die Provinsiale vlak...sodat projekte eindelijk baie traag gevorder het. Maar ek glo dat daar wel maniere is hoe die H.O.P. Chattsworth se gemeenskap van die grond af (kan) bring."

Aangesien daar probleme by die werking van die H.O.P. in die gebied voorkom, is 'n ander respondent van mening dat daar fout met die bestuur en die beplanning van die H.O.P in die gebied is.

Daar is weer iets wat nie reg beplan word en reg bestuur word nie. Die mense wat ons nou gekies het om op die H.O.P. te dien, die een probleem is miskien omdat hulle nie in die regte rigting die ding werk nie. Want almal sê die geld is daar, maar almal praat van die manier om by die geld uit te kom. Dit moet reggestel word...Ek dink die hele probleem by die H.O.P. lê by sy organisasie en sy ywer en sy beplanning. Dit is waar vir my die ding verkeerd loop.

Daar bestaan veral skeptisisme by die respondente wat die

struktuur van die H.O.P. betref. Ten spyte daarvan is die respondente van mening dat die H.O.P. iets belowends vir die gebied inhou.

Baie mense in Riverlands (woonbuurt) verstaan die H.O.P. nie reg nie. Die H.O.P. word deur die leiergemeenskap goed ervaar en aanvaar...Hierdie H.O.P.-storie het so 'n klomp kanale waar jy moet deurgaans dat dit somtyds vir my laat voel dat die regering van die dag het die H.O.P. daargestel maar het ook verseker dat...Riverlands daar moet bly waar hy is; of waar hy al die jare was. Want jy kom so swaar by die H.O.P...uit dat iemand byvoorbeeld eendag vir my gesê (het)...dat as jy veral vir fondse aansoek doen, jy eers na die winkelsentrum stap en dan moet jy vir jou 'n hele bondel penne gaan koop, voordat jy begin om van hierdie vorms in te vul, want as jy al die vorms en terugvoerings ingevul het, dan is al die penne op.

Na aanleiding van die respondente se respons ten opsigte van die H.O.P. is die gemeenskap se gevoelens rondom die inhoud en werkbaarheid daarvan positief. Die gemeenskap huldig die mening dat hulle die regte prosedures gevolg het, maar die probleem wat geïdentifiseer was, was by die H.O.P. self. Die tekortkominge het ontstaan op regeringsvlak wat moontlik na die afhandeling van hierdie navorsing reggestel was, en

momentum gekry het.

#### 5.5. SAMEVATTING

Die gebied van navorsing soos in Hoofstuk Vier vermeld, was in die vorm van 'n gemeenskapsprofiel uitgebeeld. Die karakter van die gebied en die toestande wat daar aanwesig is, het die wyse waarop navorsing gedoen was, bepaal. Aangesien die navorsing veral ten doel gehad het om die inwoners se gevoelens te verwoord, word daar ook verlang dat oplossings vir gemeenskapsprobleme daaruit moet voortspruit. Derhalwe was van kwalitatiewe metodologie gebruik gemaak om die doel te verwesenlik.

Met verwysing na die dialektiese oefening met die individuele respondente, en diegene binne groepsverband, het die werklike gevoelens van die betrokke persone, ten opsigte van die omstandighede binne hulle gebied, na vore gekom. Die respondente kan ook self hul potensiaal ontdek en vasstel wat hul gemeenskap nog benodig.

In die ontleding van die data het dit telkemale duidelik na vore gekom dat die respondente - die maatskappy in besonder - in alle fassette van hul menslike bestaan, ontberings deurmaak of deurgemaak het. In die gebied van navorsing was dit duidelik dat die gemeenskap 'n slagoffer van Apartheid

was. Die karakter van die gebied was byna deur die Groepsgebiedewet, (meer bepaald deur gedwonge verskuiwings) vernietig en die inwoners moes op die genade van die Kerk staatmaak om in die gebied te mag aanbly. Ten spyte van die feit dat die inwoners al bykans 'n honderd jaar daar woon, was daar tydens navorsing in die Riverlands woonbuurt byna geen infrastruktuur nie. Watervoorsiening en riolering was gebrekkig of afwesig en in werklikheid het die gemeenskap in lewensomstandighede gewoon waarna dikwels verwys word as 'n "informal settlement".

Ten spyte daarvan dat die respondente oor die jare heen in onsekerheid geleef het, en daar nog steeds onsekerheid bestaan wanneer ontwikkeling nou werklik sal plaasvind, het hulle telkemale die hoop uitgespreek dat ontwikkeling sal plaasvind en hulle 'n beter toekoms sal hê. Afhangende hiervan was dit duidelik dat die gemeenskap op hoogte was van hul eie behoeftes en wat hulle kan vermag. Die gemeenskap is weens hul jarelange swaarkry ryp vir ontwikkeling, mits dit in pas is met die waardestelsel, oftewel kultuur wat deur die inwoners beoefen word.

Uit die navorsing was dit ook duidelik dat die gemeenskap ongelukkig is met die plaaslike owerhede se hantering van die gebied. Die feit dat die gemeenskap die gevoel ervaar dat hulle vergeet word en dat daar op hul pleidooi tot

noodsaaklike ontwikkeling nie ag gegee word nie. Ten spyte daarvan is hulle ontvanklik vir enige ontwikkelingshulp van die regering omdat hulle hul omgewing ken. Daarom word daar so swaar geleun op die voordeel wat die H.O.P. vir die gemeenskap inhou. Die onkunde wat met die program gepaard gaan, het heelwat kritiek ontlok.





HOOFSTUK SES

GEMEENSKAPSWERK AS NASTREWING VAN GERECHTIGHEID

6.1. INLEIDING

Die nastrewing van geregtigheid binne 'n bepaalde gemeenskap hang daarvan af wat die inwoners se historiese ingesteldheid is, en wat vir hulle tradisioneel regverdigheid inhou. Hiermee saam gaan die politieke oriëntasie van die party aan die bewind wat sienings nastreef wat op historiese en tradisionele waardes berus. Op hierdie basis kan ontwikkeling van menslike waardes teweeggebring word, mense bemagtig word, of andersins onderdruk word. Desnieteenstaande die maatskaplike ongeregtigheid wat binne die Suid-Afrikaanse maatskappy aanwesig was, het die gemeenskapswerkers deur middel van opvoeding hul gemeenskappe sosiaal en polities gedien.

6.2. KEUSES VAN BEMAGTIGING BINNE GEMEENSKAPSWERK

Dit word vermeld dat die proses van bemagtiging binne die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie "suutjies" of "sagkens" verloop het nie, maar deur middel van kritiese dialoog, politieke stryd en militarisme. In die gespreksboek van Paulo Freire en Ira Shor kom drie begrippe wat bemagtiging illustreer voor. Hulle bevestig die belangrikheid van kritiese dialoog tot

bemagtiging en haal die volgende voorbeeld aan:

If students do engage each other in critical dialogue, I see that as an act of empowerment because they choose to become humanbeings investigating their reality together (Freire en Shor, 1987:34).

Dit is hieruit duidelik dat kritiese dialoog die mens die geleentheid bied om sy eie situasie beter te beskou en op 'n kritiese wyse 'n oordeel te vel.

Die aanname van Freire en Shor dat politieke stryd bemagtiging teweeg bring, gee aanleiding tot die voorkoms van talle aksies wat gemeenskapsdeelname bewerkstellig om mag te bekom. Hulle sê dat "the political struggle to change society is not inside school, even though school is one part in the struggle for change. Then in the last analysis, liberatory education must be understood as a moment or process or practice where we challenge the people to mobilize or organize themselves to get power." (Freire en Shor, 1987:34). Freire en Shor druk hulle verder as volg uit wanneer militarisme deur hulle verpersoonlik word:

I am convinced that liberating educators are not missionaries, are not technicians, are not mere teachers. They have to become more and more militant! They must become militants in the

political meaning of this word-...Something more than activists (Freire en Shor, 1987:50).

Freire en Shor wys hier op die bepaalde kenmerke van die "bevrydingsopvoeder" en veral dat hy in persoon militant moet wees. Daarom moet die persoon se aktiviteite ten doel hê om die omgewing waarmee hy in kontak kom, permanent te herskep.

In teenstelling met hierdie siening van Freire en Shor is dit 'n gegewe werklikheid dat daar by gemeenskapswerkers nie altyd eenstemmigheid is oor wat die mate van hul politieke aktiwiteit moet wees om verandering teweeg te bring nie. Daar is enersyds Gemeenskapswerkers wat die gemeenskap aanvaar soos hy dit vind en deur middel van gemeenskapsprogramme en opvoedkundige projekte die bestaande bronne beter benut om 'n beter diens te lewer. Op daardie wyse wil hulle verandering initieer maar stel nie belang daarin om mense se lewens te oorheers nie. Hulle sal rebelleer maar konfrontasie vermy. Andersyds is daar Gemeenskapswerkers wat glo dat die sisteem verkeerd is. Hulle sal dan aksies loods wat die sisteem uitdaag, vernietig en vervang. (Milson, 1974:15). Binne die kontinuum van die twee uiterstes vind bemagtiging binne gemeenskappe plaas.

### 6.3. WERKING VAN MAATSKAPLIKE WERK PROFESSIE

In beginsel fokusseer die professie Maatskaplike Werk op

mense en die basiese doelwit van dienslewering is om die kliënt-sisteem te bemagtig. Eric Atmore is van mening dat:

Social work, as a profession, seeks to enhance the functioning of individuals, singly, in groups and as members of society. It focusses its attention upon the relationship between man and the environment and has three main functions: restorations of impaired capacity; provision of individual and social resources; and prevention of dysfunction (Atmore, 1981:95).

Atmore spreek hom ook sterk uit teen die ingesteldheid van die maatskaplikewerkers/gemeenskapwerkers teenoor hul werk en hulle opleiding. Hy sê die volgende:

Within the community work curriculum, emphasis is placed on the social problems evident in communities. Little or no time is spend examining the economic and political problems which exist, yet these are the levels at which the majority of the people percieve the problem to be...The result is that most graduates set to solve the social problems in the areas they work, forgetting the economic and political injustices confronting them (Atmore, 1981:98).

Atmore suggereer gevolglik dat sosiale verandering alleenlik

teweeg gebring kan word, indien aandag verleen word aan ekonomiese en politieke ongeregtigheid wat in 'n gemeenskap voorkom. Die bewuswording van die gemeenskap se ekonomiese toestand en politieke ingesteldheid lê die grondslag vir die vorming van aktuele denke. Daarom benadruk Freire en Shor dat "Learning from reality is important, but more than just 'going to reality', you accept worker-student as your teachers. That adds political depth to 'experiential' learning, which is a common idea in progressive education." (Freire en Shor, 1987:30).

Gemelde wyse van opvoeding is te implimenteer in gemeenskapswerk. Siende dat die gemeenskapswerker deur die gemeenskap 'opgevoed' word sodat hy kan verstaan hoe die gemeenskap oor sekere 'dinge' voel, dink en handel, sal die werker se eie ingesteldheid merkbaar moet afneem en handel volgens die gemeenskap se belange.

#### 6.4. GEMEENSKAPSWERK AS INTEGRALE DEEL VAN GEREGTIGHEID

Met die beskrywing van die konsep "Gemeenskapswerk" in hoofstuk Vyf was dit duidelik dat dit beskou kan word as 'n werksmetode in die beroep Maatskaplike Werk. Die beginsel van hulpverlening aan persone en gemeenskappe om opheffing te bewerkstellig word hier vooropgestel. Milson gaan verder en haal aan uit die Gulbenkianse verslag om aan te dui dat

gemeenskapswerk gegrondves is in sekere geloofsoortuiginge wat binne 'n bepaalde gemeenskap aanwesig is. Hy sê vervolgens dat "Community work is rooted in certain beliefs which derive from our culture and society and are shared with a number of helping and reforming activities. Basically they are concerned with ideas about human worth and betterment (Milson, 1974:100).

Met groter begrip van die lewensomstandighede van die mense in die gemeenskap, is die bedinging van 'n beter lewensbestaan in die Derde-Wêreldlande, Suid-Afrika word in hierdie verband daarby ingesluit, van kardinale belang. Om dit te bekom, is die bemagtiging van 'n land se bevolking 'n voldwonge feit. In die aanloop tot die bemagtiging van 'n land se inwoners is Hugo van mening dat hierdie benadering tot die probleem van armoede "carries the seeds of its own destruction, seeing that the dependence of the poor as well as their numbers keep increasing at the same time. The mere provision of economic aid is therefore not sufficient to help in stimulating development among these people" (1984:206). Die alternatief vir genoemde benadering volgens Hugo, "is found in the idea that in giving developmental aid the emphasis should merely not be on economic aid but also on the stimulation of human developmental potential. The expectation is that if people are helped and taught to help themselves to become involved in their communities, to assume responsibility for their

families, communities, towns and regions and eventually for an independent state, the economic and technical aid rendered initially will eventually contribute to a situation where, with the necessary human developmental potential, growth towards independence will be possible in the areas of social, economical, political and physical development." (Hugo, 1984:206). Die stimulering van die mens se potensiaal om te ontwikkel, is gevolglik in opvoeding - volwasse-opvoeding geleë. Daarom word in die vorm van deelname, deur die lede van die gemeenskap, ontwikkeling tot stand gebring. (Biddle W.W. en Biddle L.J., 1966:243).

#### 6.5. MAATSKAPLIKE WERK IN TERME VAN MAATSKAPLIKE GERECHTIGHEID

Soos reeds vroeër vermeld, het die professie, Maatskaplike Werk, as grondbeginsel ten doel om mense op te hef. Benewens dié beginsel is die Maatskaplike Werk-etiek teenoor maatskaplike gerechtigheid gesetel in die beleid van die regering van die dag. Regeringsbeleid in terme van die totstandbring van ware demokrasie, vryheid en die nastrewing van maatskaplike gerechtigheid. Die oorgang van 'n ondemokratiese bestel na 'n demokratiese regeringstelsel, meer bepaald in die Suid-Afrikaanse bestel, was dit van kardinale belang dat daar teen die afdwing van gerechtigheid op die samelewings gewaak word. Hierdie afdwing van beleid - al lyk dit hoe aantreklik - kan tot gevolg hê dat mense voel

dat hulle onregmatig beheer word. 'n Bewys hiervan lê in die vele morele kwessies waaroor die parlement en konstitusionele hof in die verlede moes besluit, naamlik die regsgeldigheid van die doodstraf en die wettiging van aborsies op aanvraag en die regte van verskeie minderheidsgroepe met hul eie ideologiese verskille.

In die huidige bestel waar nuwe beleid en ander waardestelsels in wording is, het dit tot gevolg dat daar in maatskaplike werk bepaalde aanpassings in terme van tradisionele waardes, werkswyses en verwagtinge moet geskied. Bill Jordan haal in die inleiding, wat in die vorm van 'n dialoog geskryf is, die dilemma van die werksaamhede van die maatskaplike werker aan, naamlik die hulp aan behoeftiges en die beskerming van slagoffers van misdaad en mishandeling, teenoor die gemeenskap se gevoel dat maatskaplike geregtigheid nie vir die maatskaplike werker werklik 'n saak van erns is nie. Hy sê:

First, we don't see clear statements or actions on justice. I know you have taken positions on specific issues - racism in the criminal justice system, child sexual abuse, the rights of carers, and so on - but there isn't an overall position on justice. We don't hear you say, quite clearly and unequivocally, that there should be no economic exploitation and no political domination in



society. We don't hear you say that wealthy and powerful people, individuals and groups, should not be able to exclude or subordinate the poor and powerless, or coerce them against their will. And, as our movement has suddenly gathered strength and found voice, we don't see you at our demonstrations, in the streets. We see more people from the churches than from the state services, which is a shame. Are you afraid to speak out, or don't you recognise the injustice that I am talking about? (Jordan, 19990:x-xi).

Bovermelde aanhaling is vir die maatskaplike werk-beroep stof tot nadenke, omdat diegene wat die beroep beoefen hulle nie met werklike kwessies wat die gemeenskap raak, besig hou nie. Die nastrewing van maatskaplike geregtigheid moet dus nie net fokus op 'n gedeelte van 'n bevolking wat deur wetgewing uitgesonder is nie, maar op almal, veral die sieklike, die arme, die werklose en die hawelose. Ten opsigte van ware demokrasie binne die konteks van maatskaplike geregtigheid, laat Jordan hom as volg uit oor die owerhede se onmag om ware geregtigheid na te streef en om almal se belange te beskerm:

We mean that people should rule themselves, have a real say in those things that they share as citizens, or as service users. You can't privatise everything, you know; you can't give each person

their own bit of the ozone layer, or the ocean; and why should you want to? Sharing things with other people is good - it's a benefit, not a cost, of being a member. Everything for themselves is no way to run things. We all end up valuing nothing unless we own it, unless we can buy or sell it, unless we can keep others off it. So we end up putting no value on other people, as well as no value on the things we have to share with them. So we end up seeing nothing wrong with us having everything and them having nothing (Jordan, 1990:xii-xiii).

(My Beklemtoring)



#### 6.6. GEREGTIGHEID AS MORELE WAARDE IN MAATSKAPLIKE WERK

In die beoefening van maatskaplike werk word die mens se lewensbestaan op 'n omvattende wyse geraak, soos reeds vroeër in die hoofstuk aangedui. Daarom is 'n kritiese beskouing daarvan nodig in die huidige staatsbestel wat demokraties verkies is.

Navorsers het ook alreeds te kenne gegee dat persoonsontbering te make het met die ontbering van jou persoonskap, gesien in die lig van die effek wat armoede op jou as persoon het.

Juis vanweë die etiek van maatskaplike werk (gemeenskapswerk

in die besonder) en die beskouing van die mens as individu, en sy rol in die gemeenskap, is die begrip "geregtigheid" en "regverdigheid" ter sprake.

Hartmann het dit sy morele plig, oftewel sy taak, geag om ons 'n beskrywende verslag oor waardes aan te teken. Die konsep geregtigheid ("justice") is een van die waardes wat deur hom beskryf word. Hartmann beskou geregtigheid nie net as 'n persoonswaarde nie, maar as 'n gemeenskapswaarde en staan in daardie opsig objektief teenoor persone. Vandaar die dieperliggende verbintenis tussen: "justice as a virtue and justice as an objective order in the community. Justice as a situational value adheres not alone to the individual as a carrier, but also to the collective unit. It is a value which is actualized in the community. The regulation which it establishes is for the community as such" (Hartmann, 1932:234).

Geregtigheid uitgedruk as gemeenskapswaarde skep die geleentheid om die demokratisering van maatskaplike dienste te bevorder. Dit kan bydra tot 'n regverdigde bestel wat daarop ingestel is om alle mense 'n gelyke kans te bied in die verkryging van lewensnoodsaaklike bronne. Die mens, as draer van morele waarde binne 'n demokratiese bestel, is tweeledig soos deur Hartmann aangehaal:

the individual holds a twofold position in regard

to the law current in the community. On the one side, he is the one affected by the legal arrangements, the one who owes submission to them, and at the same time enjoys their protection; on the other side, he is there also as a lawgiver, who, either directly or indirectly, participates creatively in the continual process of legal development in the community (Ibid.).

Geregtigheid word dus binne die konteks van gemeenskap, deur Hartmann, as 'n sentrale punt beskou. Hy sê:

The primary significance of justice is its tendency to counteract the crude egoism of the individual. As regards the good things of life the egoist's standpoint is: everything for me, whether anything remains over for others or not. Against this, justice maintains: not everything for me, but the same for myself and others. All grievous sinning against one's fellow-man, whether against body, life, property, social status, reputation or honour, finds in this fundamental attitude a complete check. The essential feature in it is from the outset the idea of equality: equal rights, equal duty with others, whether the individual or the whole of the community, on the principle that this is the basic condition of all communal life

(187)

(Hartmann, 1932:228).

Hierdie siening van Hartmann, hou wye implikasies in vir maatskaplike werk tot die nastrewing van maatskaplike geregtigheid. Gemeenskapswerk as maatskaplike werk-metode in die strewe na die ontwikkeling van die mens en die eweredige verspreiding en/of toekenning van bronne, onderstreep juis hierdie strewe na maatskaplike geregtigheid.

Met verwysing na die Tien Gebooie in die Bybel is die betekenis van moraliteit, volgens Hartmann, nie konserwatief nie.

The one concern is the protection of the lower, the elementary good: life, property, family, and so on. If that is the whole of justice, then it is only a means to those goods-values (Hartmann, 1932:231).

Dit, vir Hartmann, is die kern van geregtigheid. Hy tref dus 'n onderskeid tussen "positiewe morele waarde" en "die reg, as instrument van geregtigheid". Om helderheid in hierdie verband te verleen, haal navorser Hartmann as volg aan:

Law with its objective order and equality, as the just man strives for it, is indeed a court of protection, but by no means merely of the lower good-values, but also and pre-eminently of the

higher and the highest values, which are not directly affected by its arrangements. The higher spiritual, the communal and cultural values one and all can flourish only where body, life, property, personal freedom of action, and the like, are secured. There only is scope found for the higher purposes. Justice, then, makes room in the sphere of actuality for the higher values. The more diversified moral life cannot begin, till the simple conditions are supplied. Justice is the moral tendency to supply these conditions. It is the prerequisite of all further realizations of value. At the same time it is the pioneer among the virtues. Justice is the minimum of morality that paves the way for all higher forms.

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

Consonant with its being a minimum is the fact that the objective content of justice, law, permits of being pressed into fixed formulae, of being codified, and even within certain limits where it is not voluntarily fulfilled by individuals, of being enforced by a public power watching over its fulfilment (Hartmann, 1932:231 - 232).


Geregtigheid as 'n gemeenskapswaarde moet deur die Reg beskerm word. Die reg moet gevolglik tot die individu se beskikking en onpartydig wees. Daarom is Hartmann daarvan

oortuig dat geregtigheid nie as die hoogste vorm van morele waarde beskou moet word nie maar eerder as die minimum omdat dit die basis van gemeenskapslewe is.

#### 6.7. BEMAGTIGING AS WERKTUIG TOT GEREJTIGHEID

Die bekom van mag as 'n besondere instrument om maatskaplike herkonstruksie binne 'n maatskappy teweeg te bring, is vir die maatskaplike werker van kardinale belang. Die problematiek van bemagtiging van die mens binne die maatskappy is in die afsonderlike werking van die beleidmakers, welsynskomponente, ekonomiese komponente en die wetenskap geleë. Hierdie afskeiding van die verskillende komponente tot samewerking, wat kenmerkend is van 'n ondemokratiese bestel, volgens Stuart Rees: "...are disempowering and compound other forms of powerlessness." Die oplossing van hierdie "puzzle" sê Rees, "...lies not in some generalist account of welfare but in a political literacy, drawing ideas from numerous sources to debate common goals, developing social analysis and skills to implement decisions which have been carefully argued by citizens of all kinds" (Rees 1991:3). (My beklemtoning) Die konsep "bemagtiging", soos uitgedruk binne die konteks van "Political Literacy", het dus te make met opvoeding - opvoeding waaraan waardes en prioriteite gekoppel is. Daarom het Freire en Macedo die oproep gedoen dat geletterdheid beskou moet word as 'n vorm van "kulturele politiek", omdat;

"literacy becomes a meaningful construct to the degree that it is viewed as a set of practices that functions to either empower or disempower people. In the larger sense, literacy is analyzed according to whether it serves to reproduce existing social formation or serves as a set of cultural practices that promotes democratic and emancipatory change (Freire & Macedo 1987: Preface viii). In Freire en Macedo se oortuiging dat geletterdheid - in besonder volwasse onderwys - die basis tot geregtigheid binne 'n maatskappy vorm, is dit nie net die ekonomiese orde nie, maar ook die mense se ingesteldheid van die gebeurtenisse binne die gemeenskap wat hul daaglikse lewe raak. Hulle sê:



Illiteracy not only threatens the economic order of a society, it also constitutes a profound injustice. This injustice has serious consequences, such as the inability of illiterates to make decisions for themselves or to participate in the political process. Thus, illiteracy threatens the very fabric of democracy. It undermines the democratic principles of a society (Freire & Macedo 1987:Preface vii).

Die gevolge van ongeletterdheid, soos deur Freire en Macedo aangehaal, en soos deur navorser ervaar, het nie net 'n effek op die ongeletterde individu nie, maar op die hele werking van die maatskappy. Hiermee verwys navorser na die probleme in die



aanloop tot die eerste demokratiese munisipale verkiesings in Suid-Afrika. Die probleem met samewerking lê op die vlak van geletterdheid - volwasse-opvoeding wat die mense kan bemagtig met kennis van die werking van 'n demokrasie en demokratiese besluitneming.

#### 6.8. SOSIALE DEELNAME AS INSTRUMENT TOT VOLWASSE-OPVOEDING

Die maatskaplike werk-beroep staan, in korrelasie met die proses van bemagtiging by die mens (en die gemeenskap), midde-in alle situasies wat die gemeenskap raak, hetsy van politieke, sosiale, of ekonomiese aard. Daarom is alle handeling van die maatskaplike werker daarop ingestel om die gemeenskap te bemagtig. In die strewe om die gemeenskap te herkonstrueer, word die maatskaplike werker die geleentheid gebied om met die verskillende sektore en op verskillende vlakke binne die gemeenskap saam te werk. Daarom is Freire van mening dat:

Conscious participation in the reconstruction of society takes place in most diverse sectors and at different levels of national life. It necessarily requires a critical comprehension of the nation's revolutionary transition. This critical comprehension is generated by participatory practice that actually reflects upon itself. In this sense, through generative words and themes,

literacy, as well as postliteracy, cannot fail to propose to learners a critical reflection on the present moment of reconstruction, along with challenges and difficulties to be overcome (Freire & Macedo 1987:65).

Onderzoek is 'n belangrike komponent in maatskaplike werk. In tradisionele terme, word 'n ondersoek volgens die positivistiese wyse gedoen en was die uitslag as objektief beskou. Soos alreeds vroeër gemeld, berus 'n navorsingsondersoek, binne die konteks van die maatskappy, nie bloot op die empiriese werklikheid, maar op 'n humanistiese basis omdat die mens 'n subjek is. 'n Nuwe paradigma in die navorsingsproses wat verandering binne die sosiale sisteem kan teweeg bring, word gevolglik ondersteun. Daarom huldig Tom Lovett, Freire en andere, die mening dat deelnemende navorsing en volwasse-onderwys - as aparte komponente - saamgesnoer kan word om bemagtiging binne gemeenskapsverband te bewerkstellig. Tom Lovett e.a. is daarvan oortuig dat die betrokkenheid van deelnemende maatskaplike navorsing, in terme van volwasse opvoeding, onmisbaar is. Die volgende vyf redes hiervoor word deur Lovett e.a. aangevoer:

Eerstens, is daar 'n eenvoudige demokratiese vereiste, veral wanneer so baie maatskaplike ondersoeke onder die beskerming van die staat en private korporasies gedoen word. Dit is dus nodig dat by ondersoek die persone wat ondersoek word, beheer

daaroor het. Hierdie werkswyse word as demokraties en "polities" korrek beskou, veral wanneer die regte van die persone wat ondersoek word. (Lovett e.a., 1983:102). Hierdie faset van demokrasie, oftewel deursigtigheid, kan net voordele vir die gemeenskap inhou, alhoewel sekere gevolge kan voorkom. As voorbeeld noem ek hier die gebeure rondom die aankondiging van die beoogde oprigting van die Saldanha staalfabriek en die olieberging in dieselfde dorp in 1995. Die kommissies van ondersoek na die impak van die vestiging van die twee instellings op die ekologies sensitiewe Langebaan-meer en op die omgewing in sy geheel, wat hieruit voortgevloei het, dui op die bemagtiging van al die inwoners van die gebied, omdat alle sektore binne die gemeenskap bygevolg betrokke was by 'n demokratiese besluitnemingsproses.

Tweedens, is daar baie dinge waarmee die mense in aanraking is wat nie so 'n impak op hulle het nie. Lovett en andere is van mening dat dit 'n onmoontlikheid om alles te verstaan wat jou as persoon raak. (1983:102) Daarom word die belangrikheid van gemeenskapsopvoeding hier beklemtoon.

Derdens, is dit maklik om jou eie omstandighede en verlede aan te neem en te verstaan soos dit voorkom. In die verkryging van waardevolle inligting tot bematiging, is Lovett e.a. van mening dat die materiaal dikwels beskikbaar is maar verbloem word deur die onbesikbaarheid van opgeleide navorsers. (Ibid).

Vierdens, om hierdie tipe navorsing te doen bevat belangrike lesse, naamlik dat 'n groot hoeveelheid onvoorsiene inligting van die navorsingsonderwerp na vore kan kom. (1983:103). Die egtheid van hierdie navorsingstipe is na my mening die "unforeseen information"- daardie erkentenis dat die mens 'n subjek is en dat sy gedrag verband hou met verwickelinge binne die maatskappy en die subjektiewe ingesteldheid wat inligting voortbring soos dit beskikbaar is.

Vyfdens, vir enige persoon wat ware demokrasie oor maatskaplike aangeleenthede wil beskou, is daar geen plaasvervanger van werklike prosesse van die werk rondom ons nie. In daardie lig is werkersklas deelname in navorsing onontbeerlik. (1983:103).

Deelnemende navorsing soos deur Lovett e.a. voorgestel is nie objektief nie, maar "inter-subjektief". Daarom is hulle van mening dat die aansprake uit die gemeenskap algemene uitgangspunte deel en verder dat "that research, the knowledge it generates and the action based upon such knowledge have become politically sensitive activities; that there is a lot going on that various kinds of people either don't know about or misunderstand; that powerful interests, including state institutions, use research findings to justify policies in a spurious manner; that scientific research and the people trained to undertake it are often socially estranged from the

people whose affairs are being examined; and that people whose lives are being affected would like more control over the policies from which they frequently suffer (1983:104).

Die rol wat deelnemende navorsing in 'n demokratiese bestel speel, is die beweegrede vir die totstandbringing van "politieke geletterdheid" in die gemeenskap. Binne die Suid-Afrikaanse konteks is ware demokrasie binne die verskillende samelewings tans in wording. 'n Voorbeeld hiervan is die Munisipale eleksies (wat op 1 November 1995 plaasgevind het) en die "gemeenskapsopvoeding" wat deur die Regering van Nasionale Eenheid, sowel as die Plaaslike Regerings, geïmplimenteer was.

Freire se ingesteldheid teenoor deelnemende navorsing word geponeer in die publikasie: Dialogue is Not a Caste Event. In hierdie werk fokusseer hy op nie-formele opvoeding deur middel van "participatory programs" om mense te bemagtig. Die manuskrip is as 'n "dialoog-boek" gepubliseer, saamgestel deur Paul Jurmo, en wil graag antwoorde verskaf op probleme wat met die volwasse-opvoedingsprogram in Afrika ondervind was.

Die gebruik van dialoog en deelnemende navorsing as 'n middel tot 'n doel, naamlik om mense te bemagtig, "...was to examine paradigms and cases in which the research process involves and empowers people rather than only uses them as a

(196)

source of information to be conveyed to others." (Jurmo 1985:4). Deelnemende navorsing het dus te make met die aanleer van vaardighede deur waarneming. Daarom word Freire se idee van dialoog beskou as 'n inter-aktiewe proses waardeur mense nadink en analiseer. Om bevoeg te word om hul situasie te ken en te verstaan, daarvolgens te handel en te verander. (Jurmo 1985:5).

Freire se respons op die stellings het die volgende grondgedagtes van die betekenis van dialoog in kombinasie met deelnemende navorsing na vore gebring. Vir Freire is die betekenis en rol van dialoog om die "process of knowing" te verstaan, want "knowing is a permanent human process, not an individual event but a social one, an historical one, a cultural one" (1985:11). Hierdie dialektiese handeling word nie alleen gevoer nie, want jy is in kontak met 'n ander persoon en is bewus van sy handelinge - die politieke handeling van mense teenoor mekaar. Oor die oordrag van menslike kennis deur kultuur of tradisie sê Freire byvoorbeeld dat 'n Afrikaan, die kennis van 'n leeftyd in sy "liggaam" rondra:

One of the jobs which a community in such a culture has for old people is the role of teaching history, tradition, knowledge. In order to do that, an old man sits down here, over here a group of young people listen to him. By telling his stories in

(197)

this way, he produces the history of the culture. In that culture, this is the way to get knowledge (Jurmo, 1985:13).

Tweedens, het deelname binne 'n regeringsbestel, vir Freire, niks te make met dialoog nie, maar is suiwer polities van aard:

They are resisting the possible participation of the masses of the people in the political process. This is what they want, because they are atheistic people. They are reactionary people. What interests them is to preserve the control upon the people (Jurmo, 1985:15).

In teenstelling met die voorvermelde, wat op 'n diktatoriale regeringstelsel dui, is deelname binne 'n demokratiese bestel op alle vlakke van kardinale belang. Daarom is alles wat op die mens betrekking het, polities van aard - die mens in die konteks van geregtigheid, d.w.s. die mens as die draer van morele waardes.

Laastens, is die persoon se tradisie by navorsing, vir Freire, van kardinale belang. In die hantering van die verskillende kulture huldig Freire die mening dat die navorser by die toepassing van deelnemende navorsing, hom moet "de-knowledge-ize" wat beteken, "...to forget the knowledge which we had before and to begin again. But now this time inside of the new

cultural frame of reference" (1985:23). Dit is hier duidelik dat kennis word verkry deur waarneming, die deurlopende "luister" wat jou in ewewig met ander persone se kultuur hou. Daarom is die wil wat jy openbaar om met andere se kultuur in aanraking te kom, nie net 'n epistemologiese of filosofiese vraag nie, maar uitsonderlik 'n politieke vraag - die wete dat alles wat jy doen te make het met politiek. Freire sluit met die volgende stelling af om te bewys dat dialoog in hoofsaak ten doel het om mense met verskillende kulture na mekaar te bring. Hy sê:

With these questions in mind you enter into a different kind of relationship when you go there. Dialogue is not a kind of chaste event, dialogue makes love every day (1985:24). (My beklemtoning)

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

#### 6.9. DIE KONSEP "BEMAGTIGING"

Die konsep "bemagtiging" word in die breë spektrum daaglik deur verskillende sektore binne die samelewing gebruik. In die proses van die "eie maak" van die konsep deur die politici, welsynskomponente, ekonome en derglike persone, word hul eie identiteit daaraan gekoppel. Dit is geen wonder dat Rees opmerk dat:


A relatively new concept is being substituted for old ones without the political nature of



(199)

empowerment being developed, with little indication of the way power is being defined or exercised, and with no reference to evidence about the interdependence of policy and practice (Rees, 1991:4).

Rees vervolg en dui aan dat alvorens die behoorlike definiëring en betekenis van die begrippe politiek en mag, asook die inter-afhanklikheid tussen beleid en praktyk, die welsynsveld rigtingloos is en sodoende geen basis het waarop dit opereer nie. Daarom: "Without a critique of politics and power as they are applied in different contexts, education to address the various tasks in social work and social welfare will once again reproduce mirror images of shifting political alignments" (Ibid, 1991:4).



UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

Rees se beskrywing van die konsep "bemagtiging" berus eerstens op die werke van Paulo Freire, en tweedens op die sienswyses van die Vroue-bewegings. Soos aangehaal deur Rees, skryf Freire uit sy bekende omgewing, naamlik: Brazilië waar die voorkoms van armoede en ongeletterdheid by die inwoners 'n werklikheid was, sowel as die voorkoms van onderdrukking deur die regering. Freire het geglo deur die mense te leer lees en skryf en die skep van belangstelling in hulle alledaagse lewe, hulle hul sodoende self kan bevry en hervorm. Rees haal Freire uit Pedagogy of the Oppressed (1972) as volg aan:

In order for the oppressed to be able to wage the struggle for their liberation they must perceive the reality of oppression, not as a closed world from which there is no exit, but as a limited situation which they can transform (Rees, 1991:7).

Net soos Freire se sienswyse dat volwasse opvoeding die manier is om die mens te bemagtig, berus die feministiese tradisie op diesefde beginsel van bemagtiging, as 'n middel tot 'n doel, naamlik om die vrou te bevry.

Bemagtiging as veeldimensionele begrip - binne die konteks van maatskaplike werk, gesien as die instrument om onderdrukte groepe en gemeenskappe te bevry, het ten doel om die mens politieke mag te verleen in die strewe om 'n onafhanklike bestaan te voer. Vir Rees: "the process in achieving these goals involves an improvement in people's image of themselves, the acquisition of tangible resources such as money or shelter and intangible resources such as information and creation of supportive social networks" (Rees, 1991:4).

Rees beskryf die konsep "bemagtiging" as die interafhanklikheid tussen vier begrippe, naamlik biografie, mag, politiek en vaardighede, en die wisselwerking tussen beleid en praktyk. Net die drie begrippe, biografie, mag en politiek word vervolgens hier onder bespreek.

### 6.9.1. BIOGRAFIE

Biografie verwys na die mens se ondervindings en die lewensloop van organisasies en bewegings. Hierdie faktore word as die begin en einde van bemagtiging beskou. (Rees, 1991:9).

Biografie is die middelpunt waarom die betekenis van bemagtiging gaan, die samebinding van daardie komponente in die samelewing wat kultureel as apart gesien word. Rees huldig drie standpunte om die relevantheid van die samebinding uit te lig:

The first concerns the struggle to make sense of individual circumstances in relation to the dominant constraints and opportunities of a specific issue and time, a matter of struggle in context. The second point is an acknowledgement of the continuous and ongoing process of trying to comprehend and influence the world around one. The third point concerns the growth of freedom and the exercising of power in a spontaneous and creative way (Rees, 1991:11).

Die standpunte, soos gehuldig deur Rees, is vir die maatskaplike werker (gemeenskapswerker) die rigtingwyser om dienslewering op so'n wyse te maksimaliseer om maatskaplike geregtigheid teweeg te bring. Die pleidooi vir die behoud van

eenheid tussen teorie en praktyk, en ook tussen opvoeding en politiek is nie 'n nuwe begrip binne die werking van die maatskaplike werk beroep nie. Die problematiek verbonde aan die siening, binne die Suid-Afrikaanse konteks, is dat literatuur verkry word vanaf ander lande waar ander waardes teenwoordig is. Desnieteenstaande is die feitelike gegewens belangrik om bepaalde standaarde te meet.

#### 6.9.2. MAG

Die beskrywing van mag en die bepaling daarvan moet binne 'n historiese en kulturele konteks waargeneem word. Binne die Suid-Afrikaanse konteks was die ekonomiese en politieke invloede die uitstaande kenmerk van die verkryging van mag. In die wete dat hierdie vorm van uitoefening van mag hom leen tot konflik, haal Rees drie perspektiewe as voorbeeld uit Luke se werk, Power: a Radical View, om die uitwerking van mag op die mens en sy gemeenskap te beskryf.

Die eerste perspektief is die een-dimensionele, oftewel die konserwatiewe siening, die tweede, die twee-dimensionele of reformistiese siening, en die derde, die drie-dimensionele of radikale siening. Die bemagtiging van 'n maatskaplike werker, met in agneming van die radikale siening, volgens Rees, "...would expose the political dimensions of practice, from arenas where policies and politics are discussed explicitly to those in which an understanding of power is implied, as in

unraveling the uses of authority in interpersonal relationships" (Rees, 1991:39). Rees vervolg en sê dat hierdie drie-dimensionele beskouing van mag die gees en doelstellings van bemagtiging omsluit. Dit dra ook by tot die geboeidheid met die filosofie van maatskaplike werk en maatskaplike beleid in hul onderskeie kontekste. Daarom gaan 'n herdefinisie van beleid met die kritiese waardering van die betekenis en gebruik van mag gepaard. (1991:40). Radikalisme, in die konteks van maatskaplike welsyn, impliseer dus die uitoefening van mag om maatskaplike geregtigheid teweeg te bring, te wete die gelykberegtiging van noodsaaklike lewensmiddele - asook die toepassing van positiewe diskriminasie - waar in belang van die minderbevoegde persone opgetree word om gelykheid te verseker.



### 6.9.3. POLITIEK

Uit die oogpunt van 'n leek hou politiek kwansuis verband met uitsprake deur verskillende politieke groeperinge teenoor mekaar, met die uitsluitlike doel om mag te bekom. Hierdie konserwatiewe siening, wat ook 'n kulturele tradisie voorhou, het ook binne die samelewing wat aan die navorser bekend is voorgekom. Die bemagtiging van persone binne 'n samelewing (uit die oogpunt van maatskaplike welsyn) is gevolglik geleë in die ideologie en politieke siening van die maatskaplike werker, en sy betrokkenheid by die ekonomiese en maatskaplike beleid wat gevolg word. Die politieke siening soos binne die

konteks van maatskaplike werk verstaan, impliseer, volgens Rees "...the articulation of values which support community interests over individual gain. It emphasises the struggle to achieve welfare as appropriate political activity which will occur in familiar contexts of interpersonal exchanges, in deliberations over the way an agency conducts its business and in debates over the significance of any policies which affect justice" (Rees, 1991:15).

Politiek word ook gedefinieer in die konteks van die uitoefening van beheer waar daar 'n konflik van belange voorkom. Hiermee word daar uitdrukking verleen aan die siening dat politiek die hele spektrum van die menslike bestaan omsluit. Daarom merk Rees tereg op dat "Politics is involved in any critique of social order and in any challenge to domination in relationships" (1991:41). Hierdie radikalisme wat binne 'n oop samelewing aanwesig is, dui op die demokratiese reg waaroor elke individu beskik om regverdig en gelyk behandel te word.

Daarom, in die proses van die bemagtiging van die kliënte-sisteem, is dit van kardinale belang dat die maatskaplike werker sy eie posisie binne die organisasie ken. Met dié verstandhouding van die politieke mag wat aan hom verleen word om sy taak uit te voer, kan die maatskaplike werker gesag uitoefen en sodoende betekenis aan die kliënt se identiteit

verleen.

#### 6.10. BEMAGTIGING IN TERME VAN GERECHTIGHEID

In die beskrywing van die konsep "bemagtiging", het maatskaplike gerechtigheid, as kontemporêre begrip, deel daarvan uitgemaak.

Bemagtiging en die strewe na maatskaplike gerechtigheid, binne die Suid-Afrikaanse konteks en in terme van Freire en Rees se standpunt oor kulturele politiek en politieke gerechtigheid, is myns insiens gedagterigtings wat die basis van enige gemeenskapslewe vorm. Dit is vervolgens 'n middel tot 'n doel, naamlik om magteloosheid te ontgroei en oplossings vir gemeenskapsprobleme te vind.



Die effektiwiteit van maatskaplike dienste is nou verwant aan die ekonomiese beleid wat binne 'n samelewing aanwesig is. Die waardestelsel van diegene wat beleid moet toepas, kan gevolglik 'n merkbare invloed op die inwoners se lewenstandaard en persoonlike leefwyse hê.

#### 6.11. EKONOMIESE RASIONALISME IN VERHOUDING MET MAATSKAPLIKE DIENSTE

Die ekonomiese beleid, soos in die brêe waargeneem, het te make met monetêre kontrole, regulasies en ook besnoeiings by

privaat inisiatiewe binne die konteks van Maatskaplike Werk in Suid-Afrika. Die finansiële inkorting van staatsusidies aan ouetehuse, kindertehuse en dergelike inrigtings is voorbeelde hiervan. Binne die raamwerk van regeringsbeleid, waar welsyn 'n regeringkwessie is, is dit 'n bepalende faktor dat die regering dit al minder "sy besigheid maak". Die doelwit van 'n welsynsbeleid is (of so behoort dit te wees) om die samelewing te bemagtig. In hierdie opsig, sê Rees: "Rhetoric about the value of the market and the associated respect for unbridled individualism gave new meaning to empowerment." (Rees, 1991:52). Hy vervolg en sê:

Emphasis on families being totally responsible for all their dependents meant that previous government policies could be judged an unnecessary interference. Public money to fund health and welfare services would be assigned reluctantly, or regarded as wasteful because individuals should be encouraged to demonstrate personal responsibility through financial independence (Rees, 1991:52).

Suid-Afrika, as Derdewêreldland, met die voorkoms van Eerstewêreldstandaarde onder sekere gemeenskappe, veral waar die wit minderheidsgroep deur apartheid bevoordeel was, het tot gevolg gehad dat die stelsel hom tot wanbalanse geleen het. Met die formulering van 'n nuwe ekonomiese en welsynsbeleid is dit bepalend dat die herverspreiding van



bronne groot gewig dra in die bepaling van geregtigheid, en die bied van vryheid binne die individu se kulturele verband.

Die effektiwiteit van die maatskaplike werker, in sy persoonlike hoedanigheid of by die organisering van dienslewering, is ekonomies bepalend. Omdat morele verantwoordelikheid en regverdiging daaraan verbonde is, soos Rees tereg opmerk:

In the drive to initiate the entrepreneurial values of the business community, a user pays philosophy was inevitably going to clash with an ideology about entitlement to services irrespective of the ability to pay. If a service could be labelled economically inefficient, that would also carry the connotation morally unjustifiable (Rees, 1991:52).

Die implikasie van die tot standbringings van "ekonomiese redelikheid" binne die maatskaplike bestel, word die bedryf van maatskaplike welsyn, as die verantwoordelikheid van die individu en gemeenskap self beskou.

#### 6.12. ENKELE TRADISIES VAN MAATSKAPLIKE GEREGTIGHEID

Die tradisionele uitgangspunt ten opsigte van maatskaplike geregtigheid het te make met maatskaplike beleid ten opsigte van die beskerming van "kwesbare" lede in die samelewing, naamlik diegene wat werkloos is, kinders wat in armoedige

omstandighede woon, en bejaarde persone. Volgens Rees word die doelwitte van maatskaplike geregtigheid deur verskillende lande en tradisies, verskillend beskryf. In Swede, byvoorbeeld, reflekteer maatskaplike geregtigheid om sosiale demokrasie deur ekonomiese en maatskaplike beleidsrigtings te verbreed; in Duitsland hou dit verband met werkverskaffing; in die Verenigde Koninkryk was die sentrale beplanning om oorkoepelende dienste te lewer voorop gestel; en in Australia was federale beleidsrigtings vir welsyn en werksverskaffing geïmplimenteer (Rees, 1991:57). Genoemde tradisies onderskei algemene doelwitte om sekerheid en gelykheid in die implimentering van maatskaplike en ekonomiese beleidsrigtings te bepaal.



In die totstandkoming van die demokratiese proses in Suid-Afrika het dit tot gevolg gehad dat 'n nuwe of meer verteenwoordigende welsynsbeleid daargestel word. Ek verwys hier na die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn wat in Augustus 1995 vrygestel was. In die Voorrede word die doelwitte vir die totstand bring van Maatskaplike Geregtigheid in die konteks van Maatskaplike Welsyn as volg opgesom: By die totstandkoming van die demokratiese bestel in Suid-Afrika, was die volgende doelstellings van 'n ontwikkelde sosiale welsynsisteem belangrik, naamlik mede-menslikeheid, rustigheid, regverdigheid en 'n samelewing wat omgee en menseregte vooropstel. Alle Suid-Afrikaners moet ook die

geleentheid kry om 'n aktiewe rol te speel om hul eie welsyn te bevorder wat tot groei en ontwikkeling van die samelewing bydra. By die ontwikkeling van die gemeenskap moet die klem op die populasie wat in armoede leef val. Dit wil sê die wat kwesbaar is en diegene wie spesiale behoeftes benodig. 'n Verdere uitdaging is om die ongelykhede van die verlede en fragmentasie van staatsinstellings en private initiatiewe aan te spreek. Die taak van die Ministrie van Welsyn en Bevolkingsontwikkeling moet gevolglik wees om kontinuïteit van dienslewering te verseker en terselfdertyd dienste wat ontwikkelingsgerig is heroriënteer. Dit sal in samewerking met die breë gemeenskap geskied wat op die beginsels van die Heropbou en Ontwikkelingsprogram geskoei is. (White Paper, 1994).



Soos reeds aangedui, het die bepaalde doelwitte op die H.O.P. beginsels betrekking wat later in die hoofstuk bespreek word. Hierdie uitspel van landsbeleid kom neer op die regering se oorlog verklaring teen armoede. As voorbeeld verwys Rees na die werking en doelwitte van die "wars on poverty" wat gedurende die 1960 tot 1970 in Groot Brittanje, Verenigde State van Amerika en Australië geëmplimenteer was. Hy stel dit as volg:

These programs referred to empowerment in a series of familiar objectives: giving power back to people, effecting reform from the grassroots,

creating and using indigenous resources. Always these processes aimed at greater equality in power sharing, either by the consensus-oriented gradual process of community development or by the conflict-oriented swifter skirmishes of community action and its concern with enemies, targets and the achievement of specific objectives within a short time frame (Rees, 1991:57).

Met verdere verwysing na die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn, word dit veronderstel dat die "War on poverty", naamlik die toepassing van welsynsbeleid en -programme, van toepassing sal wees om persone wat in armoede leef, te bemagtig. (White Paper, 1995:10-11).

In die voorlegging in terme van maatskaplike geregtigheid, is dit duidelik dat die arm mens blootgestel word aan alle faktore wat hom tot onreg teen die mens leen. Dus is dit van kardinale belang dat die regering van die dag deur middel van beleid verseker dat reg en geregtigheid geskied.

Met inagneming van die breë beskouing van gemeenskapswerk en daarmee saam geregtigheid, word bematiging as een van die sleutel konsepte beskou. In terme van die Gemeenskapswerk beginsel word dit per definisie as 'n werktuig om gemeenskappe te bemagtig, die skepping of onwikkeling van hulpbronne om

mense se behoeftes te bevredig en die demokratisering van die gemeenskap om beleid te vorm beskou. Die toepasing van hierdie beginsel kan nie tot sy reg kom nie omdat maatskaplike werkers moontlik nog nie hul ingesteldheid teenoor hul gemeenskappe verander het nie, of moontlik nie hul gemeenskappe se kulturele ingesteldheid of behoeftes verstaan nie. Die algemene feit is dat maatskaplike werkers hul werkladings aan die aantal gevalle wat hulle hanteer, meet. Dit gaan nie oor die aantal ontwikkelingsprojekte waarby 'n groter deel van die gemeenskap sal baat nie. Met inagneming van die voorkoms van gebrek aan inisiatief in die totale gemeenskapswerkproses, wat nog te sê van die proses "gemeenskapsontwikkeling" waar die bestaande hulpbronne gemobiliseer en deur demokratiese besluitneming bestuur behoort te word. Aangesien daar in die verlede die klag gemaak is dat die gemeenskapswerkproses op westerse beginsels gegrondves was, het daar na die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika wat dít betref 'n paradigma-skuif voorgekom. Dit het bekend gestaan as die Heropbou en Ontwikkelingsprogram wat daarop ingestel was om alle sektore van die Suid-Afrikaanse samelewing te ontwikkel. 'n Volledige beskrywing van die ontstaan en werking van die H.O.P. volg later in die hoofstuk.

6.13. DIE HEROPBOU EN ONTWIKKELINGSPROGRAM AS WERKTUIG TOT BEMAGTIGING

6.13.1. ONTSTAAN VAN H.O.P.

Met die beskouing voor en na die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika, in April 1994, het die ontwikkeling, voorstelling en inwerkingstelling van die A.N.C se Heropbou en Ontwikkelingsprogram ("Reconstruction and Development Programme") deel van die Suid-Afrikaanse beleid geword.

In die voorwoord van die "R.D.P."-dokument (1994), uitgegee in boekvorm, wat deur daardie tyd se leier van die African National Congress (A.N.C.), mnr. Nelson Rolihlahla Mandela onderteken is, noem hy dat die ontwikkeling van die program op die "Freedom Charter" gebasseer is. Hy sê:

The process now underway is that of developing the detailed policy and legislative programme necessary to implement the RDP. In preparing the document, and in taking it forward, we are building on the tradition of the Freedom Charter. In 1955, we actively involved people and their organisations in articulating their needs and inspirations. Once again we have consulted widely (ANC, 1994:Preface).

Die inhoud van die "Freedom Charter", van 23 Junie 1955, word

in die "Dictionary of Sociology and Related Sciences" as volg deur Fairchild aangehaal:

We the people of South Africa, declare for all our country and the world to know that South Africa belongs to all who live in it, black and white, and that no government can justly claim authority unless it is based on the will of the people; that our people have been robbed of their birthright to land, liberty and peace by a form of government founded on injustice and inequality; that our country will never be prosperous or free until all our people live in brotherhood, enjoying equal rights and opportunities, that only a democratic state, based on the will of people, can secure to all their birthright without distribution of colour, race, sex or belief. And therefore, we the people of South Africa, black and white, together equals, countrymen and brothers adopt this Freedom Charter. And we pledge ourselves to strive together, sparing nothing of our strength and courage, until the democratic changes have set out have been won (Fairchild, 1965:285).

Met die bewindsoorname van die A.N.C. in die 1994 demokratiese verkiesing was dit aanvaardend dat die H.O.P.-dokument Regeringsbeleid sou word. Die navorser verwys na die Witskrif,

gedateer September 1994, wat te make het met die H.O.P. en spesifiek die aanhaling uit president Mandela se Presidentsrede op 24 Mei 1994 om die beginsels van sy regering in hierdie verband uit te spel. Hy sê:

My Government's commitment to a people-centered society of liberty binds us to the pursuit of the goals of freedom from want, freedom from hunger, freedom from deprivation, freedom from ignorance, freedom from suppression and freedom from fear. These freedoms are fundamental to the guarantee of human dignity. They will therefore constitute part of the centrepiece of what this Government will seek to achieve, the focal point on which our attention will be continuously focused. The things we have said constitute the true meaning, the justification and purpose of the Reconstruction and Development Programme, without which it would lose all legitimacy (G.N.U., 1994:1).

Sees reeds aangedui was die H.O.P. beginsels alreeds deel van 'n samelewing se voortbestaan maar dat dit deur vorige ondemokratiese regeringstelsels nie ten volle toegepas kon word nie.



6.13.2. BESKRYWING VAN HEROPBOU EN ONTWIKKELINGSPROGRAM

Tydens die ondersoek na die werkbaarheid van die H.O.P. het die Witskrif die volgende vrae probeer beantwoord, naamlik: "Wat is die H.O.P.?" en "Waarom het ons 'n H.O.P. nodig?".

Wat is die H.O.P.?: Die direkte antwoord op die vraag word as volg in die Witskrif uiteengesit:

The Reconstruction and Development Programme (RDP) is an integrated, coherent socio-economic policy framework. It seeks to mobilise all our people and our country's resources toward the final eradication of the result of apartheid and the building of a democratic, non-racial and non-sexist future. It represents a vision for the fundamental transformation of South Africa. That integrated process of transformation must ensure that the country

- develops strong and stable democratic institutions and practices characterised by representativeness and participation;
- becomes a fully democratic and non-racial society;
- becomes a prosperous society, having embarked upon a sustainable and environmentally friendly

growth and development path;

- addressess the moral and ethical development of society (G.N.U., 1994:4).

Hoekom het die land 'n H.O.P. nodig?: Die Witskrif gee weer die volgende antwoorde:

Die Suid-Afrikaanse geskiedenis is 'n bittere een wat deur kolonialisme, rassisme, apartheid, seksisme en onderdrukkende arbeidsbeleid gedomineer was. Die resultaat was dat armoede en degradering van jou persoonlikheid hand aan hand gegaan het met die bestaan van moderne stede en ontwikkelde mynbou, industriële en kommersiële infrastruktuur. Die verspreiding van inkomste was ongelyk, diskriminasie en vooroordeel teenoor vroue het bestaan, en landelike mense was ook gemarginaliseer.

Die ekonomie was gebaseer op sistematiese, geforseerde rassieskeiding op elke gebied van die samelewing. Onderskeid het gevolglik voorgekom vanaf die onderontwikkelde bantustans tot die goed ontwikkelde plase wat in die besit van 'witboere' was. Die voorkoms van rassieskeiding was in elke dorp en stad aanwesig. Segregasie in die onderwys, gesondheid, welsyn, vervoer en die werksplek was in beginsel nog beleid. Die hoë vlak van geweld het ook die ontwikkeling van die samelewing en die vestiging van 'n ekonomies stabiele klimaat geaffekteer.

Die voorkoms van witgedomineerde beheer oor 'n groot deel van

die land se ekonomie, en ook die bestaan van 'n beleid wat te make het met goedkooparbeid, teenoor die segregasie gekonsentreerde vaardighede in die hande van die wittes was 'n werklikheid. Hierdie voorkoms van ekonomies swak toegeruste werkers het gevolglik meegebring dat hulle nie in rat was vir die vinnige veranderinge wat in die wêreld-ekonomie plaasgevind het nie.

Die resultaat was dat Suid-Afrikaners op elke vlak van die samelewing - ekonomies, maatskaplik, wetlik, polities, moreel, kultureel, omgewings - gekonfronteer was met ernstige probleme. Ten spyte van al voorgenome probleme, beleef alle inwoners van die land 'n merkwaardige politieke oorgang waarin almal met die heropbou en stabilisering van hul samelewing kan begin. (G.N.U., 1994:4-5)

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

Om die doelwitte van die H.O.P. te bereik, word die volgende ses beginsels in die Witskrif vermeld:

Eerstens, word 'n integrale en deurlopende program verlang.

Tweedens, moet hierdie programme as 'n "mens aangedrewe" proses beskou word.

Derdens, moet die eerste twee doelwitte bestem wees om vrede en veiligheid vir almal daar te stel.

Vierdens, sal nasiebou eers voorkom wanneer vrede en

veiligheid gevestig word.

Vyfdens, is nasiebou op sy beurt tot die H.O.P. verbind.

Sedens, sal hierdie vorige doelwitte deurlopende demokratisering van die samelewing tot gevolg hê.

(G.N.U., 1994:6-7).

Met inagneming van gemelde beginsels en beskrywing van die H.O.P. is dit belangrik dat die woord "Heropbou" en "Ontwikkeling" breed bekyk word. Die twee begrippe kan in die Suid-Afrikaanse konteks nie van mekaar losstaan nie. Soos John C. van Zyl die dilemma aandui, met vewysing na die verskil in betekenis wat die A.N.C. en sy alliansie met ander Vryheidsbewegings, enersyds, en alle ander politieke partye, sowel as die publiek aan die begrippe koppel. Hy sê:


UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

It seems more than likely that a considerable struggle lies ahead over the most appropriate meaning and purpose of a reconstruction and development programme for a heterogeneous and complex society such as South Africa. At the heart of this is a conceptual struggle over the most useful vision or paradigm of development to work within such a context (Van Zyl, 1995:1).

"Heropbou" sinspeel daarop dat die Suid-Afrikaanse samelewing hom moet losskud van die apartheidsverlede. Dit sluit in alle

inwoners van die land, met ander woorde na alle rasse, stamme, inheems en uitheems, wat die land as hul eie beskou. Daarom moet samewerking tussen die land se inwoners, nie net op politieke en ekonomiese vlak nie, maar belangrik: op kulturele vlak, plaasvind. Ter staving van hierdie gedagte is die inleiding in die Nuwe Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, relevant omdat dit wedesydsse respek en moraliteit van landsburgers onderskryf. (R.S.A.,1996:1).

Ontwikkeling word deur verskillende persone verskillend geïnterpreteer. Dié konsep word ook dikwels gelyk gestel aan ekonomiese groei. Dit het egter met verloop van tyd duidelik geword dat nie-ekonomiese faktore net so bepalend is wanneer ontwikkeling ter sprake kom. In hierdie verband sê Raanan Weitz die volgende:



There is a general consensus among specialists today that economic factors are integral to the development process. But the significance of "non economic" factors in the process, and the nature of such factors, are the subject of a great deal of continuing debate (Weitz, 1986:12).

Om hierdie gedagterigtings in terme van ontwikkeling te illustreer, haal Weitz twee outeurs naamlik, Everett M. Rogers en Michael P. Todaro as volg aan:

Development is a type of social change in which new

ideas are introduced into a special system in order to produce higher per capita incomes and levels of living through more modern production methods and improved social organization (1986:11).

en ook:

Development...is concerned with the economic and political processes necessary for affecting rapid structural and institutional transformation of entire societies in a manner that will more efficiently bring the fruits of economic progress to the broadest segments of their populations (1986:11-12).

Van Zyl noem drie visies of paradigmas van ontwikkeling, naamlik: die Groeigesentreerde visie, Staatsgesentreerde sosialistiese visie en die Mensgesentreerde visie.

Die Groeigesentreerde visie is gebaseer op die kapitalistiese uitgangspunt van ontwikkeling. Daarom sentreer dit op ekonomiese groei en die vryemarkstelsel. Die probleem met dié uitgangspunt is dat dit op sigself min effek op die omstandighede van die arm mens het. Van Zyl stel dit as volg:

Such a paradigm has generally served the interests of South African business well. Internationally, it has contributed significantly to the overall

material process of many countries, albeit with relatively little impact on relieving the plight of the poor (Van Zyl, 1995:1).

Die Staatsgesentreerde sosialistiese visie, oftewel Marxistiese uitgangspunt van ontwikkeling, fokus histories op die beginsel van maatskaplike geregtigheid. Binne die konteks van die Suid-Afrikaanse bestel loop die uitgangspunt deur onder erge kritiek, weens die mislukking daarvan wat aanleiding gegee het tot die val van die Verenigde Russiese Republiek wat op marxistiese beginsels bedryf was. Daarmee saam is ook verskille in kulturele waardes wat deur die land se bevolking uitgeleef word. Van Zyl bekyk die uitgangspunt breed en stel dit teenoor die groeigesentreerde-benadering. Hy is van mening dat dit wel voordele inhou, maar nie armoede kan verlig nie.

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

The growth-centred vision, seen as a panacea by many and pursued for many decades both in the west and in the Soviet Union, has certainly benefited many millions of people. It has not, however, resolved the problem of poverty for the majority of the world's population. It has also led to critical global ecological degradation. In essence, the orthodox growth-centred approach is not sustainable in either human or ecological terms. The Soviet experiment has sustained for much of this century

what has been called one of the most profound historical contradictions, the imposition of tyranny in the name of humanitarianism and justice (1995:2).

Die persoonsgesentreerde ontwikkeling wat beskou word as 'n nuwe benadering, is op sigself so oud soos die mensdom self. Hierdie humanistiese uitgangspunt, oftewel paradigma-skuif, is volgens Van Zyl, "...unashamedly normative and often utopian, concentrating on how development ought to take place as opposed to how it actually occurs. It focuses on the content of development (namely its meaning and purpose) rather than on its form" (Van Zyl, 1995:2).

Ontwikkeling, met inagneming van die ander twee ander benaderings, naamlik die groeigesentreerde en staatsgesentreerde benaderings, het in die huidige stadium van die H.O.P.-beleid ten doel om die agtergeblewe gemeenskappe op te hef. Dit is 'n voldonge feit dat die vordering van die H.O.P. in die agtergeblewe gebiede deur die inwoners se ontwikkelingsvlak geaffekteer word. Van Zyl sê:

the most important implication of defining 'development' in terms of its deeper content is the central proposition that 'development occurs inside people - either they do it themselves or it does not happen at all'. It follows that it is simply



not possible to give people 'development'. People can be given things or objects, but if development is to occur, they have to become personally involved. They will have to learn to accept increasing responsibility for managing their own development, that is, for becoming more self-reliant (1995:2).

Met betrekking tot sosiale ontwikkeling, volgens die filosofie van Gandhi, sê Sharma en Ormsby:

Social development, in Gandhi's conception, was the sum-total of personal development of all people in a society, accompanied by a new social order which would permit and facilitate the occurrence of personal development of all...Since in the creation of a new social order, personal revolution had to precede social revolution, a fundamental and thorough change in values, thought processes, modes of conduct, participative patterns, habits, needs and goals of people was of central importance in bringing about of the desired social development. Change, in other words, had to start at the individual level first in order for it to be of any effect and durability (Sharma en Ormsby, 1982:18-19).

Dit is hieruit duidelik dat ontwikkeling nie net te make het met ekonomiese vooruitgang nie, maar die ontwikkeling van die persoon, met inagneming van sy gewoontes en tradisies.

### 6.13.3. DIE H.O.P. IN DIE WES-KAAPPROVINSIE

Dit is 'n algemene feit dat die verwagtinge in die Wes-Kaap t.o.v. die H.O.P. hoog is, veral onder die agtergeblewe gemeenskappe. Die misverstande rondom die werking van die H.O.P., soos ook in die navorsing waargeneem, het daartoe bygedra dat daar skeptisisme voorkom. Daarom wil dit voorkom of die Suid-Afrikaanse bevolking, spesifiek die inwoners van die Wes-Kaap, vertrou in die H.O.P. verloor het. Die politieke toutrekkery ten opsigte van eienaarskap van die H.O.P. het telkens onder skoot gekom. Daarom, om 'n omwenteling in die werking van die H.O.P. teweeg te bring, was die verantwoordelikheid verplaas na die hoogste politieke gesag naamlik, die Adjunk-President, wat nou tegnies in beheer van die monetering van die H.O.P. is. Die finansiële verantwoordelikheid was ook verskuif na die Departement van Finansies onder die nasionale politieke leierskap van die minister van Finansies.

Dit is vanuit hierdie standpunt dat die redkteur van die nuusbrief, Reconstruction Development Program in Action, noem dat: "The RDP at both the National and Provincial levels

has not closed down and has not been cancelled. The RDP is alive and well and is in fact growing from strength to strength" (Western Cape, 1996:1). Die opsteller spel ook die werksaamhede van die H.O.P.-kantoor in die Weskaap as volg uit:

- \* Monitoring and evaluation of the delivery programmes of all line function departments;
- \* Monitoring and evaluation of all Presidential Lead Projects (PLP);
- \* Human resource development including the transformation of the public sector and the capacity building of civil society to take charge of their own development challenges;
- \* Ongoing support and servicing of RDP forums throughout the Province;
- \* The processing of project applications and business plans of projects submitted to the RDP Office;
- \* The co-ordination and facilitation of linkages and partnerships between government, labour, business, NGOS, organisations of civil society and local government for provincial and local development purposes (Ibid.).

Hein Swart van die Parlementêre Redaksie neem die standpunt ten opsigte van die H.O.P. in oënskou en noem: "Niemand kan skeptici verkwalik dat hulle bedenkinge oor die lewensvatbaarheid van die regering se Hop uitspreek nie. Hoewel niemand graag sou wou sien dat die uiters lofwaardige program sneuwel nie, raak mense nogtans toenemend ongeduldig oor die oënskynlike gebrek aan vordering" (Die Burger, 10 Mei 1997). Hy is verder van mening dat daar niks met die werksaamhede van die H.O.P. skort nie, maar dat dit nie voldoende bemark word nie. Daarom noem Swart dat "Projekte is hoofsaaklik toegespits op die verligting van armoede en neem hoofsaaklik die vorm aan van infrastruktuur, soos paaie, riool, skole, klinieke en kragverskaffing, asook voedingsprogramme en planne om misdaad te bestry. Dit geskied meestal op die platteland en in plakkergemeenskappe, wat hoofsaaklik buite sig van die meeste kommentators in die meer gegoede woonbuurte is" (Ibid.).

Toegee die H.O.P. se tandekry-stadium en die voorkoms van verdragings deurdat streng beplanningsvereistes vir elke projek geld, moet 'n mens ook toegee dat die opskrif wat Swart aan die spesifieke redaksie koppel, naamlik "Hop sluimer, maar skop nou en dan" (Ibid.), meriete het.

#### 6.13.4. DIE H.O.P. IN KORRELASIE MET DIE GEBIED VAN NAVORSING

In die verwysing na die uitkoms van die ondersoek, soos aangegee in Hoofskuk Vyf, is dit duidelik dat die inwoners binne 'n gebied woon sonder, of met 'n gebrekkige infrastruktuur en dat basiese lewensbehoefte afwesig is. Die wetsbepalings wat binne die gebied aanwesig was, het dit vir die inwoners onmoontlik gemaak om eie inisiatief te neem om enigsins tot betekenisvolle ontwikkeling te kom. Die belangrikste probleem is dat die grond waarop die inwoners woon, nie hul eiendom is nie. Hiermee dien vermeld te word dat die grond al bykans 'n eeu deur van die huidige bewoners en hul voorgeslagte bewoon word. In die stryd van die inwoners om die grond te bekom en hul eie te maak, het die inwoners hul laaste toevlug na die Malmesbury Oorgangsraad, en die Heropbou en Ontwikkelingsprogramkantoor in Kaapstad geneem. Dit wil dus voorkom of die gebied as 'n "vergete" gemeenskap beskou kan word omdat dit wil voorkom of hulle nou eers in aanmerking gekom het om die gebied hul tuiste te maak.

Na aanleiding van 'n navraag oor die betrokkenheid van die H.O.P.-departement binne die gebied van navorsing was die volgende kommentaar van 'n woordvoerder van die Malmesbury Oorgangsraad op 7 Maart 1997 verkry:

Malmesbury Plaaslike Oorgangsraad is sedert November 1995 amptelik betrokke by hierdie twee

woongebiede.

Beide (twee) gebiede is baie agtergeblewe en beskik nie eens oor genoegsame drinkwater nie. Water word tans per pad na Chatsworth aangery en is daar beperkings ingestel in bogenoemde dorpsgebied.

H.O.P.-Fondse ten bedrae van R3,5 Miljoen is vanaf P.A.W.K. en Departement Waterwese ontvang om water te voorsien, 'n riooluitvalwerke te bou en toegangsroetes op te gradeer.

Die projek is op tender uit en sal die suksesvolle tenderaar binne die volgende week aangewys word om die waterprojek te doen.

As alles volgens skedule verloop behoort Riverlands en Chatsworth se waterprobleme teen September/Okttober 1997 opgelos te wees.

Na aanleiding van 'n berig in die media is 32 staande krane in die Riverlands woonbuurt aangebring en sal waterkrane in die huise ekstra koste vir meebring. (Die Burger, 25 Maart 1998). Dit is gevolglik 'n bevestiging dat H.O.P.-projekte wel in die Groter Chatsworth aanwesig is. Ten spyte van die aanbring van water en riolering is die infrastruktuur veral vir die Riverlands woonbuurt ook van kardinale belang. Hierdie aspekte hou die sleutel tot die ontwikkeling van die totale gemeenskap

en sal ook samewerking tussen die inwoners bevorder. Die uitbreiding van alle ander dienste wat vir die opheffing van die morele waardes van die inwoners noodsaaklik is, sal gevolglik vanself volg.

#### 6.14. KONKLUSIE

Die historiese werklikheid binne die Suid-Afrikaanse konteks kom na vore wanneer "geregtigheid" tersprake kom. Dit is ironies dat met die proses van gemeenskapswerk daar nie altyd ooreenstemming bereik kan word met die manier van dienslewering nie. Ten spyte daarvan glo Freire (1987) dat die bemagtiging van 'n nasie op die vlak van kritiese dialoog en militante denke lê. Dit kan ook beskou word as die analise van menslike situasies om verandering teweeg te bring.

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

Die fokus in gemeenskapswerk binne die Maatskaplike Werk profesie val op dienslewering, dienslewering met die doel om ekonomiese en politieke ongeregtigheid aan te spreek en mense se lewensomstandighede te verbeter, asook om die belangrikheid van gemeenskapsdeelname te beklemtoon. Dit beklemtoon dat die ontwikkeling van die gemeenskap berus op opvoeding, volwasse opvoeding, met die fokus op die gemeenskap se lewenspatroon, waardesisteme en regspleging. Die Maatskaplike Werk beroep is gevolglik in 'n posisie waar duidelike standpunte geld, maar die gemeenskap se regte word gerespekteer.

Die filosoof van moraliteit, Nicolai Hartman, beskou geregtigheid as 'n persoonswaarde, maar dit ook as 'n gemeenskapswaarde. Die tweeledige uitdrukking ten opsigte van geregtigheid plaas die mens in 'n sentrale posisie om reg uit te oefen en om deur die reg beskerm te word. Daarom word geregtigheid nie as die hoogste vorm van morele waarde beskou nie, maar eerder die minimum omdat dit die basis van gemeenskapslewe is.

Gemeenskapswerk en geregtigheid is inter-afhanklik. Dit is die belangrikste komponent in die ontwikkelingsproses wat bematiging teweegbring en ten doel het om 'n gesonde samelewing te skep.

Die karakter van die gebied onder bespreking en ook die ontberinge wat die inwoners moet deurmaak, het die demokraties verkose regering genoop om aandag aan die gebied van navorsing te verleen. Ten spyte van die feit dat regeringsbeleid ten opsigte van die H.O.P. die tydsduur van ontwikkeling vertraag het, het die gemeenskap in sy doel geslaag om die tekortkominge wat in die gebied voorkom bloot te stel.

Die voorkoms van ontwikkeling in die gebied was deur gemeenskapsdeelname teweeg gebring, deelname op die vlak van die H.O.P.-forums, maar belangriker nog, deur die samehorigheidsgevoel wat oor die jare heen deur die ontberinge tot stand gekom het.



HOOFSTUK SEWE

SAMEVATTING (TEORETIESE BEGRONDING) EN AANBEVELINGS

In die slot hoofstuk is dit essensieël om te bepaal of die navorsingsvraag beantwoord is. Dit wil sê: is die kwessie van die ontbering van die persoonlikheid van die inwoners in die gebied onder bespreking behoorlik toegelig. Daarom volg die verdere vraag, naamlik: Wat het die navorsing uitgelig met betrekking tot die persoon en die kwessie van armoede? In antwoord op die vrae was in Hoofstuk Twee die konsep "persoon" breed bekyk en "ontbering" was in verband met armoede gebring.

Uit die bespreking was dit duidelik dat geen definitiewe definisie die konsep "persoon" kon omskryf nie. Dit was gevolglik met verskillende perspektiewe in verband gebring. Daar was na Centore se ses definisies gekyk asook die antieke siening, Joods-Christelike siening, die siening van Marx, en 'n algemene moderne uitgangspunt.

Ontbering in die skripsie dui op die mens se gebrek aan noodsaaklike lewensmiddele en die gevolglike uitwerking wat daardie subjektiewe belewenis van armoede op die mens in sy geheel het. Met hierdie beskouing van die persoon en die navorsing wat gedoen was, is dit duidelik dat die respondente se opinies met betrekking tot die belewenis van hul gebied gewig dra. Die interessante aspek, met betrekking tot hierdie

gemeenskapstudie, was dat bykans alle respondente gemeld het dat die gebrek aan noodsaaklike lewensmiddele en die stagnering van ontwikkeling in die gebied hulle van hul menswaardigheid ontnem het.

Die mense se belewenis van armoede in die gebied onder bespreking hou verband met die land se vorige beleid wat op uitsluiting en tweederangse burgerskap gebaseer was. Soos uit die gemeenskapstudie en navorsing afgelei kan word, was dit moontlik die hoofrede vir die verwaarlosing van die gebied. Hierdie situasie het wel 'n gevoel by die mense laat ontstaan dat hulle as 'minder mens' beskou was, maar hulle het wel oor die jare heen hul waardigheid behou en in die 'waardestelsel' wat aan hul bekend is, vasgeklou. Die gemeenskap kon oorleef omdat hulle 'n eiesoortige 'kultuur', oftewel lewenspatroon, gehandhaaf het. Die belangrikheid van die behoudenis van die waardestelsel moet, net soos ekonomiese groei, as 'n belangrike komponent van ontwikkeling gesien word (Weitz, 1986:19). Daarom beklemtoon Weitz dat maatskaplike en kulturele strukture wat tradisionele ekonomiese omsluit, deur stabiliteit gekenmerk word (1986:27). Dit is gevolglik belangrik dat die navorser die tradisionele waardes van enige ontwikkelende gemeenskap respekteer, alvorens veranderinge voorgestel of implimenter word.

Betreffende die afwesigheid van noodsaaklike dienste soos

lopende water, vullisverwydering en riolering het die respondente veral hierdie situasie as onaanvaarbaar beleef, veral in die lig daarvan dat die gebied al bykans 'n eeu deur die inwoners en hul voorgeslagte bewoon word. Hierdie faktore stem die inwoners tot afgryse en soos een respondent dit stel: "dit het 'n effek op jou menswees-proses".

Die standaard en beskikbaarheid van gesondheidsdienste (primêre gesondheidsorg) is kommerwekkend. Die gemeenskap ervaar dit as 'n belediging van hul persoonlikheid. Ten spyte van die goeie gehalte van onderwys, is die respondente van mening dat dit verder uitgebou behoort te word. Die stand van vervoer en ontspanningsgeriewe is nog 'n probleem vir die inwoners. Hierdie dienste wat die basis van gemeenskapslewe uitmaak, word as neerdrukkend deur die inwoners ervaar. 'n Gebrekkige infrastruktuur en swak behuising word deur die inwoners as stremmend vir hul persoonlike ontwikkeling en die ontwikkeling van hul gebied ervaar. Aangesien baie van die inwoners in opslaanstrukture woon, het die ervaring ook 'n effek op hul persoonlikheid en menswaardigheid gehad.

Ongeag alle politieke veranderinge, bly omstandighede in die gebied dieselfde. Werkseleenthede is beperk en die grootste persentasie van alle inwoners moet buite die gebied werk. Dit lei tot 'n 'uittog' of migrasie van afgestudeerde kundiges wat belang by ontwikkeling buite die gebied het. Die finansiële welvaart vir die inwoners wat buite die gebied werk, was ook

bespreek. Hulle noem dat wat hulle nog in die gebied hou, die feit dat dit hul plek van geboorte is, en dat hulle nie die gemoedsrus en stilte sal prysgee nie. Weereens kom die kulturele waardes waaraan die inwoners gewoond is na vore.

Die belangrikheid van die studie was nie net om die mense se probleme en hul gevoelens te identifiseer nie. Die gemeenskap was ook gevra hoe die probleme opgelos kan word, wat hulle dink maatskaplike opheffing kan bied, en hoe maatskaplike geregtigheid bevorder kan word. Die inwoners se mening oor die H.O.P. het verstommende uitsprake opgelewer. Dit is duidelik dat die gemeenskap die potensiaal het om hulself te ontwikkel soos later in die hoofstuk vermeld sal word.

Die doel van die ondersoek vir die gemeenskap was om introspeksie te neem in hul eie omstandighede (die navorser was net as instrument gebruik om die gemeenskap se reaksies te genereer) en oplossings vir hul probleme voor te stel. Die uitkoms van die navorsing moet gevolglik in die konteks van die ontbering deur die inwoners van die gebied beskou word. Derhalwe moet moontlike riglyne aan die gemeenskap verskaf word wat opheffing sal genereer en armoede sal verlig.

Die feitelike gegewens wat uit die navorsing voortgespruit het, moet gebruik word om nuwe betekenis aan die inwoners van die gemeenskap te bied. Nuwe sin en betekenis kan deur die

volgende aanbevelings, wat deur die respondente uitgelig was, gebied word:

- (a) ontwikkeling in die gemeenskap moet gepaard gaan met werkskepping;
- (b) gereelde konsultasie tussen gemeenskap en owerhede wat deur middel van beleid in die gemeenskap kan genereer;
- (c) samewerking tussen die gemeenskapslede, onderling, word as prioriteit beskou omdat dit deel uitmaak van die H.O.P.-beginsels;
- (d) die inwerkingstelling van gemeenskapsorganisasies wat daarop ingestel is om die opgradering van die dienste te bevorder;
- (e) die aanstelling van 'n bemiddelaar om eers die verdeeldheid in die gemeenskap aan te spreek; en
- (f) die daarstelling van meganismes deur die Munisipale Oorgangsraad om huishoudelike afval te verwyder en funksies met betrekking tot riolering te hanteer.

Geregtigheid in terme van die gemeenskap en gemeenskapswerk word in hierdie skripsie verstaan as die bemagtiging van individue om hul gemeenskappe sosiaal en polities te ontwikkel. Ontwikkeling wat plaasvind met inagneming van die tradisionele agtergrond van die inwoners van die bepaalde

gebied. Met inagneming van die tradisionele agtergrond van die samelewing moet die navorser omstandighede skep of daarstel wat die basis vir sistematiese koördinasie van ekonomiese, sosiologiese, geografiese, tegniese, mediese, opvoedkundige en ander ontwikkelingsfaktore daarstel. Daarom moet die gemeenskap se bestaan nie as staties ervaar word nie maar eerder as 'n dinamiese entiteit beskou word (Weitz, 1986:21). Om die doelstellings van beplande ontwikkelingsaksies te volvoer, is deurlopende navorsing, deelnemende navorsing, nodig om die gemeenskap 'saam te neem' tot die vlak van besluitneming en implimentering van programme wat sal lei tot die ontwikkeling van die totale gemeenskap. Hiermee word ook die politieke ingesteldheid van die gemeenskap in ag geneem. Hierdie denke tot ontwikkeling staan sentraal tot die beginsels van die Heropbou en Ontwikkelingsprogram en die onderliggende doelstellings soos weergee op die "World Summit for Social Development" wat in Copenhagen vanaf 6 - 12 Maart 1995 gehou was. Hierdie onderliggende strategië tot ontwikkeling word later in die hoofstuk behandel. Saam met ander beroepe was die beroep Maatskaplike Werk ook gedurende die jare van apartheid uitgesonder om deur middel van gemeenskapswerk mense te bemagtig. Aangesien talle Maatskaplike Werkers se fokus tot ontwikkeling met die beleid van hul onderskeie organisasies verband gehou het, het dit frustrasies tussen verskeie geledere van die beroep tot gevolg gehad. Eric Atmore word weer in hierdie verband as volg

aangehaal:

Within the community work curriculum, emphasis is placed on the social problems evident in communities. Little or no time is spend examining the economic and political problems which exist, yet these are the levels at which the majority of the people percieve the problem to be...The result is that most graduates set to solve the social problems in the areas they work, forgetting the economic and political injustices confronting them (Atmore, 1981:98).

Soos dinge nou staan wil dit voorkom of 'n ander era begin het wat ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse konteks betref, naamlik: 'heropbou en ontwikkeling'. Iets soortgelyk aan "war on poverty", maar uit 'n ander hoek waargeneem. Die "war on poverty" het alreeds voor die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika plaasgevind, maar is later in die Witskrif op die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (1994) vervat. Met die ondertekening van die "Copenhagen Declaration on Social Development" was daar meer stukrag verleen om die H.O.P. program tot sukses te dryf.

Soos reeds telkemale aangehaal beteken armoede gebrek aan toeganklikheid, gebrek aan mag, gebrek aan inkomste en bronne om keuse te maak en geleenthede aan te gryp. Mensgerigte

strategieë is gevolglik nodig om die arm persoon by die verligting van sy lewensomstandighede betrokke te kry. Daarom is die "Copenhagen Declaration on Social Development" wat ook deur Suid-Afrika aanvaar is, insiggewend. Deur hierdie verklaring het die regering wat 'n politieke, ekonomiese, etiese en spirituele visie vir maatskaplike ontwikkeling het, onderneem om die menswaardigheid, menseregte, gelykheid, respek, vrede, demokrasie, wedersydse respek, samewerking en respek vir verskillende godsdienste, etiese waardes en kulturele agtergronde van sy inwoners te eerbiedig. Die verklarings word as volg uiteengesit:

- (1) Om 'n ekonomiese, politieke, sosiale, kulturele en wetlike omgewing te skep wat mense instaat stel om te ontwikkel.
- (2) Om armoede deur middel van deurtastende nasionale aksies en internasionale samewerking as 'n etiese, sosiale, politieke en ekonomiese noodsaaklikheid van die mens in die wêreld uit te roei.
- (3) Om die doelwit van volle werkskepping as 'n basiese prioriteit van die ekonomie en sosiale beleid te bevorder, en om beide man en vrou instaat te stel om veilige en bestendige leefwyse deur kwaliteit opvoeding werk, volgens fisieke en geestelike standaarde, vryelik te bekom.



- (4) Om sosiale integrasie te bevorder deur samelewings wat stabiel, veilig en regverdig is te kweek. Samelewings wat op die bevordering en beskerming van menseregte, sowel as 'n nie-diskriminasie, verdraagsaamheid, respek vir verskeidenheid, gelykheid van geleenthede, versekerde solidariteit en deelname van alle persone berus.
- (5) Om volkome respek vir menswaardigheid te bevorder. Om ook gelykheid tussen man en vrou te skep en die rol van die vrou in politieke, burgerlike, ekonomiese, sosiale en kulturele lewe en in ontwikkeling te bevorder.
- (6) Om die doelwitte van universele en bilike toegang tot kwaliteit opvoeding, geestesgesondheid en toegang tot alle primêre gesondheidsorg te bevorder en te bereik.
- (7) Om die ekonomiese, sosiale en menslike bron ontwikkeling van Afrika en die minder ontwikkelde lande te versnel.
- (8) Om te verseker dat wanneer daar oor Strukturele regstellingsprogramme ooreengekom word sosiale ontwikkelingsdoelwitte, veral die uitroeiing van armoede, bevordering van volwaardige en produktiewe werkskepping en die bevordering van sosiale integrasie daarby ingesluit moet wees.
- (9) Om die bronne wat vir sosiale ontwikkeling toegewys is meer effektief gebruik word om die doelwitte te bereik.

- (10) Die verbindtenis tot 'n verbeterde raamwerk vir internasionale, streek en sub-streek vir sosiale ontwikkeling in die gees van vennootskap deur die Verenigde State en ander multilaterale instellings.

Om vermelde verklarings te volvoer, was 'n plan van aksie met beleidsraamwerke, voorstellings van aksies en maatstawwe neergelê. Die aksies was vervolgens in vyf hoofstrategieë gekategoriseer wat die volgende doelstellings het, naamlik:

- (1) Om 'n nasionale en internasionale omgewing wat gunstig vir sosiale ontwikkeling is.
- (2) Om armoede te vernietig.
- (3) Om produktiewe werkseleenthede te verhoog en werkloosheid te verminder.
- (4) Om sosiale integrasie te bevorder.
- (5) Om 'n implimenteringsplan voor te lê en opvolg programme daar te stel.

Die belangrikheid vir sukses van die Programme van Aksies lê in die geïntegreerde benadering wat by voorgemelde strategieë gevolg word. Hierdie beginsels van die Copenhagen Deklerasie tot Maatskaplike Ontwikkeling en die H.O.P. beginsels sluit aan by die siening van Capra dat die sienswyses van die mens noodgedwonge by die sosiale veranderings moet aanpas. Hy sê

vervolgens dat:

In their struggle to grasp their new reality, scientists became painfully aware that their basic concepts, their language and their whole way of thinking were inadequate to describe atomic phenomena. Their problems were not merely intellectual but amounted to an intense emotional and one could say, even existential crisis, but in the end they were rewarded with deep insights into the nature of matter and its relation to the human mind,... (Capra, 1983/87:xvii).

Voorgemelde aanhaling sluit aan by die scenario dat binne die Suid-Afrikaanse konteks daar na die eerste demokratiese verkiesing ook 'n ander era aangebreek het. 'n Era waarin nuwe denke en beleidsrigtings voorkom en mensgerigte benaderings algemeen gehandhaaf word.

Daarom word daar in die H.O.P.-beleidsdokument duidelik vermeld dat die program alleenlik sal vrugte afwerp, indien 'gemeenskapsbetrokkenheid' (gemeenskapsbetrokkenheid in die vorm van H.O.P.-forums) voorkom, en dat die gemeenskap verder die dienste in stand hou. Daardie skepping van 'n vennootskap tussen die Wes-Kaapse H.O.P.-kantoor, plaaslike owerhede, en H.O.P.-forums by uitstek, word 'n beleid daargestel wat vir die inwoners van 'n bepaalde streek van toepassing is. Daar word hiermee verstaan dat riglyne of 'n beleid deur die Wes-

Kaapse kantoor van die H.O.P., sowel as die plaaslike owerheid, oftewel die gemeenskap, ontwikkel word om toe te sien dat die fondse vir die doel waarvoor dit begroot was, aangewend word. Die vraag wat onwillekeurig gevra word, is: is daar 'n globale beleid met betrekking tot die funksionering van die H.O.P., of is dit verskans in die beleid of missie van die plaaslike owerhede.

Na afloop van die ondersoek ontstaan die vrae: Waar het die navorser gearriveer? Kan bepaalde oplossings voorgestel word om die gemeenskap onder bespreking se lewenslot te verbeter? Die antwoorde hierop lê by 'beleid' en 'beplanning'. 'n Teenvraag hierop is: is regeringsbeleid werklik nodig om mense te mobiliseer en ontwikkeling te bewerkstellig? Ontmoedig dit nie gemeenskapsbetrokkenheid nie omdat die mense die gevoel kan ervaar dat hulle onnodig deur die owerhede 'beheer' word? Met die aanvaarding van die H.O.P. dokument en die beginsels van die Copenhagen Deklerasie tot Maatskaplike Ontwikkeling het die Regering 'n beleid aanvaar wat die breë spektrum van die samelewing raak. Ter staving hiervan, word dit in die H.O.P. Witskrif vermeld dat: "The RDP Paper establishes a policy-making methodology and outlines government implementation strategies within the framework provided by the Base Document. This allows for a coherent and considered process to unfold and - through the proposed reporting and monitoring system - provides for a meaningful evaluation of government performance, as well as of the performance of all of

those agencies and organisations from civil society involved in RDP activities." (GNU, 1994:2). Die H.O.P. beginsels is dus veronderstel om die samelewing op alle vlakke te beïnvloed en die mens se gedrag en houdings in so 'n mate te rig om medemenslik op te tree.

Oplossings vir die probleme wat in die gebied voorkom, is nie so maklik soos dit wil voorkom nie. Veral die feit dat oplossings binne die 'kultuur' wat in die gemeenskap aanwesig is, moet geskied. Die inwoners moet met die verbetering van die infrastruktuur nog hul tradisionele waardes kan behou en uitleef. Hulle moet met die ekologies sensitiewe gebied kan saamleef en dit beskerm. Ontwikkeling, oftewel opheffing, moet gevolglik met die H.O.P.-beginsels saamgaan. Watervoorsiening is 'n noodsaaklikheid omdat dit 'n jarelange probleem is, ten spyte van die feit dat water volop in die gebied voorkom.

Met inagneming van die dringendheid vir ontwikkeling in die Groter Chatsworth word die volgende voorstelle gemaak, naamlik:

Eerstens, word die opgradering van die toegangsroete vanaf die N7 nasionale pad na die gebied onder bespreking bepleit. Dit sal koste-effektief wees en gerief aan die inwoners verleen.

Tweedens, moet by die vestiging van die infrastruktuur vir die Riverlands-uitbreiding duidelik onderskeid getref word tussen

erwe vir woondoeleindes en kleinhoewes waar landbou beoefen kan word. 'n Struktuur vir die uitbouing en regulering van landbou moet derhalwe tot stand gebring word.

Derdens, sal daar ondersoek ingestel moet word na die inwoners se woonomstandighede in die ekologies sensitiewe gebied. Die geskiedkundige vestigingsprogram van die inwoners in die gebied, bring mee dat daar gevolglik vasgestel moet word in hoe 'n mate die gemeenskap met die bestaande ekologie kan saamleef. Navorsing word aanbeveel om effektiewe stadsbeplanning te verseker.

Vierdens, moet die vestiging van die dorp nie net die geriewe soos 'n veeldoelige sentrum, sportgeriewe, 'n kliniek, skole, ens. daarstel nie. Vestiging moet planmatig saam met die gemeenskap geskied sodat die karakter van die gebied behoue kan bly. Die tradisionele ingesteldheid van die inwoners moet gevolglik as basis dien by dorpsontwikkeling.

Vyfdens, sal opheffing verseker dat die gebied in 'n toeriste-aantrekkingskrag gedy met inagneming van die ongerepte natuurskoon.

Sesdens, indien werkskepping op die vlak van entrepreneurskap lê sal klein besighede vervolgens tot stand gebring kan word. As vertrekpunt kan landbou uitgebou word om inkomste te genereer.

Hierdie eenvoudige benadering (navorsers noem dit ekologies-

(245)

kulturele benadering) vir die skepping van welvaart, saam met die bydrae van die H.O.P. en gemeenskapsbetrokkenheid kan 'n modeldorp daarstel waarmee die gemeenskap hul kan vereenselwig.



BIBLIOGRAFIE

- \*\*\*\* A.N.C. The Reconstruction and Development Programme.  
Johannesburg: Umanyano Publications, 1994.
- \*\*\*\* Attmore, Eric. Social Work and Politics in South Africa.  
Maatskaplike Werk. Jaargang 17, Nr. 2, Junie 1981.
- \*\*\*\* Biddle, W.W. & Biddle, L.J. The Community Development  
Process. London: Holt, Rinehart and Winston, 1966.
- \*\*\*\* Boyle, Lord & Wedell, George & Younghusband, Eileen.  
Current Issues in Community Work. A study by the  
community work group. London: Routledgr & Kegan Paul Ltd,  
1973.
- \*\*\*\* Brandt, Willy. World Armament and World Hunger: A call  
for Action. London: Victor Yollanc, Ltd, 1986.
- \*\*\*\* Capra, Fritjof. The Turning Point: Science, Society and  
the Rising Culture. London: Flamingo/Fontana, 1983/87.
- \*\*\*\* Casley ,Dennis J. and Kumar, Krishna. The Collection,  
Analysis and use of Monitoring and Evaluating Data.  
Published for The World Bank. Baltimore: The Johns  
Hopkins University Press, 1988.
- \*\*\*\* Centore, F. F. Persons, A Comparative Account of the Six  
Possible Theories. Connecticut: Greenwood Press, Inc.,  
1979.



- \*\*\*\* Clark, Chris L with Asquith, Stewart. Social Work and Social Philosophy: A Guide for Practice. London: Routledge & Kegan Paul, 1985.
- \*\*\*\* Coates, Ken and Silburn, Richard. Poverty: The Forgotten Englishmen. England: Penquin Books Ltd, 1970.
- \*\*\*\* Cohen, Louis and Manion, Lawrence. Research Methods in Education. London: Croom Helm Publishers, 1982.
- \*\*\*\* Colliers Encyclopedia. Nr.7.
- \*\*\*\* Comte, Auguste. The Positive Philosophy. New York: AMS PRESS, INC., 1974.
- \*\*\*\* Craig, Gary & Derricourt, Nick & Loney, Martin. Community Work and the State. London: Routledge & Kegan Paul Ltd, 1982.
- \*\*\*\* Departement van Gesondheid en Welsyn. Definiërende Woordeboek vir Maatskaplike Werk. Staatsdrukker: Pretoria, 1984.
- \*\*\*\* Department of Welfare and Population Development. White Paper for Social Welfare: Towards a new Social Welfare Policy and Strategy for South Africa. Government Printers: Pretoria, 1994.
- \*\*\*\* Die Burger. Hop sluimer, maar skop nou en dan. Kaapstad: Parlementêre redaksie, Saterdag 10 Mei 1997.

- \*\*\*\* Die Burger. Sake van die dag: Vir die Demokrasie is Kapitalisme 'n vereiste. Kaapstad: Vrydag 12 Maart 1993.
- \*\*\*\* Die Bybel. 1933 Uitgawe.
- \*\*\*\* Dunham, Arthur. The New Community Organization. New York: Thomas Y. Crowell Company, Inc. 1970.
- \*\*\*\* Fairchild, Henry Pratt. Dictionary of Sociology. New Jersey: Littlefield, Adams and Co. Totowa. 1965.
- \*\*\*\* Ferrinho, Homero. Towards a Theory of Community Development. Cape Town: Juta & Company Limited, 1980.
- \*\*\*\* Freidrich and Chapman. Justice Nomos VI. New York: Lieber-Atherton, 1974.
- \*\*\*\* Freire, Paulo. Pedagogy of the Oppressed. Translated by Myra Bergman Ramos. New York: Penguin Books, 1972.
- \*\*\*\* Freire, Paulo & Macedo, Donalde. Literacy: Reading the word and the world. Massachusetts: Bergin and Garvey Publishers, INC., 1987.
- \*\*\*\* Freire, Paulo & Shor, Ira. A Pedagogy for Liberation: Dialogues on Transforming Education. London: Macmillan Education Ltd, 1987.
- \*\*\*\* Garbers, John G. Doeltreffende Geesteswetenskplike Navorsing. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers, 1996.

- \*\*\*\* Giliomee, Herman and Schlemmer, Lawrence. From Apartheid to Nation-Building: Contemporary South African Debates. Oxford University Press, 1989.
- \*\*\*\* Ginsberg, Morris. On Justice in Society. England: Penguin Books Ltd, 1965.
- \*\*\*\* Government of National Unity (G.N.U.). White Paper on Reconstruction and Development: Government's Strategy for Fundamental Transformation. Government Printers, Pretoria, September 1994.
- \*\*\*\* Gregor, A. James. Contemporary Radical Ideologies: Totalitarian Thought in the Twentieth Century. New York: Random House, Inc. 1965.
- \*\*\*\* Hartman, Nicolai. Ethics: Moral Values. (Translated from German "Ethik" by Coit, Stanton). London: Vol.II George Allen & Unwin Ltd, 1932.
- \*\*\*\* Harrison, Paul. Inside the Third World: The Anatomy of Poverty. Second Edition, Penguin Books, 1981.
- \*\*\*\* Hughes, John. The Philosophy of Social Research: Aspects of Modern Sociology. London: Longman Group Limited, 1980.
- \*\*\*\* Jordan, Bill. Social Work in an Unjust Society. Hertfortshire HP3 4RG: Harvester Wheatsheaf, 66 Wood Lane end, Hemel Hempstead, First published 1990.

- \*\*\*\* Jurmo, Paul. Dialogue is not a Chaste Event. Center for International Education. University of Massachusetts, Copyright 1985.
- \*\*\*\* Kónig, René. The Community. (Translate by Ed Fitzgenal). London: International Library of Sociology and Social Reconstruction, Routledge and Kegan Paul Ltd, 1968.
- \*\*\*\* Kotze, Frans G. Sosio-Kulturele Ontbering by Gesinne in Drie Gemeenskappe: 'n Beskrywende Studie met Spesiale Verwysing na die Maatskaplike Funksionering van die Kind. 1979, Ongepubliseerd.
- \*\*\*\* Kritzinger, Labuschagne: Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Van Schaik: 7de Uitgawe, Pretoria, April 1979.
- \*\*\*\* Lliffe, John. The African Poor: A History. African Studies Series 58. Cambridge University Press, 1987.
- \*\*\*\* Lovett, Tom & Clarke, Chris & Kilmurray, Avila. Adult Education and Community Action: Radical Forum on Adult Education. Edited by Jo Campling, British Library Cataloguing in Publication Data, 1983.
- \*\*\*\* Lyons, David. Ethics and the Rule of Law. Cambridge University Press, 1984.
- \*\*\*\* Marais, Christival Ebenezer. Grondliggende Aannames in Maatskaplikewerk-Praktyk met betrekking tot

Gemeenskapswerk op die Kaapse Vlakte. Desember 1991,  
(Ongepubliseerd).

- \*\*\*\* Milson, Fred. An Introduction to Community Work. London:  
Routledge and Kegan Paul. 1974.
- \*\*\*\* Moustakas, Clark. Heuristic Research: Design,  
Methodology, and Applications. Sage Publications, Inc.,  
1990.
- \*\*\*\* Oldroyd, David. The Arch of Knowledge: An Introductory  
study of the History of the Philosophy and Methodology of  
science. New York: Methuen, 1986.
- \*\*\*\* Oxford English Dictionary. Great Britain: Oxford  
University Press, Volume III, 1961.
- \*\*\*\* Perlman, Robert & Curin, Arnold. Community Organization  
and Social Planning. New York: John Wiley & Sons, Inc.,  
1972.
- \*\*\*\* Petrovic, Gajo. 'Marx's Concept of Man': Modern  
Interpretations of Marx. Bottomore: Oxford, Basil  
Blackwell, 1981.
- \*\*\*\* Pick, S.G. Maatskaplikewerk-Dienste van die NG  
Sendingkerk in Suid-Afrika. April 1988, (Ongepubliseerd).
- \*\*\*\* Plato. The Republic. Translated with an Introduction by  
H.D.P. Lee. U.S.A. Penguin Books, 1954.

- \*\*\*\* Popper, K.R. *The Poverty of Historicism*. London: Routledge, 1957.
- \*\*\*\* Reason, Peter and Rowan, John. *Human Inquiry: A Sourcebook of New Paradigm Research*. Chichester: John Wiley and Sons, Ltd, 1989.
- \*\*\*\* Reason, Peter. *Human Inquiry in Action: Developments in New Paradigm Research*. London: Sage, 1988.
- \*\*\*\* Redelinghuis, A.C. Eenddekuil-Profiel. Instituut vir Sosiale Ontwikkeling - Universiteit van Wes-Kaapland, April 1986.
- \*\*\*\* Rees, Stuart. *Achieving Power: Practice and Policy in Social Welfare*. National library of Australia: Allen & Unwin Pty. Ltd., 1991.
- \*\*\*\* Reiman, Jeffrey. *Justice and Modern Moral Philosophy*. By Yale University, Copyright, 1990.
- \*\*\*\* Republic of South Africa. *The Constitution*. Government Printers: Pretoria, 1996.
- \*\*\*\* Riverlands Bestuursraad van die N.G. Sendingkerk van Malmesbury. Die Voorlegging van die Riverlands-Gemeenskap se probleme aan sy edele Minister D. Curry en ander belanghebbendes nl. S.A. Vervoerdienste , Staatkundige Ontwikkeling, Afdelingsraad Swartland en Nasionale Gesondheid (B.O.P). (B.O.P.). Woensdag 17 Desember 1986,

te Riverlands.

- \*\*\*\* Schumacher, E.F. Good Work. London: Jonathan Cape, 1979.
- \*\*\*\* Sharma, Satish & Ormsby, Helen. The Concept of Social Development in Gandhian Philosophy: Some Preliminary Observations. Social Development Issues, Volume 6, Number 1, Spring 1982.
- \*\*\*\* Singh. R.R. Social Work Perspectives on Poverty. New Delhi: Concept Publishing Company, 1980.
- \*\*\*\* Small, Adam. Getuienis Gelewer in Hooggergshofsaak. (1976) Case.
- \*\*\*\* Small, Adam. Rapport (Sondag Uitgawe) 10 Julie 1994.
- \*\*\*\* Small, Adam. Thoughts of a Social Work Teacher interested in the "Intellectual Content" of Research. Die Maatskaplikewerk-Navorsing-Praktisyn. Jaargang 1, Uitgawe 2. September 1988.
- \*\*\*\* Teekens, Rudolf. Theory and Policy Design for Basic Needs Planning: A Case Study of Ecuador. Institute of Social Studies and the Netherlands Minister for Development Cooperation, 1988.
- \*\*\*\* Terreblance, Sampie. Gemeenskapsarmoede: Perspektief op chroniese armoede in die Kleurlinggemeenskap na aanleiding van die Erica Theron-verslag. Tafelberg-

Uitgewers, 1977.

- \*\*\*\* The South African Council of Churches and The Southern African Catholic Bishops' Conference. Relocations: The Churches report on forced removals. Randburg, 1984.
- \*\*\*\* Theron, Erika & Du Toit, J.B. Kortbegrip van die Theron-Verslag. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers, 1977.
- \*\*\*\* Theron, Erica en Swart, Marius J. Die Kleurling van Suid-Afrika: 'n Verslag van 'n Komitee van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-Aangeleenthede (Sabra) insake die Kleurling. Stellebosch: Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars, 1964.
- \*\*\*\* Thurow, Lester C. Poverty and Discrimination: Studies in Social Economics. Washington D.C.: The Brooking Institution, 1969.
- \*\*\*\* Timasheff, Nicholas and Theodoreson, George A. Sociological Theory: Its Nature and Growth. New York: Pennsylvanian Stat University, Fourth Edition, 1976.
- \*\*\*\* Timberlake, Lloyd. Africa in Crisis: The causes, the cures of environmental bankruptcy. London: Published by the International Institute for Environment and Development, Reprint October 1986.
- \*\*\*\* Townsend, Peter. The Concept of Poverty. London: Heinemann Educational Books Ltd, First published, 1970.




- \*\*\*\* Townsend, Peter. Poverty in the United Kingdom: A Survey of household resources and standards of living. London: Penguin Books, 1979.
- \*\*\*\* Vaktaalkomitee vir Maatskplike Werk. Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk. Kaapstad: CTP Book Printers (Pty) Ltd., 1995.
- \*\*\*\* Van der Merwe, Hendrik W. & Groenewald. C.J. Occupation and Social Change Among Coloured People in South Africa: Proceedings of a workshop of the centre for intergroup Studies at the University of Cape Town. Juta and Company, Ltd., 1976.
- \*\*\*\* Van der Ross, R.E. Myths and Attitudes: An inside look at the Coloured People. Cape Town: Tafelberg Publishers LTD, 38 Wale Street, 1979.
- \*\*\*\* Van der Ross, R.E. The Rise and Decline of Apartheid: A Study of political movements among the Coloured People of South-Africa 1980-1985. Cape Town: Tafelberg Publishers Ltd, 28 Wale Street, 8001, 1986.
- \*\*\*\* Van Zyl, John C. Needs-Based Development Strategy and the R.D.P.: Some broad Issues. South Africa: Development Bank of Southern Africa, Publication Unit, P O Box 1234, Halfway House, May 1995.
- \*\*\*\* Venter, ALJ. Coloured. A Profile of Two Million South

Africans. Cape Town: Human & Rousseau Publishers (PTY) LTD, 1974.

- \*\*\*\* Versveld, Martin. Die Moderne Humanisme. In Degenaar, J.J, De Klerk, W.A, en Versveld, Martin. Bewegings Uitwaarts. Kaapstad: John Malherbe, Edms. Bpk. Posbus 1207, 1969.
- \*\*\*\* Warrinton, John. Aristotle's Ethics. London: F.M. Dent & Sons LTD., 1963.
- \*\*\*\* Waxman, Chain I. The Stigma of Poverty: A Critique of Poverty Theories and Policies. New York: Pergamon Press, 1977.
- \*\*\*\* Weitz, Raanan. New Roads to Development: A Twentieth Century Fund Essay. London: Greenwood Press, 1986.
- \*\*\*\* Weskus Steeksdiensteraad. Beplanningsraamwerk vir Groter Chatsworth-Gebied. Distrik Malmesbury/Atlantis. Konsep No. 1: Augustus 1994.
- \*\*\*\* Western Cape. Reconstruction Development Programme in Action. Cape Town: Issue 1, Vol. 1, May 1996.
- \*\*\*\* Whisson Michael G. & Van der Merwe, Hendrik W. Coloured Citizenship in South Africa. Rondebosch: The Abe Bailey Institute of Interracial Studies, University of Cape Town, 1972.

- \*\*\*\* Wilkes, Ruth. Social Work with Undervalued Groups.  
London: Tavistock Publications, 1981.
- \*\*\*\* Wilson, Francis & Ramphela, Mamphela. Uprooting Poverty:  
The South African challenge. Report for the Second  
Carnegie Inquiry into Poverty and Development in Southern  
Africa. Cape Town: Printed by Creda Press, Solan Road,  
South Africa. First Published 1989 in Southern Africa by  
David Philip, Publisher (Pty) Ltd.
- \*\*\*\* Wilson, Thelma & Youngusband, Eileen. Teaching Community  
Work: A European Exploration. New York: International  
Association of Schools of Social Work 345 East Street,  
1976.
- \*\*\*\* World Bank. Poverty and Human Development. Washington  
D.C., 1980.



TABELLE

- \*\*\*\* Batson, E. 1941. The Poverty Datum Line. Social Survey of  
Cape Town, Report No. 55.
- \*\*\*\* Drewnoski, J en Scott, W. se Tabel "Level of Living  
Index" word deur Peter Townsend aangehaal uit The  
Concept of Poverty. 1970.
- \*\*\*\* Tabel: Levels of Poverty: Definitions and Statistics,  
1980-5. Aangehaal deur Wilson, F en Ramphela, M.  
Uprooting Poverty. The South African Challenge. 1989.

BYLAAG A

Table 1.01: Levels of poverty: definitions and statistics, 1980-5

Initials	Value (R/month)		Coverage	Poverty level as % of average white mining earning in 1990
	1980	1985		
PDL	195	345	Food, clothing, fuel/ lighting, washing/ cleansing, rent, transport	19%
MLL*	189	350	As above + tax, medical expenses, education, household equipment replacement	18%
SLL*	240	446	MLL + more for each item + recreation/ entertainment, personal care, pension, Ull, medical, burial contributions. Approx. MLL + 30%	23%
HSL+	195	345	As for PDL	19%
HEL+	293	518	HSL + 50%	28%

-Sources: Potgieter, 1974, 1978 and 1985; Budlender, 1985: 1; Bureau of Market Research (BMR) cited in Saldru Handbook, 1986: 407 and 17: 5.

\* These figures are for an average-sized African household of 5.45 persons and are the weighted average (in August) for 25 urban areas covered by the BMR. Particular figures will vary according to size of household, colour-caste, and area.

+ Average costs for African household of 6 persons in the 5 major urban areas.

Note: In the rural areas cash required for subsistence is not much less despite lower costs for such items as housing and transport, and despite some food production by the household. For example in Trankei, 1983/4, when the urban HSL (for a family of 5) was R296, that for a household (of 6 persons) in the rural areas was R246 (44: 4).

BYLAAG B

MEASURES AND EXPLANATIONS OF POVERTY  
TABLE 2  
Level of Living Index (Drewnowski and Scott)

Components	Types of Indicators	
I Basic physical needs	1. Nutrition	(intake of calories and protein per head)
	2. Shelter	(degree of overcrowding; structural facilities)
	3. Health	(proportion of deaths at young ages; proportion of population with access to adequate medical care)
II Basic cultural needs	4. Education	(proportion of children enrolled at school: pupil teacher ratio)
	5. Leisure and Recreation	(number of hours free from work per head per year; daily newspapers per 1,000 population; radio and TV sets per 1,000 population)
	6. Security	(violent deaths per million population per year; proportion of population covered by unemployment and sickness insurance and old age pensions)
III Higher needs	7. Surplus income	(income in excess of cost of meeting basic needs)

Source: Drewnowski, J., Scott, W., The Level of Living Index, United Nations Research Institute for Social Development, Report No. 4, Geneva, September 1966, pp. 44-45.

BYLAAG C

Die karakter van vraelys wat gebruik was om die ondersoek te voltooi, kan as 'n "oop vraelys" beskou word. Hiermee was gepoog om die respondente se eerlike opinies te boekstaaf. Hieronder volg 'n voorbeeld van die vraelys wat gebruik was. Daarna word die uitslag van die ondersoek weergee.

VRAELYS

UNIVERSITEIT van WESKAAPLAND: DEPARTEMENT van MAATSKAPLIKE WERK

TITEL VAN STUDIE

'n MAATSKAPLIKEWERK-PROFIEL VAN PERSOONSONTBERING IN DIE SWARTLAND.



KANDIDAAT: HUIS:

Mnr. J.H. BLANKENBERG  
DU PLESSISSTRAAT 30  
PINEVIEW  
GRABOUW  
7160

WERK:

PROVINSIALE  
ADMINISTRASIE  
PRIVAATSAK X  
PAARL  
7620

TEL.NR. 021-8594778

021-8711682

PROMOTOR: PROFESSOR ADAM SMALL

DEPARTEMENT van MAATSKAPLIKEWERK  
U.W.K.



vroulik

(2) Ouderdom \_\_\_\_\_

(3) Huwelikstatus \_\_\_\_\_

(4) Taal \_\_\_\_\_

(5) Adres \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

(6) Godsdienstverband (Indien enige)  
\_\_\_\_\_

(7) Tydperk van verblyf in die gebied \_\_\_\_\_

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

AFDELING TWEE: Rigtinggewende vrae

(Hierdie vrae word inderdaad as slegs rigtinggewend aangewend in die sin dat die gesprek in elkeen van die verskillende gevalle nie geïnhibeer moet word nie, maar 'n vrye loop neem. Kyk asseblief die aanhaling [Metodologiese opset] hierbo.)

(1) Wat is u eerlike gevoelens met betrekking tot die effek wat apartheid op u lewenswyse en menslikheid gehad het? Is daar in hierdie stadium alreeds verandering te bespeur in



(4)


u situasie, in hierdie tydperk van oorgang na apartheid?  
Hoe, meen u, is alles vir u op apartheid te blameer?

- (2) Die afwesigheid van noodsaaklike dienste soos lopende water, vullisverwydering en riolering is 'n werklikheid in u gebied. Wat is die effek wat dit op u lewensbestaan gehad het, en hoe kan dié situasie die hoof gebied word?
- (3) Die standaard en beskikbaarheid van gesondheidsdienste is kommerwekkend en onvoldoende. Watter indruk laat dit op u, en hoe kan u gemeenskap inspraak hê om die effektiwiteit daarvan te verhoog?
- (4) Die beskikbaarheid en gehalte van onderwys, vervoer en ontspanningsgeriewe word as 'n fondament van die gemeenskapslewe beskou. Wat is u gevoel en mening oor dié bepaalde dienste in u gemeenskap, en hoe affekteer dit die ontwikkeling van die mense in die gebied se potensiaal? Wat is u mening: hoe kan die standaard van dié dienste uitgebou word tot voordeel van die gemeenskap?
- (5) Hou staan sake met die standaard van huisvesting in u geval? Wat is u gevoel met betrekking tot die onbesikbaarheid van gestandaardiseerde behuising?


(5)

- (6) Die beperkte finansiële bronne in u gebied is 'n werklikheid. Wat is die effek wat dit op persone het, veral wat hul menswaardigheid betref, en in hoe 'n mate kan die gemeenskap help om die' kwessie aan te spreek?
- (7) U gemeenskap het nie spontaan ontwikkel nie, maar op 'n "informele behuisings"-manier. Wat is u gevoel rondom die afstand vanaf die sentrale omgewingskern waar die meeste werksgeleenthede is, en u uitgawe met betrekking tot vervoer?
- (8) In hoe 'n mate kan die totale gemeenskap help om maatskaplike opheffing te laat geskied en maatskaplike geregtigheid te bevorder?
- (9) Hoe voel u oor die H.O.P. en wat verstaan u daarvan? Dra u kennis daarvan en het dit by u uitgekom?
-

IN GEDERLIE VAN CEDEELTE 2  
VAN DIE PLAAS NO 753 KILKENBOURY  
RIVERLANDS RIJOL UITVALWERKE



FIGUUR 1



Opgestel deur:  
 C.K.RUMBOLL & VENNOTE  
 Pr. LANDMETERS  
 RAINIER STRAAT 16  
 MALMESBURY

FIGUUR II

**RIVERLANDS  
(GREATER CHATSWORTH)  
PLAASLIKE GEBIED**


SKAAL 1/25000

754  
BURGERS POST

754  
BURGERS POST

754/1

LIGGINGSPLAN Skaal 1/250000



UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

755/3  
MICHEL HEYNS KRAAL

758/3  
GOEDE HOOP

757 ha  
36  
721 ha

GREATER

Spoorpad  
Moor S.A.P.  
rivier

FIGUUR III